# DIE GESKIEDENIS VAN RUSTENBURG 1851-1918

deur Zacharias Lodewickus Pretorius, B.A.Honns.

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad M.A.(Geskiedenis) in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Potchefstroom
Desember 1967

Promotor: Prof. J.S. du Plessis

RUSTENBURGSE DORPSWAPEN




Die inmekaargeslane hande in die linker bohoek simboliseer eenheid. Die politieke eenwording van Transvaal het in Rustenburg geskied. Die Afrikanerbees in die regter bohoek dui op die beesboerderye in die distrik, terwyl die tabakplant en die lemoene in die onderste segmente onderskeidelik aandui dat die dorp en distrik vir dié produkte bekend is.

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1
DIE GESKIEDENIS VOOR 1852

a. Die Rustenburgse omgewing voor 1852 1

b. Vestiging van blankes 2

c. Die stigting van die dorp 5

d. Naam van die dorp 12

Hoofstuk 2
DIE TYDPERK VAN VESTIGING, 1851-1860

a. Boubedrywighede 17

b. Onderwys 18

c. Geneesheer 22

d. Drukpers 23

e. Staatkundige rol in Transvaal 24

f. Kerklike afskeiding 28

Hoofstuk 3
ALGEMENE ONTWIKKELING, 1860-1877

a. Nywerhede 34

b. Landboubedrywighede 37

c. Regering en burgerlike sake 40

d. Onderwys 46

e. Kerklike uitbreiding 51

f. Posdiens 55

g. Goudkoors 56

Hoofstuk 4
RUSTENBURG GEDURENDE DIE BRITSE ANNEKSASIE, 1877-1881

a. Teenstand teen president Burgers en die pro-Britse houding in Rustenburg 58

b. Beleg van Rustenburg 61

c. Burgerlike sake 64

d. Onderwys 66

Hoofstuk 5
DIE TYDPERK TUSSEN DIE VRYHEIDSOORLOË 1881-1899

a. Burgerlike en landsake 68

b. Onderwys 73

c. Posdiens 78

d. Uitbreidings en ontwikkeling 81

e. Kerkstryd 89

f. Spoorweg 92

g. Eensgesindheid en toekomsplanne 93

Hoofstuk 6
RUSTENBURG GEDURENDE DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG 1899-1902

a. Die Rustenburgse Kommando, Oktober 1899 - Mei 1900 95

b. Britse besetting van Rustenburg en die optrede van die Rustenburgse Kommando tot Julie 1900 101

c. Rustenburg en die Rustenburgse Kommando, Julie 1900 - Mei 1902 104

d. Offers van die Rustenburgers en die bestuur van die dorp 1899-1902 111

Hoofstuk 7
HEROPBOU 1902-1910

a. Verandering in die bestuursvorm en bestuursaangeleenthede 116

b. Ontwikkeling en uitbreiding 127

c. Burgerlike lewe 131

d. Onderwys 137

e. Spoorweg 141

f. Hospitaal 143

g. Boerebedrywighede: stigting van koöperasies 145

Hoofstuk 8
ONTWIKKELING EN UITBREIDING NA 1910-1918

a. Stadsaal 153

b. Uitbreidings en verbeterings 156

c. Hoër status 160

Hoofstuk 9
SAMEVATTING 165

BIBLIOGRAFIE 169

# VOORWOORD

Om die geskiedenis van Rustenburg na te vors en te beskryf, veral die vroegste deel daarvan, lewer baie probleme op. Die belang= rikste daarvan is dat die meeste van die oudste bronne, waaruit die geskiedenis saamgestel sou kon word, ongelukkig vernietig is toe die landdrosgebou met sy hele dokumente-inhoud afgebrand het. Vir die geskiedenis van Rustenburg in die eerste plek, maar ook vir Trans= vaal en Suid-Afrika in die algemeen is dit 'n werklike onherstelbare verlies,[1] want waar geen dokumente bestaan nie, kan geen geskie= denis geskrywe word nie: „no documents, no history".[2] Die verlies van hierdie gegewens oor een van die oudste dorpe en blanke-neder= settings in Transvaal is des te gevoeliger as in aanmerking geneem word watter groot rol Rustenburg in die vroeë geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek gespeel het.

Pogings om die grondtransaksies, die koop en verkoop van er= we en plase, in Rustenburg en distrik op te spoor lewer ook 'n teleur= stellende resultaat. Hoewel alle grondtransaksies deur die regering van die staat beheer en in die Staatscourant[3] aangekondig is, het daar in die vroeë jare van die Republiek geen aktekantoor bestaan, waar grondverkope en -aankope behoorlik geregistreer kon word nie. Trou= ens, die eerste „Verslag van den Registrateur van akten" het eers in

1) Kyk Krüger, D.W.: Inleiding tot die geskiedenis van Transvaalse dorpe (manuskrip in die Staatsargief, Pretoria, 1932), p.3 en Pelzer, A.N. en Prinsloo, N.: Die Rustenburgse Eeufeesge= denkboek, 1851-1951 (uitgegee deur die Stadsraad van Rusten= burg, 1951), p.1.

2) Langlois, C.V. en Seignobos, Chr.: Introduction to the study of history (London, Lower Brydone, 1932), p.17.

3) Die Staatscourant is vanaf 1857 in die Z.A.R. uitgegee.

1892 verskyn en daarin word grondtransaksies tot 1886 teruggevoer.[4] Rustenburg se grondverkope is egter nog nie in hierdie aktekantoor geregistreer nie. Tydens 'n ondersoek in die Aktekantoor te Pretoria, is die onstellende ontdekking gedoen dat die eerste aktes vir Rusten= burg eers in 1908 geregistreer is.[5]

Dit was egter nie net dokumente in die oudste regeringskanto= re, wat op die een of die ander wyse in die slag gebly het nie. Ook die lemoenpakhuis van een van die oudste koöperasies in Rustenburg[6] het afgebrand en daarmee ook byna alle dokumente wat daarin was. Slegs die tweede brieweboek wat in die huis van die destydse sekre= taris, mnr. P.R. de Villiers, gebêre was, het behoue gebly.[7]

'n Ander ernstige probleem wat met die opstel van die geskie= denis van Rustenburg ondervind word, is dat daar in die Transvaalse koerante van die laaste helfte van die 19e eeu so min berigte en nuus oor Rustenburg verskyn het. Dit is veral opmerklik dat as De Volks= stem van die tyd nagegaan word, kleiner en minder belangrike plekke soos Middelburg, Lichtenburg, Zeerust en selfs MarthinusWessel= stroom baie koerantnuus opgelewer het, terwyl die naam Rustenburg bykans nie vermeld word nie. Wat die rede daarvoor mag wees is nie bekend nie. Blykbaar het daar min opspraakwekkende en nuuswaar= dige dinge gebeur want 'n beriggewer uit die tagtigerjare skryf bv. „Ik geloof bepaald dat de aanleggers van dit dorp toen zy het den naam Rustenburg gaf, in de toekomst hebben kunnen zien, want geen gepas= ter naam zou men kunnen dan dezer. Ja het is hier werkelyk stil en

4) Schutte, P.J.: 'n Besondere gesamentlike katalogus van Groen= boeke van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1966), p.I.

5) Naamlik Akte nr.147-153, Akte 897/1908, Rustenburg, Boek I, p.I

6) De Volksstem, 4 Desember 1908: Berig van korrespondent.

7) Meegedeel deur mej. M. Louw, sekretaresse van die Lemoenpakhuis.

rustig.[8)]

Weliswaar het daar in die jare tydens die Britse besetting van Transvaal vanaf 1877 tot na die Eerste Vryheidsoorlog taamlik gereeld beriggies in die gemelde koerant verskyn, maar daarna neem dit aan= merklik af. Blykbaar het alles op die dorpie so stil en rustig toegegaan dat 'n naweekse besoek van 'n Zeerustse krieketspan vir Rustenburg 'n groot en opwindende gebeurtenis was. In 'n koerantberig daaroor word nie net die volledige telkaart van die twee spanne gegee nie, maar ook 'n omslagtige beskrywing van hoe die besoekers onthaal is, wie al= mal heildronke ingestel en wat elkeen gesê het, en dan vind die kor= respondent daarby nog genoeg rede om op te merk: „Our town of rest and quiet was enlivened considerably".[9)]

Selfs die opgewondenheid en bedrywigheid wat met die ontdek= king van goud gepaard gegaan het, kon die stillegang in Rustenburg nie versteur nie. Soms het daar selfs tot soveel as drie maande verby= gegaan waarin die landdros geen saak gehad het om te verhoor of iets noemenswaardig gebeur het nie.[10)]

Hierdie toedrag van sake het meegebring dat gegewens i.v.m. die vroeë geskiedenis van Rustenburg maar taamlik skraal is, en dit verklaar miskien waarom tot dusver nog nie 'n wetenskaplike werk oor die geskiedenis van Rustenburg geskryf is nie. Die enigste werk wat nog oor die geskiedenis van die dorp saamgestel is, is Die Rustenburg= se Eeufeesgedenkboek, wat in 1951 onder redaksie van prof. dr. A.N. Pelzer en die stadsklerk, mnr. N. Prinsloo, deur die Rustenburgse Stadsraad uitgegee is. Dan is daar 'n hele paar werke oor die Kerk= geskiedenis, waarin ook op beperkte wyse oor Rustenburg gehandel

8) De Volksstem, 22 September 1887. Berig van 'n korrespondent.

9) Ibid., 23 Mei 1884.

10) Ibid., 22 September 1887.

word. Hieronder val ds. F.G.M. du Toit se Eeufeesuitgawe van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente, Rustenburg; S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Gemeente van Rustenburg, asook sy Geskiedenis van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika; dr. G.D. Scholtz se Die Geskiedenis van die Ned. Her= vormde of Geref. Kerk van Suid-Afrika (2 dele); dr. B.R. Kruger: Die stigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika; prof. dr. J.P. Jooste: Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in S.A. en die Gedenkuitgawe van die Gereformeerde Kerk in S.A.

Skrywer hiervan het egter gevoel dat hierdie gebrek aan gege= wens nie 'n genoegsame rede is om die geskiedenis van hierdie belang= rike historiese dorp ongeskryf te laat nie. Daarom het ek die onder= werp aangepak en wat nou voltooi is, is gedoen op grond van die ver= spreidliggende gegewens wat nog bekom kon word in Volksraadsnotu= les, die Staatscourant, ander amptelike stukke, koerante en sekon= dêre werke. Hiermee is die ontwikkeling tussen 1851 en 1918 beskryf maar skrywer wil nie voorgee dat alles volledig afgehandel is nie, dis eerder net 'n historiese oorsig.

Die geskiedenis van Rustenburg is net geskryf van die ontstaan van die aanleg in 1851 af tot 1918 omdat dit 'n mooi geheel uitmaak, nl. die ontwikkeling van kerkplaas tot selfstandige munisipaliteit. Die ge= skiedenis van die dorp na 1918 is verder redelik volledig te boek ge= stel in Die Rustenburgse Eeufeesgedenkboek 1851-1951, terwyl dit nie die geval is met die periode wat strek van 1851 tot 1918 nie.

Die versamelde gegewens word chronologies weergegee. Dit mag miskien die indruk skep dat die verskillende temas fragmentaries beskryf word. As daar egter op gelet word dat elke onderwerp by an= der aangeleenthede en gebeurtenisse inskakel en saam 'n geheelbeeld van 'n bepaalde tydsverloop gee, dan sal die leser begryp waarom Skrywer hiervan op 'n chronologiese eerder as 'n tematiese aanbieding besluit het. Daardeur word dan aangetoon hoe die ontwikkeling op alle

terreine van die samelewing in die bepaalde opeenvolgende tydvakke verloop het.

Dit is vir my 'n groot voorreg om by die voltooiing van hier= die verhandeling my dank aan prof. dr. J.S. du Plessis oor te dra. Sonder sy bekwame hulp, leiding en aanmoediging sou ek seker nie die taak kon voltooi het nie.

Vervolgens wens ek graag die volgende persone en instansies te bedank vir hulp my aangebied gedurende die tyd wat ek navorsing oor die studieonderwerp gedoen het; nl. die personeel van die Fer= dinand Postma-Biblioteek van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. en die Potchefstroomse Onderwyskollege. 'n Spesiale woord van dank word gerig aan die administratiewe personeel van die Rus= tenburgse Stadsraad wat my toegang tot hulle argief verleen en alle geriewe tot my beskikking gestel het. In die verband wil ek graag die naam van wyle mnr. Bokkie Holmes uitsonder. Hy het werklik uit sy pad gegaan om alle moontlike informasie aan my voor te lê en verder het hy vir my 'n gerieflike kantoor ingerig waar ek onverstoord met die navorsing kon voortgaan.

Z.L. Pretorius

# Hoofstuk 1

## DIE GESKIEDENIS VOOR 1852

### a. Die Rustenburgse omgewing voor 1852

Die gebied noord van die Vaalrivier is hoofsaaklik bekendgestel deur die berigte van smouse, sendelinge en jagters, wat dit besoek en deurreis het voordat enige blanke hom aldaar gevestig het. Uit hierdie reisverhale kan 'n redelike voorstelling gemaak word van hoe die omgewing, waar Rustenburg later sou verrys, gelyk het in die tyd voor die aanvang van die Groot Trek.[1)]

In dié streek het in daardie dae 'n heel interessante Bantoestam ge= woon, naamlik die Bakones, wat hulle wonings bo in 'n groot wildevyeboom gemaak het. Van hierdie feit het die sendeling Robert Moffat alreeds in 1829 melding gemaak: „my attention was drawn to a gigantic tree standing in a defile ... I found the tree was inhabited by several families of Bakones. I ascended the notched trunk and found to my amazement, no less than seven= teen of these aerial abodes."[2)] Ná hom vermeld dr. Andrew Smith in sy reis= verhaal dat hy in 1835 ook hierdie boombewoners in die betrokke gebied teë= gekom het.[3)] Nie baie lank gelede nie het twee bekende inwoners van Rus= tenburg, dr. V. Schoch en mnr. W. van Velden in 'n deeglike ondersoek na die aangeleentheid tot die gevolgtrekking gekom dat daar voor die koms van die blankes na dié wêreld definitief sulke boombewoners moes gewees het. Hulle kon selfs min of meer bepaal waar die reuse wildevyeboom, wat as lugwoning gedien het, gestaan het, naamlik in 'n westelike rigting êrens op

1) Krüger, D.W.: Baanbrekers van die Noorde (S.A.U.K., 1959), p.3.

2) Moffat, R.: Missionary Labours and Scenes in South Africa (London, Snow., 1842), p.520-521.

3) Kirby, P.R.: Dr. Andrew Smith's Diary deel II (Kaapstad, Van Riebeeck Society, 1939), p.10.

pad na Boshoek toe, omtrent agt of tien myl van Rustenburg af.[4)]

'n Ander kenmerk van die betrokke streek aan die noordelike voet van die Magaliesberg in daardie vroeë jare was dat dit 'n ware jagtersparadys moes gewees het. Soveel as driehonderd olifante is in 'n trop getel terwyl kameelperde, buffels en ander grootwild in hulle duisendtalle onverstoord rondgewei het.[5)]

Verder was dit heel opvallend dat daar so min mense gewoon het. Uit=gestrekte gebiede was feitlik totaal ontvolk. Die „immense ruins of stone kraals" wat deur dr. Smith daar gevind is, vertel egter die verhaal dat daar vroeër baie Bantoes moes gebly het.[6)] Verder ooswaarts langs die Maga=liesbergreeks het dr. Smith nog verdere duidelike tekens teëgekom van 'n digte bevolking, wat in 1835 egter heeltemal verdwene was.[7)] Voor die Voor=trekkers hulle dus in dié bepaalde omgewing van Rustenburg gevestig het, was daar prakties gesproke, met die uitsondering van 'n paar Bantoestammetjies geen inwoners nie.[8)]

b. Vestiging van die blankes

Enkele jare voordat die Voortrekkers hulle in die omgewing van Ma=galiesberg gevestig het, het A.H. Potgieter en 'n groepie van sy mense in 1839 'n besoek aan hierdie streek gebring. Dit was by geleentheid van die derde tog van Potgieter teen Silkaats, want alhoewel Silkaats reeds twee keer deur die Trekkers verslaan was, het hulle nog steeds van hom las gehad

4) Die Rustenburg Herout, 18 Julie 1955.

5) Harris, W.C.: Wild Sports of Southern Africa (London, John Murray, 1842), p.168-169: „Here a grand and magnificent panorama was be=fore us, which beggars all description. The whole face of the land=scape was actually covered with wild elephants."

6) Kirby: op.cit., p.75 en p.83.

7) Ibid.

8) Potgieter, F.J.: Die vestiging van Blankes in Transvaal 1837-1886 (Ar=giefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 21ste Jaargang, deel II, s.j.), p.15.

weens gedurige strooptogte op hulle vee. Gevolglik was Potgieter genoodsaak om vir 'n derde keer teen hom op te tree ten einde te probeer om die gesteel= de vee terug te kry. Nadat die strafekspedisie so ver as die huidige Potchef= stroom gevorder het, het Potgieter die grootste gedeelte van sy manne laat agterbly.[9] Met 'n klein verkenningsekspedisie waaronder ook die jong Paul Kruger was, het hy oor die Magaliesberg getrek. Met die geleentheid is die Bantoekaptein, Magato, by Klein Buffelshoek aan die suidekant van die Maga= liesberg, nie ver van die teenswoordige Rustenburg nie, ontmoet. Potgieter wou van hom weet waar Silkaats hom bevind het, waarop Magato aan die klom= pie Boere meegedeel het dat Silkaats reeds weer die wyk noordwaarts geneem het, en dat verdere agtervolging nodeloos sou wees. Daar Silkaats nie meer ingehaal kon word nie, het die kommando teruggekeer.[10]

Pas twee jaar nadat Potgieter en sy mense hulle by Potchefstroom ge= vestig het, het die eerste verskuiwing na die Magaliesberg plaasgevind. Waar= skynlik het die streek aan die noordelike kant van die Magaliesberg met die warmer klimaat en meer bosryke wêreld vir hulle 'n beter tuiste gelyk as die kaal vlaktes van Wes-Transvaal. Presies wanneer die trek daarheen begin het en wat die rede daarvoor was, kon nie uit die beskikbare bronne vasgestel word nie.[12] Op die huidige Modderfontein, 'n plaas aan die noordelike voet van die Magaliesberg, omtrent nege myl vanwaar die dorp Rustenburg later aangelê sou word, het in alle waarskynlikheid die eerste vestiging plaasgevind, want op hierdie plaas, wat reeds deur die Voortrekkers só genoem is, word

9) Bredell, H.C. en Piet Grobler: Gedenkskrifte van Paul Kruger, in Afri= kaans vertaal deur J.M. de Lange en dr. J. Ploeger (J.L. van Schaik, Pretoria, 1947), p.4 en 5. Vgl. ook Krüger, D.W.: Paul Kruger deel I, 1825-1883 (Dagbreekboekhandel, Johannesburg, 1961), p.77.

10) Ibid.

11) Potgieter, F.J.: op.cit., p.15.

12) Ibid.

die oudste graftes van blankes in die distrik aangetref, naamlik dié van 'n sekere Van Vuuren en 'n Van Rensburg, wat uit die jaar 1842 dateer.[13)]

Die verhuising van Trekkers na die gebied moes omstreeks 1841 plaas=gevind het. Onder hulle was ook A.H. Potgieter, wat hom op die plaas Buf=felshoek aan die suidelike voet van die Magalaiesberg gaan vestig het, en Paul Kruger en sy familie.[14)]

Paul Kruger was toe nog 'n jong man van sestien jaar, maar soos die gewoonte destyds was, het hy as selfstandige man ook 'n plaas, Waterkloof, vyf myl suidoos van die huidige Rustenburg ontvang. Daar het hy gewoon tot 1873 toe hy vir hom 'n plaas Boekenhoutfontein, 13 myl noordwes van die dorp aangekoop het[15)] waarheen hy toe verhuis het.

In die jare vanaf 1841 het 'n aansienlike aantal mense na dié streek getrek, want op 21 Desember 1848 was daar nie minder nie as ruim 'n dui=send mense by 'n kerklike saamtrek bymekaar. Die twee besoekende Kaapse predikante, dr. W. Robertson en ds. P.E. Faure, het dan ook in hulle rap=port aan die Ring van Bloemfontein hulle verbasing uitgespreek om soveel mense bymekaar te sien vir die kerkgeleentheid, waarby 109 nuwe lidmate belydenis van die geloof afgelê het en 233 kinders gedoop is.[16)] Hierdie

13) Die Rustenburg Herout, 18 Maart 1966. Artikel oor die oudste plase in Rustenburg, waarin 'n volledige beskrywing van die grafte gegee word. Ongelukkig word die voorletters op die grafte nie aangedui nie.

14) Coetzee, J. Chr.: Onderwys in Transvaal, 1838-1937 (Pretoria, Van Schaik, 1941), p.10. Vgl. ook Bredell en Grobler: op.cit., p.6, en Potgieter, C. en Theunissen, N.H.: Kommandant-Generaal Hendrik Potgieter (Johannesburg, Afrikaanse Pers, s.j.), p.142.

15) Bredell en Grobler: op.cit., p.6. (Vgl. ook Krüger, D.W.: Paul Kruger I, p.80). Die betrokke plase van Paul Kruger is reeds deur die Voortrekkers so genoem en is nou nog as Waterkloof en Boekenhout=fontein bekend.

16) Spoelstra, C.: Het Kerkelyke en godsdienstige leven der Boeren van den Grooten Trek (Kaapstad, Kampen en Kok, 1915), p.79. Vgl. ook Engelbrecht, S.P.: Die Nederduits Hervormde Gemeente Rustenburg 1850-1950 (Rustenburg, Die Kerkraad, s.j.), p.11; Du Toit, F.G.M.: Oorsig van die wording en groei van die Ned. Herv. of Geref. Gem. Rustenburg (Pretoria, Die Kerkraad, s.j.), p.7.

groot aantal nuwe lidmate en gedooptes is 'n verdere aanduiding dat daar werk=lik baie mense by die kerkdienste byeen moes gewees het.

Die toevloei na dié streek was so groot dat binne enkele jare die groot=ste konsentrasie van blankes in die hele Transvaal in die omgewing van Maga=liesberg aangetref is. Die inwoners van dié gebied het egter nog steeds 'n een=heid met Potchefstroom gevorm, maar op 19 Desember 1848 is hulle met die oog op kerkbediening in 'n aparte wyk afgestig met P.J. van Staden as ouder=ling en C.J. Kruger en J.F. Schutte as diakens.[17] Hierdie kerkwyk van die gemeente Potchefstroom is feitlik die heel eerste aparte eenheid wat die Ma=galiesbergers gevorm het en waaruit die stigting van die dorp Rustenburg la=ter sou ontwikkel. Gemelde kerkraadslede was dan ook die eerste persone wat spesifiek namens die inwoners van Magaliesberg sou optree en hulle is saam met drie verteenwoordigers van die Volksraad[18] aangewys as 'n komi=tee om die wenslikheid te ondersoek om 'n „Kerkplaats" in die omgewing te stig.[19]

c. <u>Die stigting van die dorp</u>

Die gedagte om 'n aparte gemeente in Magaliesberg te stig het tydens ds. A. Murray se besoek in Januarie 1850 aan Transvaal ter sprake gekom. Op sy reis het hy ook by Potchefstroom aangegaan, waar hy net voor sy ver=trek met die Kerkraad saam vergader het. Op hierdie vergadering is op 21 Januarie 1850 besluit om „de gemeenten van Mooirivier en Magaliesberg te scheiden en te Potchefstroom, alsook achter den Magaliesberg, met den bouw eener Kerk dadelijk een aanvang te maken."[20] Die afstigting van 'n self=

17) Spoelstra, C.: <u>op.cit.</u>, p.80. Vgl. ook Engelbrecht: <u>op.cit.</u>, p.11.

18) Sien voetnoot 24 hierna op p.7.

19) Engelbrecht: <u>op.cit.</u>, p.11. Vgl. ook Du Toit: <u>op.cit.</u>, p.10.

20) Aangehaal by Scholtz, G.D.: <u>Die geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika</u> deel I (Pretoria, N.G. Kerkuitgewers, s.j.), p.58. Vgl. ook Engelbrecht: <u>op.cit.</u>, p.11 en 12; Du Toit: <u>op.cit.</u>, p.11 en Spoelstra, C.: <u>op.cit.</u>, p.91.

standige gemeente in die Magaliesbergse omgewing sou die eerste stap wees wat spoedig tot die vorming van 'n aparte distrik en die stigting van die dorp Rustenburg gelei het. Na aanleiding van hierdie besluit het 265 persone 'n memorie aan die Volksraad gerig waarin hulle die Volksraad versoek het, om aan hulle „een plaats onbebouwd" te skenk „tot opbouwen van een Gerefor= meerde Kerk."[21)]

Die eiendom wat hulle vir dié doel in gedagte gehad het, was twee pla= se Witpensfontein 379 en Kafferskraal 380, wat in 1843 vir H.C.W. Vermaas geïnspekteer maar nooit deur hom bewoon is nie.[22)] Gevolglik was die grond vir die „Kerkplaats" wel beskikbaar omdat dit ongeokkupeerd gelê het. Die Volksraad het die versoek van die petisionarisse gunstig oorweeg en aan hul= le die plase geskenk, egter op voorwaarde: „..... dat de helf der erven aan de kerk en de ander helf aan het publieke kast zal worde toegekend, en dat de Kerkraad de volle regt zal behouden om nimmer een kantien of opentlyke tap= huis toe te laate, en wanneer het vereist word dat de dorp onder bescherming van een Landrost zal gesteld word, en wanneer het komen te blyke dat Ver= maas aan geene misdaad schuldig zyn en hy weder terugkeert in deze maat= schappy, zal het hem vrystaan een andere plaats te nemen waar of hy ver= kiest die niet door een ander is genomen of verzogt."[23)]

Die Volksraad het verder besluit om drie van sy lede, t.w. kmdt.-genl. A.W.J. Pretorius, P.F.J. Pretorius en J.F. van Staden te benoem

21) E.V.R.3: Volksraadsnotule, 22 Januarie 1850, art. 5 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, No.I: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), deel I (1844-1850), Die Staatsdrukker, Kaapstad, s.j., p.113).

22) E.V.R. 3: Volksraadsnotule, 22 Januarie 1850, art.6 (S.A. Argiefstuk= ke Tvl., No.I, p.113). Kyk ook Engelbrecht: op.cit., p.12 en Du Toit: op.cit., p.11.

23) E.V.R. 3: Volksraadsnotule, 22 Januarie 1850, art.6 (S.A. Argiefstuk= ke, Tvl., No. I, p.113). Vgl. ook Spoelstra, C.: op.cit., p.79 en Pelzer: op.cit., p.3 en 4.

om saam met die lede van die Kerkraad[24] te gaan om na „de geschikste ge= legenheid te zien voor den aanleg (der) Kerkplaats".[25] Onder die bekwame leiding van Andries Pretorius, wat groot belang in die nuwe kerkplaas gestel het, het die Kommissie vinnige vordering gemaak ondanks verskeie proble= me wat ondervind is. Die eerste probleem het opgeduik toe daar vasgestel is dat H.S. Stroh vir hom 'n aanleg, genaamd „Schoongezicht", op 'n gedeel= te van Kafferskraal ingerig het. 'n Kommissie van twee lede, C.J.H. Kru= ger, vader van die latere president Kruger, en J.F. Schutte, albei diakens, het met Stroh onderhandel en hom kennis gegee om die grond te ontruim. Aan die versoek wou Stroh nie gehoor gee nie en hy wend hom tot die Volksraad. Ter ondersteuning van sy saak beweer hy dat hy reeds sedert Augustus 1849, d.w.s. vier maande voor die kerkplaas deur die Volksraad toegeken is, daar woonagtig was. Hy beroep hom daarop dat hy die wettige eienaar van die plaas is kragtens 'n staande Volksraadsbesluit[26] dat as 'n persoon 'n plaas vir drie maande aaneen ongemolesteer bewoon, die grond sy wettige eiendom is, en hy versoek die Volksraad om aan hom die sekerheid van sy eiendom skriftelik te verseker.[27]

24) Sien hierbo p.5 voetnoot 17. Kyk ook Pelzer: op. cit., p.3 en 4.

25) E.V.R. 3: Volksraadsnotule, 22 Januarie 1850, art.7 (S.A. Argief= stukke, Tvl., No.I, p.113.)

26) E.V.R. 3: Volksraadsnotule, 24 September 1849, art.34 (S.A. Argief= stukke, Tvl., No.I, p.107): „Is besloten dat alle eigenaars van plaat= zen dien over Vaal Revier vertrokken is en den tyd van twee maanden niet bewoond, zylieden als dan geen regt of aanspraak op die gronden heeft hetzy eigenaar geworden zynde door koop of verkregene recht en dat aan de personen dien thans zodanige plaatzen bewoond zullen wor= den toegekend en dat de overleggende plaatzen voor den eersten ver= zoeker zal open staan." In hierdie besluit word van twee maande mel= ding gemaak terwyl Stroh in sy brief van drie maande spreek.

27) V.R. 161/51: Brief H.S. Stroh aan Volksraad, d.d. 23 April 1851 (S.A. Argiefstukke, Transvaal, No.2: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby) deel II (1851-1853), Staatsdrukker, s.j., bylaag 12/1857, p.212-213.)

Dit is nie bekend of die Volksraad met Stroh enige onderhandelinge gevoer het nie en, indien wel, wat die aard daarvan was nie. Stroh se brief word naamlik nêrens in die notule van dié liggaam vermeld nie, terwyl ook geen besluit ten opsigte daarvan genotuleer is nie. Dat die saak wel aandag geniet het, blyk uit 'n aantekening „afgehandeld" onderaan Stroh se brief. As die notules van die Kerkraad egter nagegaan word, kan met redelike se= kerheid afgelei word dat die „afgehandeld" van die Volksraad beteken dat die hele kwessie van Stroh se grond na hulle verwys is, want uit die notule van 'n Kerkraadsvergadering in Mei 1852 word dit duidelik dat die Kerkraad met Stroh onderhandel en reeds 500 Rds. as gedeelte van die koopsom vir die deel wat hy geokkupeer het, van hom ontvang het.[28] Hierdie gedeelte van Kafferskraal waar „Schoongezicht" geleë was, was die eerste grond van die „kerkplaas" wat verkoop is en die huis wat Stroh vir hom daar opgerig het, was ook die eerste huis wat op die nuwe kerkplaas verrys het.

Voordat die transaksie met Stroh afgehandel was, is die gemeente alreeds op 16 November 1850 gestig. Ds. A. Murray, besoekende predi= kant op hierdie tydstip, was net soos vorige besoekende predikante beïndruk deur die „zeer groote gemeente" wat vir die geleentheid op die kerkplaas byeengekom het.[29] Met die bou van die kerk waarvan die lengte 80 voet en die breedte 30 voet was, was teen die tyd reeds so ver gevorder dat nog net die dak opgesit moes word.[30] In hierdie halfvoltooide kerk onder voorsit= terskap van ds. Murray, is die eerste gemeente gestig en die volgende kerk= raadslede gekies: as ouderlinge, J.P. van Staden en H.S. Pretorius en as diakens, C.J.H. Kruger, J.F. Schutte, J.H. Grobbelaar en J.F. Robbert= son.[31]

28) Kerkraadsnotule, Nederduits Hervormde Gemeente Rustenburg, Boek I, p.1.

29) Rapport van ds. Murray aan Bloemfontein Sinode (Scholtz: op.cit., p.10.)

30) Ibid. Vgl. ook Engelbrecht: op.cit., p.13 en Du Toit: op.cit., p.12.

31) Kerkraadsnotule, Ned. Herv. Gemeente Rustenburg, Boek I, p.1. Vgl. ook Pelzer: op.cit., p.6.



P. J. van Staden 1823-1912

Eerste Landdros van Rustenburg

Pas 'n maand nadat die kerkplaas gestig is, is die behoefte gevoel om ook burgerlike sake te behartig. Daarom stel Andries Pretorius vroeg in Januarie 1851 in die Volksraad voor dat 'n landdros „op het nieuw dorp Rustenburg" aangestel moet word. Die Raad wat nie 'n oomblik geaarsel het nie, antwoord: „heef geen objektie daartegen en den publiek zal met den vol= gende zittinge twee man daartoe opdragen als Landrost en den Raad voorstel= len."[32]

Andries Pretorius het geen gras onder sy voete laat groei nie en en= kele maande later kon hy alreeds die name van vier persone, wat deur die inwoners van die verskillende wyke aanbeveel is, t.w. J.H. Grobler, J.J. Prinsloo, Frans Pretorius en Piet van Staden, aan die Volksraad voorlê.[33] Sy brief, waarin die aanstelling van 'n landdros nog eens versoek is, is deur die Volksraad op sy Septembersitting behandel. Aangesien daar nie een van die voorgestelde persone teenwoordig was nie, het die Volksraad besluit om op die stadium geen aanstelling te maak nie, maar die hele aangeleentheid tot die volgende sitting uit te stel.[34]

Voor die Volksraad bogenoemde besluit geneem het, het die Krygs= raad egter alreeds weens die dringendheid van die saak in dié verband opge= tree en is die volgende belangrike besluit op 15 Augustus 1851 geneem: „Door dezen is het kennelyk dat het door den publiek van Rustenburg hunne begeerte was om een Hof van Landrost en Heemraden provisioneel tot nader approbatie van den Edlen Volksraad op te rigten, terwyl de verre afweezigheid van Pot= chefstroom en andere omstandigheden hun zeer drukkend is geworden."

„En daar de leeden van den Commissieraad niet is verschenen zyn de officieren en het publiek overgegaan om door verkiezing van het publiek hier

32) E.V.R. 3: Volksraadsnotule, 15 Januarie 1851, art. 66 (S.A. Argief= stukke, Tvl. No. 2, p. 16.)

33) V.R. 158/51: Brief A. Pretorius van die Volksraad, d.d. 9 April 1851. (S.A. Argiefstukke, Tvl., No. 2, p. 208.)

34) E.V.R. 3: Volksraadsnotule, 3 September 1851, art. 15 (S.A. Argief= stukke, Tvl., No. 2, p. 45.)

tegenwoordig; is gekoozen den WelEdelen heer Petrus Johannis van Staden als fungeerend Landrost, en den WelEdelen heeren Daniel Roelof Jacobs, Phillipus Johannis Riekert, Jan Hendrik Ronnerts, Petrus Francois Jacobus Pretorius, Gysbert van Rooyen, Johannis Stephanus Potgieter. Dezen hee= ren zyn gekoozen door het publiek als Heemraden, zullende de bovengemelde gekoosende heeren op den 23ste dezer maand Augustus hunne ambtseed op den dorp Potchefstroom moeten afleggen, en dat dan volgens oude gewoonte op den 1ste Woensdag van September 1851, de eerste zitting op den dorp Rus= tenburg een aanvang neemen zal. Zullende dezen door den Veldcornetten moeten bekend gemaakt worden."[35)]

In September 1851 tree P.J. van Staden dan ook saam met die Krygs= raad in Rustenburg as landdros op, en word daar 'n toewysing van Rds. 30 per maand vir die salaris van sy klerk gemaak.[36)] Bykbaar het die Volks= raad hom intussen met die Krygsraad se aanstelling vereenselwig want in Maart 1852 is aan die Landdros 'n salarisverhoging toegestaan, waardeur sy vergoeding op Rds. 1200 per jaar gebring is. Verder sou hy die dienste van die bantoes in Rampet se statjie vir amptelike diens kon gebruik en kry hy ook die vergunning om hulle „zelfs voor zyn eige afairens" te laat werk.[37)]

Die Rustenburgers was tevrede met Van Staden se dienste want in Ju= nie het hulle die Volksraad versoek om hom as landdros „te houden", waar= mee hulle waarskynlik sy permanente benoeming bedoel het. Daarmee het die Volksraad ingestem en bevestig dat „de Edele Heer P.J. van Staden in zyn post zal blyve ageeren."[38)] Dit het hy gedoen want aan die einde van die jaar dien hy 'n amptelike verslag oor die bedrywighede in Rustenburg vir

35) Aangehaal by Pelzer: op. cit., p.5.

36) V.R. 180/51: Notule van Krygsraadsitting, 8 September 1851, art.1 en 13 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.2, p.232-234.)

37) E.V.R. 3: Volksraadsnotule, 17-19 Maart 1952, art.36 (S.A. Argief= stukke, Tvl., No.2, p.65.)

38) E.V.R. 3: Volksraadsnotule, 17-19 Maart 1852, art.36 (S.A. Argief= stukke, Tvl., No.2, p.72.)

die periode 16 Augustus 1851 tot 1 Desember 1852 in.[39)]

Van Staden het egter intussen as Landdros bedank en met 'n Kommis= sieraadsitting te Rustenburg op 22 November 1852 is daar besluit dat die pu= bliek 'n persoon moes kies (aanwys) in Van Staden se plek. Waarop 36 per= sone die volgende brief aan die Volksraad gerig het: „Wy den ondergeteken= den, ingezetenen van het distrikt Rustenburg, verlangt dat den gemelde Heer P. van Stade zou verzocht worden om het post van Landrost weder aantene= men, terwyl hy heeft altyd zoo lang als hy den post bekleed heeft, tot onze satisfactie gehandelt."[40)] Om een of ander onverklaarbare rede is Van Staden egter nie weer aangestel nie en tree H.S. Stroh op as landdros vanaf Desem= ber 1852 tot April 1853,[41)] en daarna G. van Rooyen, wat die amp vir 'n paar maande tot Augustus 1853 beklee het.[42)]

In Februarie 1853 word die Volksraad weer deur veertig persone per memorie versoek dat P.J. van Staden as landdros aangestel word.[43)] 'n Soortgelyke versoek volg ook in Julie van dié jaar. In laasgenoemde memorie word sy werk geloof en word by die Volksraad aanbeveel om aan hom „de som= ma van Rds. 1333-2-4-£100 als zyne jaarlyksche traktement toe te kennen."[44)]

39) V.R. 232/52: opgawe van Van Staden aan die Volksraad, d.d. 1 Desem= ber 1852 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.2, p.353-358.)

40) V.R 230/32: Brief van 36 persone aan Volksraad, d.d. 27 Des. 1852 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.2, p.352.)

41) V.R. 267/53: Verslag H.S. Stroh aan Volksraad, d.d. 10 Maart 1853 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.2, p.402-404.)

42) V.R. 315/53: Verslag G. van Rooyen aan Volksraad, d.d. 6 April 1853 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.2, p.450-452.) Uit die amptelike bron= ne is die posisie van die landdros nie duidelik nie. Skynbaar was sake baie deurmekaar. Daar kon ook nie vasgestel word deur wie en wan= neer Stroh en Van Rooyen onderskeidelik aangestel is nie. Vgl. ook Pelzer: op.cit., p.4.

43) V.R. .243/53: Memorie van veertig persone aan Volksraad, d.d. 12 Fe= bruarie 1853 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.2, p.379.)

44) V.R. 287/53: Memorie van 88 persone aan Volksraad, d.d. 13 Julie 1853 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.2, p.427-429).

Op hierdie vertoë het die Volksraad gunstig gereageer en op 9 Augustus 1853 besluit: „De Ed. Raad gaat er toe over, om de gekozene Landdrost den WelEd. Heer P.J. van Stade, den ambtseed als zoodanig te laten afleggen en heeft zulks gedaan."[45] Met die besluit is die posisie van die landdros in Rusten=burg voorlopig afgehandel en die onsekerheid wat daar vir 'n lang tyd geheers het uit die weg geruim. In 1860 was Van Staden egter nie meer landdros nie, daar sal weer na verwys word.[45b] Behalwe vir dié onderbreking het hy on=afgebroke as landdros opgetree tot in 1881.

d. Naam van die dorp

Die eerste naam waarby die omgewing waar die dorp Rustenburg ge=stig is, bekend was, was Magaliesberg. So is die oorspronklike kerkwyk dan ook dié van Magaliesberg genoem.[46] Met die besoek van ds. Murray ver=wys hy ook na die kerkplaas as „Achter Magaliesberg" en is daar van die naam Rustenburg nog geen sprake nie.[47] Die benaming Rustenburg kom on=geveer van die einde van 1850 af konsekwent voor,[48] en dit is duidelik dat die Volksraad teen die begin van 1851 die naam Rustenburg ook al amptelik aanvaar het, want hulle keur 'n versoek goed om „op het nieuw dorp Rusten=burg" 'n landdros aan te stel.[49]

Waar die naam vandaan kom is nie met sekerheid vas te stel nie. Daar bestaan egter twee uiteenlopende opinies waarom juis die naam Rustenburg vir die dorp gekies is. Eerstens word aanvaar dat dr. P.E. Faure, wat 'n brief=wisseling met Andries Pretorius onderhou het, dié naam aan hom voorgestel

45) E.V.R. 3: Notule Kommissieraad, 9 Augustus 1853, art.41 (S.A. Ar=giefstukke, Tvl., No.2, p.144.)

45b) Sien voetnota 26 op p.41.

46) Kyk p.5 voetnoot 17 hierbo.

47) Kyk p.5 voetnoot 20 hierbo.

48) Engelbrecht: op.cit., p.13. Kyk ook Pelzer: op.cit., p.2.

49) E.V.R. 3: Volksraadsnotule, 15 Januarie 1851, art. 66 (S.A. Argief=stukke, Tvl., No.2, p.16.)

het na aanleiding van die naam van die bekende landgoed, Rustenburg, naby Wynberg in die Kaap.[50] Dit wil voorkom asof dit in amptelike kringe ook so aanvaar is, want die latere president T. F. Burgers stem met hierdie opinie heelhartig saam en hy noem dit 'n gelukkige ingewing van dr. Faure wat hom hierdie naam vir die nuwe dorp laat voorstel het.[51]

Daar is egter ook 'n tweede verklaring waarom juis op die naam Rus= tenburg besluit is, naamlik dat die Voortrekkers na 'n lang trekpad vol moei= te en gevare eindelik 'n burg van rus gevind het. Die meeste Rustenburgers en die huidige stadsraad aanvaar laasgenoemde verklaring as die korrekte.[52] 'n Skrywer, Tom MacDonald, stem met hierdie sienswyse saam as feitlik voor die handliggend: „It is easy to appreciate why the trekkers decided to stay and to call it a place of rest.[53]

Hierdie tweede verklaring lyk vir my nie baie aanvaarbaar nie, want alhoewel dit in latere jare daar baie rustig en vreedsaam toegegaan het, was dit nie die toedrag van sake in die vroeë beginjare nie. Weens naturelleon= luste gedurende die tyd was alles nie stil en vredig nie; inteendeel, dit was so gevaarlik dat oral laer getrek moes word en die inwoners is soms deur die dreigende naturellegevaar verhinder om kerkdienste by te woon.[54] Die naturelleonluste was egter nie die enigste bedreiging vir die vroegste inwo=

50) Engelbrecht: op.cit., p.13.

51) Burgers, T.F.: Schetzen uit de Transvaal (Kaapstad, Van der Sandt en de Villiers, 1872), p.74.

52) In die publisiteitsafdeling van die Stadsraad is 'n spesiale Lêer, Nr.223, waarin besonderhede oor die ontstaan van die dorp, die grootte, leng= te van paaie, afstand van ander dorpe, ens. aangegee word. Op p.2 van die lêer word hierdie verklaring gegee.

53) MacDonald, T.: The Transvaal Story (Kaapstad, Timmins, 1961), p.148. Vgl. ook Anon.: Vanishing Spoors (Libertas July 1947, p.68) „Here they stayed, and the town was, Rustenburg, Town of our rest."

54) Spoelstra, C.: op.cit., p.101.

ners van Rustenburg nie. Die gevreesde malariakoors het in die eerste paar jaar van die dorp se bestaan ook nog fel onder die bevolking gewoed en baie slagoffers geëis,[55] sodat die beweerde rus, vrede en kalmte in werklikheid nie in hierdie vroeë stadium van die dorp se bestaan so prominent aanwesig was as wat die naam wil beweer nie. In amptelike stukke word ook nêrens verwys dat die naam Rustenburg as gevolg van 'n besondere rus en vredige toestand wat geheers het aan die dorp gegee is nie. Trouens uit amptelike verklarings word juis bevestig dat daar in die vroeëre vyftiger jare van die vorige eeu alles nie baie rustig en kalm was nie, maar dat die teendeel daar= van wel waar was.[56]

Anders as die naam Potchefstroom, wat in dokumente op nie minder as nege verskillende maniere gespel word nie,[57] is die naam Rustenburg uit die staanspoor so geskryf soos dit vandag nog gedoen word. Daar was blyk= baar 'n paar afwykings, naamlik toe landdros Van Staden dit as „Rustenburgt" geskryf het,[58] en op 'n ander geleentheid in 'n versoekskrif aan die Volks= raad toe die spelling „Ruestenburgt" en „Restenburg" voorgekom het.[59] Waarskynlik was hierdie paar afwykings blote skryf- en spelfoute veral as ook in aanmerking geneem word dat in laasgenoemde dokument Februarie as Vebruarie geskryf is.

/

55) Stuart, J.: De Hollandse Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika (Amsterdam, Tjelkemeyer, 1854), p.393: „Wy vonden de gemeente in diepsten rouw. De koorts had het felst in vele dele dezer gemeen= te gewoed. Menige vader, moeder, zoon, dochter, kindeke was weg= gerukt." Vgl.ook Spoelstra, C. op.cit., p.126-127.

56) E.V.R. 3: Notule Kommissieraadvergadering, 30 Mei 1851, art.1-2 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.2, p.33). Kyk ook E.V.R. 3: Brief A. Pretorius, d.d. 26 Desember 1850 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.I, p.369).

57) Haasbroek, D.J.P.: Die geskiedenis van Potchefstroom, 1838-1881 (on= gepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1955), p.9.

58) V.R. 189/51: Brief landdros Van Staden aan Volksraad, d.d. 15 Desem= ber 1851 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.2, p.241).

59) V.R. 243/53: Memorie van veertig persone aan Volksraad, d.d. 12 Fe= bruarie 1853 (S.A. Argiefstukke, Tvl. No.2, p.379).

Uit die beskikbare amptelike en nie-amptelike bronne kan nie presies bepaal word wanneer die dorp wel gestig is nie. Wat skynbaar gebeur het, is dat nadat die gemeente op 16 November 1850 tot stand gekom het,[60] daar 'n geleidelike oorgang van kerkplaas na dorp plaasgevind het. Die eerste keer wat van 'n dorp verneem word, is wanneer Andries Pretorius in 1851 namens en op versoek van die publiek in die Volksraad voorgestel het dat 'n landdros „op het nieuw dorp Rustenburg" aangestel sal word.[61] By gebrek aan enige ander gegewens kan die feit dat die Volksraad dié versoek gunstig oorweeg het, terselfdertyd as 'n amptelike besluit tot die stigting van 'n dorp beskou word, of altans as amptelike erkenning van die bestaan van so 'n nuwe dorp. Dit kan dus met veiligheid aanvaar word dat die tyd van stigting van die dorp die be= gin Januarie van 1851 was. Sedertdien was daar geen kwessie meer oor die dorp Rustenburg nie en teen die einde van die jaar verkry die dorp nog verde= re amptelike erkenning toe die Volksraad besluit om sy volgende vergadering aldaar te laat plaasvind.[62]

Die bouwerk aan die halfvoltooide kerk waarin die gemeente in 1850 gestig is, het so goed gevorder dat die kerk reeds op 26 April 1851 ingewy kon word. Vir die plegtigheid het ds. A. Murray van Bloemfontein en sy broer ds. John Murray van Burgersdorp na Rustenburg oorgekom en die inwydings= rede is deur eersgenoemde na aanleiding van Ps. 132 vers 4 waargeneem.[63] By hierdie geleentheid is daar ook 'n kerkraadsvergadering gehou met die doel om 'n predikant te beroep. Die poging was egter nie suksesvol nie, omdat

60) Rapport van ds. Murray aan Bloemfonteinsinode (Scholtz: op.cit., p.10). Vgl. ook Engelbrecht: op.cit., p.13 en Du Toit: op.cit., p.12.

61) Kyk p.9 hierbo voetnoot 32.

62) E.V.R. 3: Volksraadsnotule, 3 September 1851, art.14 (S.A. Argief= stukke, Tvl., No.2, p.45). In die lig van die algemene aanvaarding van die bestaan van die dorp Rustenburg sedert die begin van 1851, is dit opmerklik dat in hierdie notule gespreek word van „het nieuw aan te leggen dorp Rustenburg aan de Magaliesberg".

63) Engelbrecht: op.cit., p.14. Vgl. ook Du Toit: op.cit., p.12 en Pelzer: op.cit., p.6.

ds. A. Murray, op wie die beroep uitgebring is, dit nie wou aanneem nie. Gevolglik sou Rustenburg 'n hele paar jaar moes wag voordat hulle 'n eie pre= dikant kon hê.

Intussen het die kerkraad ook aan die uitmeet van erwe in die dorp aandag gegee. Die taak is opgedra aan J. Potgieter wat dit na alle waarskyn= likheid teen April 1852 voltooi gehad het.[64)]

Sodoende is dan in verskeie opsigte die nodige grondslae gelê en die nodige voorbereidings gemaak vir die aanlê van 'n nuwe dorp in Transvaal, wat in die volgende jare tot ontwikkeling sou kom.

64) Kerkraadsnotules, Ned. Herv. Gemeente Rustenburg, 30 April 1852 (Boek I). C.J.H. Kruger rapporteer aan die Kerkraad dat hy 45 Rds. aan J. Potgieter uitbetaal het „voor meting van erven".

Hoofstuk 2

# DIE TYDPERK VAN VESTIGING, 1851-1860

## a. Boubedrywighede

Nadat die kerkplaas in 1851 gestig is, was die gemeente se eerste taak om aandag te skenk aan die oprigting van 'n kerkgebou. Die gebou, wat deur die gemeente op die kerkplaas opgerig is, was die eerste bouwerk wat in Rustenburg tot stand gekom het. Behalwe die kerk en die opstal van H.S. Stroh op „Schoongezicht" was daar geen ander geboue aan die begin van 1851 nie. Die eerste woonhuis wat in die pasaangelegde dorp verrys het was dié van diaken J. F. Schutte, wat kort na die vasstelling van die kerkplaas in Fe= bruarie 1850 opdrag gekry het om oor die bouery toesig te hou. Hy en sy ge= sin het hulle tuiste, vermoedelik in Daspoort naby Pretoria, verlaat en hulle omstreeks Maart of April 1850 in Rustenburg gaan vestig. Erf No. 1 het aan hom behoort en het gestrek vanaf die Standaardbank-gebou op die hoek van die huidige Kerk- en Pleinstraat tot in Boomstraat teenoor Van der Merwe se losieshuis.[1] Teen 1853 het die bouery so gevorder dat daar, behalwe die ruim „luchtig" kerkgebou, al dertig woonhuise opgerig was.[2] In die dorp was daar destyds ook 'n winkel, naamlik die van A. Wagner wat reeds fluks sake met die inwoners gedoen het.[3] Wagner het in Mei 1851 „met 'n bondel" in Rustenburg aangekom met die oorspronklike plan om 'n drukpers op te rig. Van hierdie voorneme het nie veel tereggekom nie en toe het hy maar met ne= gosiegoedere onder die inwoners begin smous. Uit hierdie smousery het sy winkel, bekend as „Oom Aam se winkel", sy ontstaan gehad.[4]

1) Rex, H.M.: J. F. Schutte, die bouer van Rustenburg se eerste woonhuis (Historia, jaargang 4 nr. I, 4 Maart 1959, p. 22-24).

2) Stuart: op. cit., p. 392.

3) Kerkraadsnotule: Ned, Herv. gemeente Rustenburg, 4 Maart 1853 (Boek I).

4) Die Rustenburg Herout, 30 Julie 1954: Herinneringe van die Schroeder-dames.

Die dorp het skaars twee jaar bestaan toe dit alreeds 'n besondere gun= stige indruk op besoekers gemaak het. Veral die vrugbaarheid van die grond en die moontlikhede op landbou-gebied is deur hulle raakgesien. In die vroeë stadium van die dorp se geskiedenis het die goeie watervoorraad, die warm klimaat en verdere algemene toestande besonder gunstig vergelyk met Pot= chefstroom. Laasgenoemde dorp en omgewing was dikwels onderhewig aan „hagelslag en ryp" waarvan Rustenburg redelik vry was, sodat hierdie nuwe dorp en die streek waarin dit geleë was eintlik beter landbouvoordele as Pot= chefstroom gebied het.[5)] Die goeie verwagtings wat daar vir Rustenburg in die vooruitsig gestel is, het in werklikheid bewaarheid geword, want dertig jaar later is 'n ander besoeker, Jan F. Celliers, redakteur van „De Volks= stem", ook getref deur die boerdery- en nywerheidspotensiaal wat hy tydens sy besoek in 1883 opgemerk het. Rustenburg se voorspoed en die moontlik= hede wat hy daar raakgesien het, het hom laat sê: „er zat meer geld in dan in anderen gedeelten der Republiek".[6)]

b. Onderwys

Met die onderwys in Rustenburg het dit in die vroegste jare gegaan soos in alle ander boeregemeenskappe, want ook hier moes die boer skoolmeester, predikant sowel as staatsamptenaar wees. In die Potgieter-trekgeselskap, waaronder ook die bekende Kruger-familie was, het 'n onderwyser, Tielman Roos, hom bevind, wat vir die onderrig van die kinders van dié trekgroep verantwoordelik was. Heel dikwels is die onderwys op die pad onderbreek en kon die onderwyser slegs met tussenposes sy taak verrig. So het dit gegaan tot die uiteindelike vestiging van die groep in die Magaliesberg-omgewing, so= dat die vroegste inwoners van Rustenburg dus in alle waarskynlikheid hulle eerste onderwys van hierdie Tielman Roos ontvang het.[7)]

5) Stuart: op.cit., p.393.

6) De Volksstem, 23 Oktober 1883: artikel deur J.F. Celliers oor besoek aan Rustenburg.

7) Bredell en Grobler: op.cit., p.7.

Deur bemiddeling van prof. U.G. Lauts van Holland, wat baie simpa= tiek teenoor die Trekkers in Transvaal gestaan het, en J. Stuart, 'n Hollan= der, wat groot dienste gelewer het i.v.m. die opstel van die grondwet van die Republiek, is twee onderwysers na Transvaal gestuur, nl. H. v.d. Linden en J.W. Spruyt.[8)] Spruyt is in Maart 1852 deur die Volksraad teen 'n salaris van 1200 riksdaalders of 180 Rand per jaar aangestel as onderwyser te Rus= tenburg,[9)] waar hy die eerste skool op 4 Maart 1853 begin het. Behalwe sy gewone maandelikse salaris waarvoor die Kerk verantwoordelik was, sou die onderwyser twee skelling en vier stuiwers, dit wil sê ses sent, as toelaag ontvang vir die lewering van skoolbehoeftes. Die ouers moes egter self sorg vir skryfbehoeftes waarvoor nog 2 riksdaalders of 30 sent maandeliks as skoolfonds bygedra moes word.[10)]

Die eerste onderwys in Rustenburg is onder beheer van die Kerk ge= plaas. Die Kerkraad moes gratis losies aan die onderwyser verskaf en vir dié doel is 'n buitekamer aan die winkel van A. Wagner vir 3 riksdaalders, ongeveer 45 sent per maand gehuur. Uit die Kerkraad is twee lede, Phil. Snyman en J.F. Schutte, aangewys as skoolopsigters vir die pas gestigte skool. Behalwe sy onderwyspligte was Spruyt ook vir sekere ander dienste by die Kerk ingeskakel. Omdat Rustenburg in daardie dae nog geen vaste

8) Coetzee: op.cit., p.19. Vgl. ook Engelbrecht: op.cit., p.18. Meer be= sonderhede oor die uitstuur van die onderwysers, soos voorwaardes, ens. kan gevind word in die Lauts-versameling onder datum 6.12.1850 in die Argiefbewaarplek, Pretoria.

9) E.V.R. 3: Volksraadsnotule, 17-19 Maart 1852, art.14 (S.A. Argief= stukke, Tvl., No.2, p.63.)

10) Lugtenburg, A.H.: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek (Van Schaik, Pretoria, 1925), p.36. Vgl. ook Van der Mer= we, J.L.: Onderwys in Rustenburg gedurende die afgelope eeu (Die Rustenburgse Eeufeesgedenkboek, p.42). Vir meer besonderhede raadpleeg V.R. 201/52: Eerste onderwyswetgewing, d.d. 10 Maart 1852 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.2, p.301-304.)

predikant gehad het nie, het J. F. Schutte Sondae as ouderling of „domine" 'n leesdiens waargeneem en die katkisante onderrig. As hy sy pligte weens af= wesigheid nie kon nakom nie, was dit die taak van Spruyt om as plaasvervanger vir die „domine" op te tree.[11] Omdat daar nog geen skoolgebou was nie, het Spruyt vir die eerste ruk in die kerkgebou skoolgehou.

Die noue verbintenis tussen Kerk en skool het nie net in Rustenburg bestaan nie, maar het vir die hele Transvaal gegeld. So sien ons dat met die koms van ds. D. v.d. Hoff na Potchefstroom in 1853, hy aangestel is as skoolopsiener oor al die skole in Transvaal en in dié hoedanigheid vaardig hy die „Van der Hoff Reglement" oor die onderwys uit.[12] Ongelukkig het die noue verband tussen Kerk en skool 'n nadelige uitwerking op die onderwys in Transvaal gehad, want 'n onenigheid tussen ds. Van der Hoff en onderwyser Van der Linden oor sekere kerklike en politieke aangeleenthede, het nie bloot 'n geskil tussen hulle gebly nie, maar het die onderwys ook beïnvloed, sodat Van der Linden geen ander uitweg gesien het as om as onderwyser te bedank nie. Spruyt, wat ook in die rusie betrokke geraak het, het gevolglik ook uit diens getree sodat Rustenburg spoedig na die stigting van die skool sonder onderwyser was. Omdat Van der Linden en Spruyt van die weinig werklik op= geleide onderwysers in Transvaal was, het hulle bedanking daartoe gelei dat die onderwys feitlik tot stilstand gekom het. Ds. Dirk v.d. Hoff het wel daar= in geslaag om die skole in Potchefstroom en Rustenburg vir 'n tydjie aan die gang te hou, maar teen 1857 het die gebrek aan opgeleide onderwysers 'n toe= stand geskep waar die onderrig van die kinders eintlik heeltemal opgehou het.[13]

Rustenburg beklee egter 'n heel besondere plek in die ontwikkelings= geskiedenis van die onderwys in Transvaal. Nog voor die „Onderwysregle=

11) Kerkraadsnotule, Ned. Herv. gemeente Rustenburg, 4 Maart 1853 (Boek I).

12) Lugtenburg: op.cit., p.47.

13) Lugtenburg: op.cit., p.47 tot 51. Vgl. ook V.d. Merwe: Onderwys in Rustenburg gedurende die afgelope eeu (Die Rustenburgse Eeufeesge= denkboek, p.44) en Coetzee: op.cit., p.19.

ment" van Van der Hoff in werking getree het, is met die sitting van die Volksraad te Rustenburg op 10 Maart 1852 die „Schoolreglement in 13 arti= kels waaraan het Gemeentebestuur en de benoemde onderwysers zich te hou= den hebben",[14] aangeneem. Hierdeur is die grondslag van die onderwys vir Transvaal vir die eerste klompie jare gelê.

Nadat die onderwys in Rustenburg feitlik tot stilstand gekom het, het die koms van ds. Dirk Postma in 1859 weer 'n herlewing gebring. Met die hulp van kmdt. S.J.P. Kruger is 'n privaatskool op laasgenoemde se plaas, Waterkloof, gestig met J. Swart as onderwyser en teen die einde van 1864 is die skool na Rustenburg oorgeplaas. Die Regering het vanaf die oorplasing na die dorp 'n toelaag van £100 per jaar aan die skool betaal en onderrig so= wel in Hollands as in Engels is gegee, maar ds. D. Postma het die skool as private kerkskool bestuur.[15] Jan Lion Cachet, later bekend as professor aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk, was ook vir 'n tydlank hulponderwyser aan die skool teen 'n salaris van £5 per maand.[16]

Rustenburg het in 'n ander opsig ook nog 'n belangrike plek ingeneem i.v.m. die onderwys, want weens die ywer en toewyding van ds. Postma het die eerste opleiding van predikante ook daar plaasgevind. Naas die privaat= skool, hierbo vermeld, het ds. Postma ook nog 'n klompie persone gekry aan wie hy teologiese opleiding gegee het. Onder hulle was S.D. Venter en N.J.R. Swart van die eerstes wat hierdie studie voltooi en hulle as predikante be=

14) V.R. 201/52: Bylaag wat die onderwyswet bevat, d.d. 10 Maart 1852 (S.A. Argiefstukke, Transvaal, No.2, p.301-304.) Vgl. ook Eras= mus, F.W.L.: Ds. Dirk van der Hoff 'n kritiese beoordeling van sy werksaamhede in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteitskollege vir C.H.O., 1950), p.80. Vgl. ook Lugtenburg: op.cit., p.47 en Malherbe, E.G.: Education in South Africa 1652-1922 (Kaapstad, Juta, 1925), p.226.

15) Coetzee: op.cit., p.28. Vgl. ook V.d. Merwe: Onderwys in Rusten= burg gedurende die afgelope eeu (Die Rustenburgse Eeufeesgedenk= boek, p.44.)

16) Ibid.

kwaam het.[17] Die Kerkraad het die belangrikheid van die werk van hulle predikant in dié opsig besef, en hom verder alle steun gegee om 'n Teologiese Skool vir die Gereformeerde Kerk in Rustenburg opgerig te kry. Die saak is ook op 'n breër grondslag aangepak want met die sitting van die Algemene Vergadering van dié Kerk in Pretoria in 1864 is die kwessie aan die hoër kerklike gesag voorgelê en is 'n sterk pleidooi gelewer vir die instelling van 'n behoorlike opleiding van predikante te Rustenburg.[18] Alhoewel Rustenburg nie in hierdie poging suksesvol was nie, is daar tog nog ses predikante opgelei o.a. 'n seun van ds. Postma, asook P.H. du Plessis en J.C. du Plessis.[19] Daarna het egter in 1869 die permanente opleiding van predikante van die Gereformeerde Kerk in Burgersdorp tot stand gekom, waar die Teologiese Skool gestig is,[20] en het die opleiding nie meer in Rustenburg plaasgevind nie. Tog was Rustenburg die eerste plek in Transvaal waar persone verder as die gewone skoolonderrig gevorder het.

c. Geneesheer

Gedurende die Groot Trek en na die eerste vestiging van die Trekkers in verskillende dele van Transvaal was daar onder hulle geen opgeleide geneeshere nie. Gevolglik moes gewondes en ander siekes met boererate en ander tuisverpleging gedokter word. Elke gemeenskap het egter in die reël 'n soort „dokter" of „doktersvrou" gehad, wat ook die geval was met die eerste nedersetters in die omgewing van Magaliesberg. J.H. Visagie het in

17) Jooste, J.P.: Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959 (Potchefstroom, 1958), p.110. Vgl. ook beide bronne onder voetnoot 14) hierbo vermeld, asook Spoelstra, B.: Die „Doppers" in Suid-Afrika 1760-1899 (Kaapstad, Nasionale Pers, 1963), p.367.

18) Jooste: op.cit., p.111.

19) Coetzee: op.cit., p.110-111. Vgl. ook V.d. Merwe: Onderwys in Rustenburg gedurende die afgelope eeu (Die Rustenburgse Eeufeesgedenkboek, p.45.)

20) Jooste: op.cit., p.113. Vgl. ook Spoelstra, B.: op.cit., p.386.

daardie streek die rol van dokter vervul en as sodanig was hy alombekend. Sy dienste is hoog gewaardeer, sodat selfs in amptelike kringe daarvan mel= ding gemaak is. In 1858 het Paul Kruger byvoorbeeld in 'n verslag aan die Volksraad soos volg oor Visagie se dienste getuig: „Ik dien hier tevens melding te maken van den loffelyke ijver van den heer J.H. Visagie in den verplegen der gekwetsten en het toebrengen van geneeskundig hulp".[21] Die eerste opgeleide geneesheer in Rustenburg was dr. H. Jeppe wat reeds in 1858 in Rustenburg gepraktiseer het en, soos dit die gewoonte in daardie dae was, het hy sy dienste as „medikale practiserende geneesheer" geadver= teer.[22]

d. Drukpers

Rustenburg, wat 'n vooruitstrewende dorp was en, soos besoekers getuig het, ook baie moontlikhede vir uitbreiding besit het, het tog in een op= sig baie ver agter Potchefstroom en ander dorpe gebly omdat daar geen eie koerant uitgegee is nie. Maar voor die dorp nog gestig was, reeds in 1849, het kmdt.-genl. Andries Pretorius hierdie leemte terdeë aangevoel en hom soos volg uitgelaat: „Dezen (d.i. 'n koerant) is voor den verdrukten ook den eenigsten weg om syne nooden aan syne mede menschen te klagen."[23] Vir hom was dit destyds al baie noodsaaklik dat Transvaal en die Magaliesberg= omgewing 'n eie mondstuk in die vorm van 'n koerant moes hê. Tog vind ons dat daar teen die einde van die neëntiende eeu nog geen koerant in Rustenburg verskyn het nie. Dit was so opvallend dat selfs 'n besoeker, A. Seidel, op= gemerk het: „Eine Zeitung erscheint hier noch nicht",[24] terwyl Rustenburg

21) Staatscourant, 10 September 1858.

22) „Die Heer Jeppe medikale Practiserende geneesheer", te Rustenburg gee kennis dat sy dienste ook elders beskikbaar is (Staatscourant, 19 Maart 1858).

23) Brief aan Andries Pretorius in De Zuid-Afrikaan, 17 Januarie 1849.

24) Seidel, A.: Transvaal (Berlyn, Allgemeine Verein für Deutsche Lite= ratur, 1898), p.263.

op ander gebiede vir hom alle tekens van vooruitgang getoon het.

In 1851 het Pretorius egter reeds 'n daadwerklike poging aangewend om 'n drukpers in die pasgestigte dorp opgerig te kry toe A. Wagner spesiaal vir die doel uit die Kaapkolonie na Rustenburg laat kom is. Met sy aankoms in Rustenburg het hy probeer geld insamel en wou hy deur te kollekteer en aandele te verkoop die nodige geld verkry, maar hy het nie veel sukses be= haal nie en moes gevolglik sy poging laat vaar. Hy het hom toe maar op die handel toegespits waarmee hy groot welslae behaal het.[25] Dit was eers in 1924 onder leiding van F.J. Wulfse dat daar wel 'n drukpers opgerig is en die dorp met 'n eie koerant, die Rustenburg Herout kon spog.[26]

e. Staatkundige rol in Transvaal

Rustenburg was meer sentraal geleë ten opsigte van die bevolking in Transvaal as Potchefstroom, Lydenburg of Zoutpansberg, die ander drie be= volkingsentra. Daarom het hierdie omgewing nog voor die ontstaan van die dorp al 'n belangrike rol begin speel as 'n plek waar sake van gemeenskapli= ke belang vir die hele Transvaal bespreek en behandel is. In die verband is dit opmerklik dat die samewerking tussen die groepe van Pretorius en Pot= gieter juis in Rustenburg bewerkstellig is en in die eerste tien jaar van sy bestaan sou Rustenburg die plek wees waar baie belangrike mylpale in die Transvaalse eenwordingsgeskiedenis bereik is.[27]

Vir sover vasgestel kon word is die eerste van hierdie byeenkomste op 26 Desember 1850 gehou toe die Krygsraad 'n Kommissieraadsvergade= ring daar belê het om die „verraderlyke samespanning van den Kaffers cap=

25) Sien voetnoot 4 hierbo op p.17. Vgl. ook Engelbrecht: op.cit., p.15.

26) Rex, H.M.: Die Pers in Rustenburg (Die Rustenburgse Eeufeesgedenk= boek 1851-1951, p.92).

27) Wichmann, F.A.F.: Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiede= nis, 4$^{e}$ Jaargang, deel II, Kaapstad, 1941, p.115.)

peteyne, Sambok, Malook" en andere te bespreek.[28] Daarna het 'n soortgelyke byeenkoms by De Kruis aan die Magaliesberg gevolg op 30 Mei 1851, toe Andries Pretorius 'n groep vooraanstaande inwoners byeengeroep het ten einde die „vyandelyke gerugten en raporten" te ondersoek.[29] Op 12 Februarie 1852 het die Kommissieraad weer eens vergader en hierdie keer op Rustenburg self met die doel om voorbereidings te tref vir 'n Volksraadsitting wat vir Maart van dieselfde jaar op dié dorp beplan is.[30] Toe die Volksraad 'n maand later daar vergader het, was dit die vernaamste van die byeenkomste wat tot dusver op die nuwe dorp plaasgevind het. Boonop was hierdie sitting ook nog besonder belangrik omdat dit die eerste keer in baie jare was dat verteenwoordigers uit alle dele van die land vergader het met die uitsluitlike doel om met die oog op samewerking „op de beste en meest mogelyke wyze tot een vereeniging te geraken",[31] Die geskil tussen Pretorius en Potgieter i.v.m. die onderhandelings tussen eersgenoemde en die Engelse is ook op die vergadering op dramatiese wyse uit die weg geruim, en dit het 'n besondere indruk gemaak op almal wat daar teenwoordig was, toe die twee leiers in 'n tent op die kerkplein van die Hervormde Kerk mekaar die hand gereik het.[32]

Op hierdie sitting is ook die Sandrivierooreenkoms wat Pretorius met Hogge en Owen aangegaan het, deeglik bespreek en deur die Volksverteenwoordigers bekragtig. In Rustenburg is dus die belangrike stap gedoen om

28) E.V.R. 3: Rapport Kommissieraadvergadering, d.d. 26 Desember 1850 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.I, p.369.)

29) E.V.R. 3: Notule van die spesiale sitting van die Kommissieraad, d.d. 30 Mei 1851 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.2, p.33.)

30) E.V.R. 3: Brief van die Voorsitter van die Volksraad, Prinsloo, aan die Sekretaris van die Volksraad, d.d. 12 Februarie 1852 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.2, p.52-53.)

31) E.V.R. 3: Volksraadsnotules, art.2 d.d. 17 Maart 1852 (S.A. Argiefstukke, Tvl. No.2, p. 56.) Vgl. ook Wichmann: op.cit., p.115, Stuart: op.cit., p.201-202.

32) Pelzer: op.cit., p.8. Vgl. ook Hintrager, O.: Geschichte von Süd-Afrika (München, R. Oldenburg, 1952), p.213.

die onafhanklikheid van Transvaal amptelik te aanvaar en so die weg te baan vir die ontstaan van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Vir Rustenburg was dit van groot betekenis omdat die dorp in 1852 die jongste dorp in die hele land was.

Alhoewel Potchefstroom nog die hoofstad van Transvaal was en Pre= toria, ná sy stigting ook as byeenkomsplek in belangrikheid begin toeneem het, is daar tog nog gereeld Volksraadsittings in Rustenburg gehou, o.a. op 8 Junie 1855 en weer op 11 Maart 1856.[33] Wat verder veral opval, is die feit dat die besondere belangrike sitting van die Volksraad waar die grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek bespreek en finaal aanvaar is, op 13 Februarie 1858, ook te Rustenburg plaasgevind het.[34]

Nieteenstaande die feit dat die grondwet vir Transvaal in 1858 aan= vaar is, was daar in 1859 nog geen staatkundige eenheid bewerkstellig nie. Lydenburg het in 1859 nog steeds 'n republiek onafhanklik van die res van Transvaal gevorm. Op 26 Februarie 1859 is 'n poging aangewend om same= werking tussen Lydenburg en die Zuid-Afrikaansche Republiek te verkry, maar op die eerste vergadering oor die saak kon die verskillende partye geen finale oplossing bereik nie. Rustenburg was weer die plek waar die hele saak gefinaliseer is toe op die gesamentlike byeenkoms van die Lydenburgers en die verteenwoordigers van die Zuid-Afrikaansche Republiek op 23 Novem= ber 1859 op dié dorp die volgende uiters belangrike besluit geneem is: „Wordt

33) Ad. V.R. 436/55: Verslag J. Stuart aan die Volksraad d.d. 8 Junie 1855 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.3: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), deel III (1854-1858) (Staatsdrukker, s.j. bylaag 14, 1855, p.307-316).

34) E.V.R. 102: Notule van die Krygsraad, d.d. 1 Februarie 1858, Rus= tenburg (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.3, p.493-496). Vgl. verder Jeppe, F.J. en Kotze, J.G.: De locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek 1849-1885 (Pretoria, 1887), p.69, asook Wichmann: op.cit., p.234 en Staatscourant, 26 Februarie 1858 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.3, p.156-159).

besloten en vastgesteld, dat ... deze vereeniging tusschen de Zuid-Afrikaan=sche Republiek en Lydenburg met vele moeijelykheden weder gelukkig tot stand gebragt is.[35]

Met hierdie ooreenkoms het Transvaal vir die eerste keer in die ge=skiedenis 'n staatkundige eenheid uitgemaak en die deelnemers aan die sa=mesprekings in Rustenburg was vasbeslote dat die eenheid nie meer maklik verbreek sou word nie. Daarom is ook nog die volgende besluit geneem: „dat niet toegelaten of gedoogd zal worden dat door iemand, wie het ook zy, de nu bestaande vrede gestoord zal worden, en dat om zulks te voorkomen, bepaald worde dat niemand het regt zal hebben om de voor deze bestaan heb=bende kwestien en al wat daarop betrekking heeft op te halen". As iemand hom sou skuldig maak aan so 'n oortreding, is bepaal dat hy aan 'n boete van 25 tot 500 riksdaalders onderhewig sou wees.[36]

Daarmee was die ideaal van M.W. Pretorius om vir die hele gebied noord van die Vaalrivier 'n sentrale regering daar te stel, eindelik verwe=senlik. Die ontstaansgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek wat in 1852 in Rustenburg die eerste mylpaal bereik het, word dan op dieselfde dorp net 'n bietjie meer as sewe jaar later tot volle ontplooiing gebring.[37]

Daar is ook nog ander grootse planne vir dié dorp in die vooruitsig gestel, want die moontlikheid het sterk gelyk dat Rustenburg en omgewing 'n bydrae kon lewer om Transvaal ekonomies onafhanklik van die Britse Kolonies te maak. Destyds moes koffie en suiker nog altyd ingevoer word, terwyl bei=de hierdie noodsaaklike produkte met sukses in Rustenburg en omgewing ge=kweek is. Die rede hiervoor was dat Rustenburg en die plase in die onmid=

35) Goevernements Courant, 18 Mei 1860: Verenigingsooreenkoms tussen Z.A.R. en Republiek van Lydenburg, art.25, d.d. 24 November 1859, Rustenburg (S.A. Argiefstukke, Transvaal, No.4: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), deel IV (1859-1863) (Staatsdrukker, Kaapstad, s.j. p.331.)

36) Ibid.

37) Wichmann: op.cit., p.234.

dellik omgewing van die dorp baie beskut geleë was aan die voet van die Ma= galiesberg en die grond daarby geskik was vir die kweek van koffie en suiker. Dit het nie slegs by bespreking gebly nie want die koffie en suiker wat in Rus= tenburg gekweek is, was van so 'n goeie gehalte dat gunstige kommentaar daaroor gelewer is, sodat die verbouing op groot skaal ernstige aandag ge= niet het.[38] Toe die moontlikheid van dié boerdery raakgesien is, is ook besef dat, met die nodige uitbreidings, Transvaal onafhanklik sou kon word van die invoer van dié produkte deur die Britse Kolonies.

Die inwoners is derhalwe aangemoedig om met die pogings voort te gaan om suiker en koffie op groter skaal in Rustenburg te kweek, en niemand minder nie as president Pretorius self het die voortou geneem. Hy het des= tyds 'n groot koffieplaas in Rustenburg besit, waarop reeds duisende koffie= bome aangeplant was. Die aanmoediging dat „the farmers must exert them= selves to the utmost, in order to render us independent of this produce",[39] het ook nie op dowe ore geval nie, want 'n paar jaar later, in 1867, toe die eerste landbouskou in Potchefstroom gehou is, was die koffie- en suikerver= bouing al so gevorder dat die Rustenburgers hierdie produkte met sukses op die tentoonstelling kon uitstal en ook al die pryse wat daarvoor toegeken is, kon verower. Met die geleentheid het 'n sekere Tienie Ras die eerste prys vir koffie behaal terwyl president Pretorius die tweede prys gekry het. Daar is verder spesiale melding gemaak van die goeie gehalte suiker wat in die om= gewing van Rustenburg gekweek is.[40]

f. Kerklike afskeiding

Waar Rustenburg die plek is waar die staatkundige eenwording van Transvaal bewerkstellig is, was dit ook die plek waar ernstige kerklike ge= skille ontstaan het. Die geskille het daartoe gelei dat, naas die bestaande

38) The Transvaal Argus, 20 Junie 1860.

39) Ibid.

40) The Transvaal Argus, 9 April 1867.

kerk in Rustenburg, nog 'n kerk gestig is. Onder die persone wat hulle aan die Magaliesberg gevestig het was daar 'n groep wat „Potgietermense" ge= noem kon word. Hulle het 'n konserwatiewe kyk op sake gehad en die verset teen die bestaande Kerk het hoofsaaklik van hierdie persone gekom.[41)]

Twee persone, Hans en Jacob Erasmus, het die bestaande Kerk in 1853 van valse leer beskuldig. Hulle wou ook nie die Kerkraad se gesag er= ken nie en het verder beweer dat valse leraars in die gemeente aangestel is. Die Landdros het die klagtes aan die Kommissieraad voorgelê, wat die saak in 'n baie ernstige lig beskou het en op 9 Augustus 1853 word 'n waarskuwing aan die twee persone gestuur.[42)] Met die sitting van die Algemene Kerkver= gadering te Rustenburg in Augustus 1853 het verdere moeilikhede opgeduik toe diaken Stephanus Kruger versoek het dat die gesange uit die eredienste verwyder word, maar aan sy versoek is nie gehoor gegee nie.[43)]

Hierdie klagtes en versoeke was net die begin van die groot kerkgeskil wat in Rustenburg ontstaan het. Die sing van gesange by eredienste het die eintlike twisvraag geword, maar dit was heel duidelik dat daar ook ander en meer onderliggende verskille was.[44)] Met sy aankoms in Rustenburg op 10 November 1858, het ds. Dirk Postma hom dadelik midde in hierdie kerkstryd bevind.[45)] Hy het onmiddellik aan die samesprekings met ds. Dirk van der Hoff en die Hervormers begin deelneem, waarop urelange diskussies gevolg het waar „veel gesproken werd over het laten zingen der Evangelische Ge=

41) Jooste: op.cit., p.44. Vgl. ook Spoelstra, B.: op.cit., p.188; Engel= brecht: op.cit., p.36; Scholtz: op.cit., p.155-156.

42) E.V.R. 3: Notule Kommissieraadsitting, d.d. 9 Augustus 1853, Art.20 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.2, p.139).

43) Engelbrecht: op.cit., p.36 en 37. Vgl. ook Scholtz: op.cit., p.151.

44) Jooste: op.cit., p.53. Vgl. ook Engelbrecht: op.cit., p.36-38; Scholtz: op.cit., p.151; Du Toit: op.cit., p.18 en Spoelstra, B.: op.cit., p. 194 en 195.

45) Ibid.



Ds. D. Postma 1818-1890

Eerste Gereformeerde predikant in Rustenburg

sangen.[46] Verskeie pogings is nog later aangewend, maar steeds kon die twee partye geen bevredigende oplossing vind nie.[47] Soos reeds opgemerk, was die kwessie van gesange die vernaamste strydvraag, maar die deelne= mers aan die besprekings wat teen die Kerk gekant was, het baie meer diep= liggende besware gehad. Volgens hulle insiens het die Kerk afgewyk van die grondslag van die Gereformeerde Kerk, 'n beswaar wat die mense reeds vroeg in die negentiende eeu die benaming „Doppers" laat kry het.[48]

Nadat dit duidelik geword het dat geen versoening sou kon plaasvind nie, is die Gereformeerde Kerk in Rustenburg gestig. Pas agt jaar na die stigting van die dorp is daar dus nou twee Kerke, want op 10 en 11 Februarie 1859 het die Gereformeerde Kerk onder 'n ou seringboom tot stand gekom. Die rede waarom die stigting onder 'n seringboom plaasgevind het, was die feit dat ds. Van der Hoff van die Hervormde Kerk die kerkgebou aan die men= se geweier het. Op die stigtingsvergadering is die volgende kerkraadslede verkies: as ouderlinge: Piet Venter, Phil. Snyman, F. Robbertse, S.F. Kruger en P.L. Schutte en as diakens: D.G. Kruger, L. van Wyk, J. Bek= ker en H.S. Stroh; lg. is ook gekies as scriba van die vergadering.[49]

By hierdie byeenkoms was daar 300 lidmate en ruim 780 siele teen= woordig. Die vrees wat die Nederduits-Gereformeerde kerkmanne oor die geskille aangevoel het, het nie ongegrond geblyk te wees nie, want die skeu= ring het wel plaasgevind en die stigting van die Gereformeerde Kerk in Rus=

46) Kerkargief Geref. Kerk: Postma, D.: Journaal vanaf myn afskeid van de gemeente Zwolle Maart 1858 (ongepubliseerd), p.169. Vgl. ook Jooste: op.cit., p.53 en Spoelstra, B.: op.cit., p.225.

47) Ibid.

48) Spoelstra, B.: op.cit., p.22-26. Vgl. ook Jooste: op.cit., p.53 en verder ook Gedenkuitgawe van die Geref. Gemeente Rustenburg (Pot= chefstroom, 1958), p.3.

49) Kerkraadnotule Geref. Kerk Rustenburg, d.d. 10 en 11 Februarie 1859 (In die Kerkargief van die Geref. Kerk te Potchefstroom). Vgl. ook Spoelstra, B. op.cit., p.226-230; Engelbrecht: op.cit., p.33-46 en Postma: op.cit., p.202.

tenburg was 'n voldonge feit.[50]

Die geskille is egter nie na die stigting van die Kerk uit die weg ge= ruim nie maar het eerder nog in felheid toegeneem want 'n gees van vyandig= heid en teenkanting het teen die Gereformeerdes ontstaan. Smaad en hoon moes deur hulle verduur word, sodat ds. Postma moes opmerk dat „openba= re spot en lasteringen", hulle toegevoeg is; tog maan hy tot „lydzaamheid" en wil hy graag skerp teenaanvalle van die kant van sy lidmate vermy.[51] Daar is selfs nie geskroom om 'n regeringspublikasie, die Staatscourant, as aanvalsmiddel teen die Gereformeerdes te gebruik nie en in 'n brief is soos volg na hulle verwys: „Het getal Postmanianen is te Rustenburg met eene twee of drietal vermeerderd, zynde seker stroomannetjie met nog een paar sentimentele en zenuwachtige vrouwen".[52]

Selfs buite die grense van die Transvaal is die kerkstryd in Rustenburg met bedenkings gadegeslaan en is met groot kommer daarna verwys en tereg opgemerk dat die twis en skeuring nie bevorderlik was vir die gesonde ont= wikkeling van die jong Republiek nie. Die pasgestigte staat moes juis so lank gebuk gaan onder politieke verdeeldheid en nou moes in Rustenburg „nieuwe stof voor twist, en dat wel voor godsdienstig twist by de vroegere bestaande staatkundige geschillen" gevoeg word.[53] „De Zuid-Afrikaan" was nie ver= keerd met sy opmerking oor die twis nie, want die stryd is tot in die Volks= raad voortgesit en met die sitting van dié liggaam op 15 Februarie 1860 moes daar twee briewe oor die kerksaak behandel word. Eerstens het landdros

50) Jooste: op.cit., p.59.

51) Postma: op.cit., p.202-203.

52) Staatscourant, 28 Januarie 1859: brief wat oor die aangeleentheid ano= niem geskryf is.

53) De Zuid-Afrikaan, 24 Februarie 1859: Hoofartikel oor die aangeleent= heid.

P.J. van Staden by die Volksraad geprotesteer teen die stigting van die Kerk, en wil hy „binnen de limieten van het dorp Rustenburg",[54] nie nog 'n kerk gestig hê nie. Die tweede brief was die van S.J.P. Kruger, waarin hy sterk beswaar maak teen die feit dat die Gereformeerde Kerk in Rustenburg ver= hinder word om geskikte grond vir die bou van hulle kerk aan te koop. Vol= gens hom het hulle reeds aansienlike koste aangegaan en die grondtransaksie met die „oude Heer Van der Weshuisse" was feitlik finaal beklink, toe hulle pogings deur die inmenging en teenkanting van hulle teëstanders verydel is.[55]

Skynbaar is die Gereformeerdes nog verder teëgestaan en is aan hul= le sekere voorregte van gewone burgers ontsê omdat hulle nie aan die des= tydse staatskerk, die Hervormde Kerk, behoort het nie. Met die toestand van sake kon die lidmate van die Gereformeerde Kerk nie genoeë neem nie. Daar= om het kmdt. Kruger namens hulle by die fungerende president, W.C.J. van Rensburg protes aangeteken en gevra dat die saak ondersoek en in die reine gebring moes word.[56]

Die teenkanting het nog vir 'n hele aantal jare voortgeduur, maar ten spyte daarvan, toon die Gereformeerde Kerk 'n kragtige en snelle groei, want binne die bestek van 'n jaar het die aantal lidmate in Transvaal van 310 tot 787 vermeerder.[57]

Op kerklike gebied het Rustenburg nou 'n heel belangrike plek inge= neem want dit het die kerksentrum van die Gereformeerde Kerk in die hele

54) R. 3563/60, No.29: Brief landdros Van Staden aan die Volksraad, d.d. 15 Februarie 1860 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.4, p.337-338). Vgl. ook Scholtz: op.cit., p.175.

55) R. 3566/60: Brief S.J.P. Kruger aan Volksraad, d.d. 15 Februarie 1860 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.4, p.337).

56) S.S. Supl. stukke, No. 89/62: Brief Kruger aan Volksraad, d.d. 1 Au= gustus 1862 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.4, p.481). Vgl. ook Scholtz: op.cit., p.179.

57) Gedenkuitgawe; Geref. Kerk in Rustenburg, 1958, saamgestel deur 'n Kerkraadskommissie: (ds. P.J. Venter, oudl. C.J.H. Vorster, D. van Rooy, en D.C. Guillaume) (Potchefstroom), p.2.

Transvaal geword. Trouens, vir die hele Suid-Afrika was Rustenburg 'n vername middelpunt en bymekaarkomplek van die lede van die Gereformeer=de Kerk.

Hoofstuk 3

# ALGEMENE ONTWIKKELING, 1860-1877

## a. Nywerhede

Die eerste tien jaar van Rustenburg se bestaan was gekenmerk deur woelinge op staatkundige sowel as kerklike gebied. Gevaarvolle tye is deur dreigende naturelle-onluste veroorsaak en aanvalle van malariakoors het die lewe van menige inwoner geëis. Maar na hierdie stormagtige beginjare het daar 'n tydperk van rus en vrede aangebreek. Daar het wel nie veel skou= spelagtigs in die dorp en omgewing plaasgevind nie, maar tog was hierdie jare gekenmerk deur 'n kragtige groei en uitbreiding op feitlik alle terreine van die sameleweing.

In 1853 was daar net een winkel, die van A. Wagner. Skaars vyftien jaar na die dorp gestig is, was daar sewe winkels wat florerende sake ge= doen het. Dit moes met die winkeleienaars voorspoedig gegaan het want hul= le was so welvarend dat die eerste dubbelverdiepingwonings in Rustenburg deur van hulle opgerig is.[1)]

Gepaard met die voorspoed het verbruiksartikels in prys gestyg. Meel, vleis en klere het alles duurder geword terwyl grondpryse ook die hoogte in= geskiet het.[2)] Ook met die boerdery in die omgewing van die dorp en in die distrik het dit besonder voorspoedig gegaan: pragtige wit suiker is geprodu= seer, katoen, koffie en tabak is met welslae verbou en die lemoenboorde wat orals aangeplant is, het goeie oeste begin oplewer.[3)]

Die suksesvolle verbouing van al hierdie produkte het Rustenburg 'n belangrike plek in die Transvaalse samelewing en ekonomie laat inneem want dit het die vooruitsig vergroot dat die Transvalers vir dié noodsaaklike

1) The Transvaal Argus, 12 Junie 1866.

2) Staatscourant, 20 Augustus 1858.

3) The Transvaal Argus, 20 Junie 1860.

verbruiksgoedere nie meer van die Britse Kolonies afhanklik sou hoef te wees nie.[4] Vir die ekonomiese en staatkundige onafhanklikheid van die jong Republiek was hierdie moontlikheid natuurlik van vername betekenis. Be= soekers aan Rustenburg het dit ook raakgesien en was baie beïndruk deur dié vorm van boerdery. So kon ds. T. F. Burgers gedurende 'n besoek aan Rus= tenburg nie nalaat om op te merk nie: „Suiker en Koffyplantages zyn er over= al, Rustenburg is een lustoord. Het zal goed zyn als de stilte eens gebroken word door het geruisch van het grooten molen."[5] Alle aanduidings was dus daar dat 'n baie mooi toekoms op die dorp en sy inwoners gewag het as die moontlikhede wat dit gebied het net ten volle ontwikkel sou word.

Burgers se toekomsdroom van die „geruisch van het grooten molen" het spoedig bewaarheid geword. Blykbaar is kort na sy besoek deur W.A. Schoch aan hierdie saak aandag gegee want in 1876 het hy alreeds 'n suiker= meul opgerig gehad wat in volle produksie was. Met die meul het hy sy eie oes verwerk en kon hy spog met 'n opbrengs van 500 pond wit suiker vir die jaar. Om dié nywerheid in Rustenburg verder aan te help, het Schoch ook ander boere uitgenooi om hulle suikerriet na sy meul te bring vir verwerking.[6]

Ook van die kant van die Duitse inwoners is 'n bydrae tot die vooruit= gang van nywerhede in Rustenburg gelewer. Een van hulle, J. Glatthaar, het naamlik die maal van koring meer doeltreffend gemaak toe hy vroeg in die sewentiger jare van die vorige eeu die watermeul van Frans Stroh gekoop en dit laat moderniseer en vergroot het. Die meul het in later jare baie bekend geword as Glatthaar se meul. Vir hierdie ondernemingsgees van die twee baanbrekers het die publiek hulle openlike dankbaarheid en waardering

4) The Transvaal Argus, 20 Junie 1860. Vgl. ook voetnoot 38 op p.28 hierbo.

5) Burgers, T.F.: Schetzen uit de Transvaal (Kaapstad, V.d. Sandt en De Villiers, 1872), p.13 en 14.

6) De Volksstem, 4 Maart 1876.

# PROSPECTUS

VAN DE

# RUSTENBURGSCHE LAND en EMIGRATIE MAATSCHAPPY.

**KAPITAAL £20,000. IN 1,000 AANDEELEN VAN £20. ELK,**
**(GOEDGEKEURD BY VOLKSRAADSBESLUIT VAN 31 OCTOBER 1866.)**

## BESTUURDERS:

de HH. W. ROBINSON, HONEYMOON, RUSTENBURG.
H. JEPPE, BELLEVUE, do
J. SCHOONBEE, WATERKLOOF, do
J. FRANK, RUSTENBURG.

*(Met regt om tot een getal toe te voegen.)*

Waarnemend Secretaris: de Heer H. JEPPE,
Procureur: id A. I. MUNNICH,
Landmeter: id J. BROOKS, (Gezworen Govts. Landmeter)

## AGENTEN:

POTCHEFSTROOM: de Heer F. JEPPE,
WAKKERSTROOM: id P. J. JOUBERT,
PRETORIA: de Heer A. BRODRICK,

N.B. In alle deelen van de Republiek, de Kolonie en elders worden Agenten aangesteld.

Het doel der Maatschappy is, om de Emigratie naar de Z. A. Republiek aan te moedigen en gemakkelyk te maken. De Bestuurders, die door een langdurig verblyf hier te lande, ten volle er mede bekend zyn, gevoelen zich bereid om in eenig district, plaatsen aan te wyzen en te bezorgen, die zoowel den man van geringe middelen als meer bevoorregten kunnen voldoen.—Reeds bebouwde plaatsen, of gedeelten van plaatsen, kunnen door de Maatschappy naar een ieders welgevallen worden bezorgd. Door hare byzonderlyke ligging is de Z. A. Republiek geschikt om Koffy, Suiker, Katoen, Wol, Tabak, Koorn, enz. voort te brengen terwyl er geen beter land is voor Veeboeren. Koper, Lood, Yzer en Steenkolen worden overvloedig gevonden in de Districten Rustenburg, Waterberg en Marico.

## AGENTSCHAP:

De Afdeeling voor Agentschappen zal voorzien in den verkoop van plaatsen in Commissie zoowel voor personen in het land wonende, of van Transvaalsche gronden waarvan de eigenaars in andere landen verblyf houden. Alles hiermede in betrekking zal door de Maatschappy zoo billyk mogelyk worden verrigt.

Aanvraag voor Aandeelen moet ten spoedigste gedaan worden in geschrifte gerigt aan den Secretaris, of aan een der Agenten. De Aandeelen zullen in evenredigheid van het voorhanden getal door de Bestuurders worden toegekend.

## VORM VAN AANVRAAG VOOR AANDEELEN.

Aan den Secretaris of Agent van de Rustenburgsche Land- en Emigratie Maatschappy.

MYNHEER!—By deze wordt de Maatschappy versocht my Aandeelen toe te kennen, terwyl ik my verbind om alle bestaande of nog te maken wetten en bepalingen betrekkelyk de Aandeelen der Maatschappy naauwkeurig na te komen, ook wat de betaling betreft die van my op die aandeelen zal worden verlangd.

Naam voluit..........................................................
Adres voluit ..........................................................

Voor eenige nadere inlichtingen vervoege men sich tot de Agenten der Maatschappy of by den Ondergeteekende,

H. JEPPE, Tydelyk Secretaris.

Kantoor der Maatschappy aan de Markt te Rustenburg, 21 Nov. 1866.

betuig.[7]

Glatthaar het die koringverbouing in Rustenburgdistrik nog verder aangehelp deurdat hy die eerste persoon was wat koringdorsmasjiene in die distrik ingebring het.[8] Daardeur is die stadige en primitiewe manier om met perde te trap vervang deur die vinniger en meer doeltreffende metode om koring te dors.

Daar word dikwels melding gemaak van die stilte in Rustenburg. So vermeld 'n koerant bv. in September 1866 dat in die afgelope drie maande nie 'n enkele saak voor die Landdros gedien het nie en voeg dan skertsender wys aan die mededeling toe: „and agents and attorneys would not call Rustenburg their eldorado".[9] Tog het die stilte nie stilstand beteken nie want uitbrei= dings en verbeterings was orals waarneembaar. Benewens die sewe winkels was daar in 1866 alreeds 72 wonings in die dorp, terwyl 132 dorpserwe uit= gemeet was en die inwonertal alreeds op 350 te staan gekom het.[10]

Met nagmaalsvierings was dit die ene bedrywigheid. Groot verko= pings en vandisies is dan ook altyd so gereël dat dit met nagmaalsvierings moes saamval. By die geleenthede het die winkeliers vanselfsprekend goeie sake gedoen.[11] Van een van die voorwaardes waarop die dorp in 1851 aan= gelê is nl. „dat nimmer een kantien of taphuis" opgerig sou word, is nou af= gesien. In 1866 is naamlik twee dranklisensies aan inwoners van Rustenburg uitgereik, die een aan J.R. Frank om drank „by de kleine maat" te verkoop

7) De Volksstem, 4 Maart 1876. Vgl. ook Penzhorn, J.: Die bydrae van die Duitse element tot die geskiedenis van Rustenburg (Die Rustenburgse Eeufeesgedenkboek, p.105). Vgl. verder 'n reeks artikels oor die groei en ontwikkeling van Rustenburg in die Rustenburg Herout gedu= rende 1955.

8) Ibid.

9) The Transvaal Argus, 12 Junie 1866.

10) Ibid.

11) The Transvaal Advocate and Commercial Advertiser, 17 Januarie 1874.

en, sowat 'n maand later, een aan A. Wagner om drank „by de groote maat" te verkoop.[12)]

Pas twintig jaar nadat Rustenburg gestig is, was dit een van die groot= ste dorpe in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Dit kan baie goed uit belas= tingsopgawes wat by die Tesourier-generaal ingedien is afgelei word, want die opgawes toon aan dat van al die dorpe net Potchefstroom meer belastings ingevorder het as Rustenburg.[13)] Net soos in die eerste dekade van sy be= staan het Rustenburg ook nou 'n besondere indruk op besoekers gemaak. So was ds. T.F. Burgers baie aangenaam verras met alles wat hy in Rustenburg gesien het en laat hy hom daaroor as volg uit: „Ik eindig deze onvolledige schets met myne lezers een kykje te geven op het schoone Rustenburg aan den voet van den Magaliesberg, met zyn schilderachtig omstreken suiker en Kof= fyplantages, oranjien en echte Geldersche stille, waarlijk het is een plaats van rust ..... O, Rustenburg is een lustoord."[14)]

b. Landboubedrywighede

Voordat goud ontdek is het die meeste inwoners van Transvaal 'n be= staan uit boerdery gemaak. Van al die distrikte in die jong staat het Rusten= burg die beste landbouvooruitsigte gehad. Vrugbare grond, 'n gematigde klimaat en 'n redelike goeie reënval het alles daartoe bygedra dat Rustenburg so beskou kon word.

Dit is betreklik vroeg besef dat boerderyaangeleenthede nie op 'n los= se en ongeorganiseerde basis kon bly voortgaan nie. Om hierdie rede is in 1866 in Rustenburg die „Land en Emigratie Maatschappy" gestig met as di=

12) Gouvernementscourant: a „licentie" vir Frank toegestaan op 20 Oktober 1866 en b aan Wagner op 2 November 1866.

13) Gouvernementscourant, 1 Augustus 1871: Die opgawes was onderskeide= lik vir Potchefstroom R2,002; Rustenburg R1,502, Pretoria R774. Vir ander dorpe was die syfers heelwat laer.

14) Burgers: op.cit., p.13 en 14.

rekteure die here W. Robinson, Herman Jeppe, J. Schoonbe en J. Frank.[15) ]Die eerste doelstelling wat hulle beoog het, was om „Emigratie naar de Zuid-Afrikaansche Republiek aan te moedig en gemakkelyk te maken."

Tweedens moes veral die verbouing van koffie en suiker aandag geniet, terwyl die produksie van genoegsame hoeveelhede katoen en tabak aangemoe= dig moes word. Die direkteure sou hulle egter nie net met landbou besig hou nie. Ook ander bedrywigheid is in die vooruitsig gestel, naamlik die moont= likheid om minerale soos koper, lood en yster te ontgin. Een van hulle on= middellike oogmerke was om 'n landbouskou in Rustenburg te reël sodat die boere met mekaar kon meeding en sodoende hulle landbou en veeteelt verbe= ter.

Om hierdie planne tot uitvoer te bring was groot kapitaal nodig, wat hulle beoog het om te verkry deur aandele van R40.00 stuk aan die publiek te verkoop. Daarmee sou 'n fonds van R40,000 opgebou word, wat vir daar= die dae voorwaar 'n reusebedrag was. Die voorgestelde projek was nie blo= te wensdinkery nie en het ook nie in die lug bly hang nie want op die stigters= vergadering was daar reeds aansoeke vir tweehonderd plase ten behoewe van 'n groot aantal boere wat vanuit die Kaapkolonie wou verhuis.[16)]

Die onderneming het besonder suksesvol verloop. Binne vyf maande was die helfte van die beoogde kapitaal reeds ingevorder en alle voorlopige reëlings gefinaliseer.[17)] Tog het die maatskappy ook teenkanting ondervind want in hulle pogings om geld in te samel is nie net in Transvaal aandeelhou= ers gewerf nie, maar ook in die ander state in Suid-Afrika. Natal was egter glad nie geneë om met die Rustenburgers saam te werk nie. Daaraan het die direksie van die maatskappy hulle nie veel gesteur nie. Uit Natal sê hulle, het hulle nie veel steun verwag nie, veral nie omdat dié kolonie op die randjie

15) The Transvaal Argus, 27 November 1866. Die volle prospektus van die maatskappy, met hulle planne, ledegeld, ens., word volledig in hier= die koerant uiteengesit.

16) Ibid.

17) The Transvaal Argus, 2 Mei 1867.

# Rustenburgsch Landbouwgenootschap.

## OPGERIGT TE RUSTENBURG, OP DEN 22 JUNY 1867.

### COMITE:

PRESIDENT: P. J. VAN STADEN, Landdrost.
VICE PRESIDENT: C. PISTORIUS, Raadslid.

### LEDEN:

L. R. KROEP, J. P.; W. ROBINSON, Raadslid; S. K. DU TOIT; J. ESTERHUIZEN, Fung. Komdt.: J. SCHOONBEE; H. JEPPE, Raadslid; J. FRANCK; F. PISTORIUS; W. GROBLER; ST. OOSTHUIZEN; KASPER V. ZYLL; P. J. V. STADEN, Sr.; H. POTGIETER; H. RAS; H. ENGELBREGT; W. PRETORIUS; GERT ROBBERTSE; HENDRIK POTGIETER, Raadslid.

H. JEPPE,
S. J. V. K. DU TOIT, } Secretarissen.

Bovengenoemde Secretarissen hebben de eer aan de Inwoners van deze Republiek bekend te stellen, dat by besluit van dit Landbouwgenootschap, eene

## TENTOONSTELLING

**zal plaats hebben te RUSTENBURG, op den 15den January 1868,**

**openstaande voor alle Inwoners dezer Republiek.**

PRYSLYSTEN en verdere byzonderheden zullen zoo spoedig mogelyk bekend gemaakt worden; het Landbouwgenootschap vertrouwt dat deze tydige kennisgeving de inwoners van alle Districten in de gelegenheid zal stellen, ruimschoots aan deze Tentoonstelling deel te nemen. Bydragen voor de pryzen zullen met dank aangenomen worden.

Op last,
H. JEPPE,
S. J. V. K. DU TOIT, } Secretarissen.

Rustenburg, 27 Juny 1867. (1)

van bankrotskap verkeer het.[18]

Verder het die Rustenburgers egter net lof vir hulle planne ontvang en is die hoop oral uitgespreek dat hulle sukses sou behaal. So berig 'n koe= rant as volg oor die onderneming: „You will have heard already that the little town of Rustenburg has started a Land and Emigration Coy incorpora= ted by act of Volksraad and I consider this undertaking together with the new mining coy established here in Pretoria, the first important undertakings really beneficial to the whole country. These two companies have every chance of success."[19]

Met die skouplanne van die maatskappy het sake nie so goed verloop nie. Potchefstroom was in dieselfde tyd ook besig om hulle eerste landbou= skou te organiseer en het Rustenburg voorgespring. Dit het tot heelwat wry= wing en tweedrag tussen die twee dorpe gelei. Die onenigheid het later so erg geword dat, afgesien van 'n paar deelnemers uit Rustenburg, die Pot= chefstroomse tentoonstelling deur hulle heeltemal geïgnoreer is.[20]

Voorlopig moes die planne vir die skou in Rustenburg egter laat vaar word. Die aanhoudende onluste van naturellestamme in Zoutpansberg[21] het meegebring dat uit Rustenburg ook 'n kommando daarheen gestuur moes word. Vanweë die ontwrigting wat dit in die dorp en distrik veroorsaak het, moes die skou onbepaald uitgestel word.[22]

18) The Transvaal Argus, 30 November 1866.

19) Ibid.

20) The Transvaal Argus, 1 Desember 1866 en 3 April 1867. Vgl. ook vir meer besonderhede oor die aangeleentheid 'n artikel van skrywer hiervan, Die Eeufeesskou in Potchefstroom (Potchefstroom Herald, 14 April 1967).

21) V.R. 2: Verslag van die Uitvoerende Raad oor die uitstuur van die Kom= mando, d.d. 3 April 1867. (S.A. Argiefstukke, Transvaal, No.7, Notule van die Volksraad van die S.A. Republiek (volledig met alle by= lae daarby) deel VII (1866-1867) (Staatsdrukker, s.j. p.176.)

22) The Transvaal Argus, 12 Junie 1867 bevat besonderhede oor die Kom= mando.

Daar is egter nie heeltemal daarvan afgesien om wel later 'n tentoon= stelling te reël nie. Intussen het 'n kernkomitee bly funksioneer. Hulle het al die voorlopige reëlings getref en toe sake weer meer normaal verloop het, is voorbereidings vir die eerste landbouskou in Rustenburg met alle erns aan= gepak. Dit was dan ook 'n trotse dag vir die Rustenburgers toe daar aange= kondig is: „Eene Tentoonstelling zal plaats hebben te Rustenburg op den 15 Januarie 1868." Net soos met die eerste skou in Potchefstroom is hierdie een ook vir alle inwoners van die Republiek oopgestel.[23] Daar kon ongeluk= kig nie vasgestel word of die skou wel plaasgevind het nie omdat geen ver= dere dokumentêre getuienis daaromtrent gevind kon word nie.

c. Regering en burgerlike sake

Die landdros het in die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n heel besondere plek ingeneem. Hy was die amptenaar wat die vernaamste skakel tussen die regering en plaaslike besture gevorm het. Die pligte en funksies wat hy moes vervul was reeds in die eerste „grondwet", die „Drie-en-Dertig Artikels" aangedui. Daarvolgens was hy hoof van die plaaslike bestuur, moes hy in hofsake uitspraak gee en gereeld 'n finansiële staat aan die Volksraad voor= lê.[24] In die grondwet van 1858 is die amptenaar se posisie nog duideliker omskryf. Die regspleging is as volg aan hom opgedra: „In alle burgerlijke zaken zal uitspraak gedaan en vonnis geveld worden door den landdrost." Ver= der sou hy beheer uitoefen oor die kommandante en veldkornette van sy dis= trik, wat gereeld aan hom verslag moes doen oor hulle werk. Die wyse waarop die landdros deur die regering aangestel is uit nominasies van die burgers, is deur die grondwet bepaal en daar is ook aangedui hoe hy verslag moes doen van die inkomste en uitgawes van sy distrik.[25]

23) The Transvaal Argus, 8 Januarie 1868.

24) Eybers, G.W.: Select Constitutional Documents. Illustrating S.A. History 1795-1910 (London, Routledge & Sons, 1918), p.355-356.

25) Eybers: op.cit., p.398.

Tot en met 1860 het verskeie persone hierdie pos in Rustenburg be= klee,[26] maar selfs in 1860 was die posisie nog nie heeltemal duidelik nie. P.J. van Staden het tot dan herhaalde kere as landdros opgetree, maar was toe skynbaar nog nie permanent as landdros vir die dorp aangestel nie want teen die einde van daardie jaar was W. Robinson die landdros in Rustenburg. Hy het egter aan die Volksraad laat weet dat hy „door ziekelijke omstandighe= den" verhinder word om die pos langer te beklee en beveel twee persone, J. van Rooyen en C. Pistorius, vir die pos aan.[27] Hulle is egter nie aangestel nie en na 1860 het P.J. van Staden weer opgetree as landdros in Rustenburg, 'n pos wat hy toe onafgebroke tot 1881 gevul het.[28]

Volgens die salaris wat die landdros van Rustenburg ontvang het, was sy pos destyds die tweede hoogste landdrospos in Transvaal. Net die landdros van Potchefstroom het 'n hoër salaris as hy ontvang en klaarblyklik 'n hoër status beklee. Regeringsake was in Rustenburg van so 'n aard dat naas die landdros ook nog die volgende amptenare aangestel is: 'n klerk, 'n balju, 'n bode, waterfiskaal, markmeester, polisie, veldkornette en assistentveldkor= nette om al die administratiewe bedrywighede van die dorp en distrik waar te neem.[29]

Teen 1863 het burgerlike sake in die jong dorp so uitgebrei dat proku= reurs en agente hulle ook daar gaan vestig het. Hierdie persone sou sake na= mens die inwoners behartig, vir hulle koopbriewe opstel en ander transaksies

26) Kyk p.11 voetnoot 42 hierbo. Ook p.12 voetnoot 45b.

27) Staatscourant, 28 Oktober 1860.

28) Prinsloo, N.: Die ontwikkeling van plaaslike bestuur in Rustenburg ge= durende die afgelope eeu (Die Rustenburgse Eeufeesgedenkboek, p.16). Vgl. ook die opgawes van die Landdros van Rustenburg aan die Volks= raad in die Staatscourant in die jare na 1860.

29) Byvoegsel tot The Transvaal Argus, 20 Oktober 1868. a. Potchefstroom se landdros se salaris was R600.00 per jaar, dié van Rustenburg R425.00 per jaar. Alle ander landdroste in Transvaal het aansienlik minder ontvang. b. Ook die opgawes van „Civiel en Regterlijk De= partement ampten en bedieningen" toon aan dat net Potchefstroom 'n belangriker dorp as Rustenburg was.

namens hulle kliënte doen. J. Frank was die eerste persoon wat so 'n kantoor in Rustenburg geopen het om „zaken voor de Hoven van Landdrost en Heemra= den alsmede voor het Hooggeregshof waar te nemen."[30] Minder as 'n jaar later het besigheid op die gebied so fluks gevorder dat nog 'n agent, C. Bo= denstein, hom ook daar gevestig het. Volgens sy aankondiging sou hy behalwe die behartiging van hofsake ook as „Generale agent en Venduafslager" optree.[31]

In 1863 is J. Frank as eerste „districts Procureur" vir Rustenburg aangestel.[32] Dit het naamlik weens uitbreiding van regeringsake nodig ge= word dat so 'n amptenaar namens die Staatsprokureur sou optree.

In hierdie stadium het die dorpsgronde nog steeds gesamentlik aan die Staat en die Kerk behoort, soos dit oorspronklik bepaal was.[33] Die toedrag van sake het egter die grondtransaksies in die dorp baie bemoeilik omdat die dubbele beheer die verkoop van erwe en ander vaste eiendom omslagtig ge= maak en baie vertraag het. Om sake meer vlot te laat verloop het die Land= dros met die Kerkraad 'n ooreenkoms aangegaan en vra hy die Uitvoerende Raad om sy onderhandelings met die Kerkraad goed te keur, sodat grondtran= saksies bespoedig kon word. In sy brief wys die Landdros juis daarop dat vier persone erwe in Rustenburg gekoop het, maar dat hy nie dadelik trans= port kon gee nie.[34] Die versoek is toegestaan,[35] en daarna het die Land=

30) Staatscourant, 28 Julie 1863.

31) Staatscourant, 10 Mei 1864.

32) B.B. 231/63: Kennisgewing Volksraad aan Frank, d.d. 17 Junie 1863 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.4, p.545).

33) Kyk p.6 hierbo, voetnoot 23.

34) R.198/64: Brief Van Staden aan Volksraad, d.d. 7 April 1864 (S.A. Ar= giefstukke, Tvl., No.5, p.303). Vgl. ook Ad. R.807/64: Ooreenkoms tussen Kerkraad Ned. Herv. Gemeente Rustenburg en Volksraad, d.d. 12 September 1864 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.5, p.304).

35) Volksraadsnotule, 4 Oktober 1864, art.188 (S.A. Argiefstukke, Tvl., No.5, p.62).

dros gereeld 'n opgawe van grondverkope en die gelde wat daarvoor ontvang is aan die Regering verstrek.[35a)]

Die dorpsgrond is nie bloot net gebruik vir die oprigting van geboue en die aanlê van strate nie, maar reeds in 1874 is mooi planne in die vooruitsig gestel om die dorp te verfraai. Vir die doel is vier morge grond aan die oos=tekant van die dorp afgesonder vir die aanlê van 'n „kruidkundig" tuin. Toe besluit is om die stuk grond amptelik aan te wys as 'n park, is die aangeleent=heid so belangrik beskou dat daar beplan is om 'n hele okkasie daarvan te maak. Gevolglik is 'n uitnodiging selfs aan president Burgers gestuur om by die ge=leentheid teenwoordig te wees. Gelukkig het die President ingewillig en kon die Rustenburgers voortgaan om vir 'n hele feesgeleentheid voor te berei. Vroeg in Januarie 1874 het die heuglike dag dan ook aangebreek. Die hele dorp was in rep en roer toe die optog gereed gemaak het om die President net buite die dorp met 'n perdekommando te ontmoet. Nadat die President 'n paar myl buite die dorp ontvang is, het die perdekommando hom die dorp in geleide gedoen tot by die pastorie van ds. C.W. Smits, die Hervormde pre=dikant, waar hy sou tuis gaan.[36)]

Die middag van die betrokke dag het 'n optog uit die dorp na die voor=gestelde park vertrek. Daar aangekom het die President 'n toespraak afge=steek en Rustenburg gelukgewens met hulle grootse toekomsplanne. Daarna het mev. Smits, eggenote van ds. Smits, die plegtige oorname van die stuk grond as „botaniese tuin" waargeneem.

Van die oorspronklike planne wat in 1874 in vooruitsig gestel is nl. om die ingang van die dorp aan die oostekant met 'n netjiese park te verfraai, het egter nie veel tereg gekom nie. Dit was eers byna 'n honderd jaar later

35a) Besonderhede van die grondverkope kom voor in die notules van die Volks=raad na April 1864.

36) De Volksstem, 17 Januarie 1874. In die koerant is 'n verslag oor die fees=telikhede gepubliseer. Volledige besonderhede oor die aangeleentheid is beskryf in die herinneringe van die Schroeder-dames, dogters van wyle ds. Smits, in die Rustenburg Herout, Julie 1955.

in 1960 dat die Stadsraad van Rustenburg die werklike oprigting van die park aangepak en hulle dorp so verfraai het soos hulle voorvaders dit in 1874 wou doen. Vandag pryk die sierlike park aan die oostekant van die dorp op die stuk grond wat destyds reeds as 'n „kruidkundig" tuin aangewys is.

Alhoewel sake maar baie stil in Rustenburg verloop het in daardie jare, het die inwoners tog sekere organisasies gestig om hulle self mee be=sig te hou. So het teen 1873 die „Schutzenkorps", 'n soort skietvereniging, in die dorp tot stand gekom. By die byeenkomste van die vereniging is daar gereeld skyf geskiet, maar die groot jaarlikse funksie van die organisasie was nie net bloot 'n skietkompetisie nie. Dan is die hele dag wel bestee aan skyfskiet en ander skietkompetisies maar in die aand is gewoonlik 'n groot geselligheid gereël waarheen feitlik al die inwoners gekom het, want aan dié vereniging het omtrent alle lede van die blanke bevolkingsgroepe behoort. Die samestelling van die komitee dui ook duidelik aan dat Afrikaner, Duitser en Engelsman hier hartlik saamgewerk het.[37)]

In die politiek en landsake het die Rustenburgers van vroeë af 'n le=wendige belangstelling getoon. So was hulle bv. baie ontevrede toe hulle teen die middel van 1866 opgeroep is om op kommando te gaan ten einde naturelle=onluste in Zoutpansberg te onderdruk. Hulle het dit as onnodig beskou dat Rustenburgers vir die doel opgeroep is en 'n briefskrywer in <u>The Transvaal Argus</u> het dan ook voorspel dat „very few if any, will be found willing to go."[38)]

'n Klompie jare later, in 1875, het die belangstelling ook nog glad nie verflou nie, want J.A. Esterhuizen, die Volksraadlid, moes lelik bont staan

37) <u>De Volksstem</u>, 6 Maart 1875: „This was the more astonishing if it is borne in mind that the corps is a union of people of all the represen=tative classes of the people." Die komitee vir 1875 was as volg saam=gestel: Afrikaners: D. van der Merwe (wat ook voorsitter was), Grimes, Bodenstein en Du Toit; Hollander: Nijhoff; Duitser: Schroeder en Engelse: Redhead en Denison. Vgl. ook Engelbrecht: <u>op. cit</u>., p.78 en 79.

38) <u>The Transvaal Argus</u>, 1 Junie 1866: Brief waarin die ontevredenheid van Rustenburgers gestel is.

om aan die Rustenburgers sekere politieke aangeleenthede te verduidelik toe hy 'n vergadering in die dorp toegespreek het. Die eerste saak wat bespreek is, was president Burgers se onderwyswet van 1874. Die vergadering het aan die Volksraadlid duidelik laat verstaan dat dié wet „over het algemeen zeer weinig byval vind."[39]

President Burgers het in 1874 die ou Transvaalse Vierkleur met 'n nuwe vlag vervang. Die vlag het uit 'n oorhoekse rooikruis op 'n blou agter= grond bestaan en het geen byval onder die Transvalers gevind nie. Op die betrokke vergadering teken die Rustenburgers ook heftige beswaar aan.[40] J. Nijhoff, die enigste Hollander in hulle geledere, het die voortou in die pro= tes geneem. Hy is verder goed ondersteun deur C. Bodenstein. Onder die aanwesiges was dit veral „de oude Voortrekkers" wat glad nie ingenome was met die vlag nie en daar is dan ook op die vergadering besluit dat die vlag in die dorp gestryk moes word.[41]

In 1873 het die Transvaalse regering 'n konsessie aan C.M. Moodie gegee om 'n spoorlyn na Delagoabaai te bou. Van die planne het egter niks tereggekom nie, en in 1874 besluit hulle om self die spoorlyn te bou. Daar= voor sou R600,000 nodig wees, en om die geld in die hande te kry moes pre= sident T.F. Burgers na Europa gaan om 'n lening te probeer sluit.[42] Ook dié kwessie is druk in Rustenburg bespreek. Die volksraadslid, „Oom Kootjie" (J.A. Esterhuizen), het in dié geval steun ontvang van 'n gedeelte van die ge= hoor, terwyl andere weer die mening toegedaan was dat die hoë koste vir die bou van 'n spoorlyn na Transvaal vanaf Delagoabaai op hierdie stadium nie

39) De Volksstem, 8 Maart 1875: Verslag oor die vergadering.

40) De Volksstem, 31 Oktober 1874: Betoog van president Burgers oor die vlag. Vgl. ook The Transvaal Advocate and Commercial Advertiser, 23 November 1874: Brief van „Republikein" waarin protes teen die vlag aangeteken word.

41) De Volksstem, 8 Maart 1875: Verslag oor die vergadering.

42) Engelbrecht, S.P.: Thomas Francois Burgers, 'n Lewenskets (Preto= ria, J.H. de Bussy, 1933), p.156-157. Vgl. ook Staatscourant, 14 Januarie 1873.

geregverdig was nie. 'n Besluit is ten laaste geneem met die uitdruklike voor=waarde, dat die Rustenburgers die regering sou steun, mits die lening die be=drag van R600,000 nie sou oorskry nie.[43)]

d. Onderwys

Die eerste goewernementskool in Rustenburg het, nadat dit 'n paar jaar bestaan het, doodgeloop sodat die enigste skool in die dorp onmiddellik na 1860 die kerkskool van ds. Postma was wat hy met die hulp van komman=dant S.J.P. Kruger opgerig het.[44)] Ds. G.W. Smits van die Hervormde ge=meente het wel in 1861 'n poging aangewend om die treurige toestand te ver=beter deur weer 'n goewernementsonderwyser aangestel te kry, maar sonder enige sukses.[45)]

Daar is gehoop dat na die vereniging van Transvaal in 1860 meer aan=dag aan Onderwys bestee sou word. Ongelukkig het pres. M.W. Pretorius deur sy optrede om ook die presidentskap van die Vrystaat te aanvaar 'n plof=bare politieke situasie in Transvaal geskep. J. Grobbelaar is aangewys om tydens sy afwesigheid as president waar te neem. Daarmee was kmdt. S. Schoeman van Zoutpansberg nie tevrede nie en het hy met 'n kommando na Pretoria opgeruk om Grobbelaar te verdryf. Kommandant Paul Kruger wou dit nie toelaat nie en het met 'n kommando uit Rustenburg opgetrek om Schoe=man se planne te verydel. Gelukkig kon daar sonder enige skermutseling tot 'n skikking geraak word, nl. dat 'n nuwe Volksraad verkies moes word. Die nuwe Volksraad het in April 1862 vir W.C.J. van Rensburg aangestel as waarnemende president. Weer was Schoeman nie tevrede nie en nogmaals probeer hy met wapengeweld sy sin kry. Paul Kruger het egter met 'n kom=mando opgetrek en hom uit Pretoria verdryf en tot in Potchefstroom agter=

43) De Volksstem, 8 Maart 1875: Berig oor die vergadering.

44) Kyk p.21 voetnoot 15 hierbo.

45) Van der Merwe, J.L.: Die geskiedenis van die ontwikkeling van die on=derwys in Rustenburg (1840-1945) (ongepubliseerde M.Ed.-verhande=ling, Potchefstroomse Universiteitskolle vir C.H.O., 1945), p.39.

volg. Die twee partye het daarna tot 'n ooreenkoms geraak, 'n verkiesing is gehou en Van Rensburg is as president en Paul Kruger as kommandant-gene= raal aangewys. Gedurende hierdie moeilike tye het dit met die onderwys slegter gegaan as van te vore.[46) ] Na dinge egter weer in 1863 normaal ge= word het, het onderwys en ander burgerlike sake weereens aandag geniet. Rustenburg het ook nou, net soos Lydenburg, 'n skoolkommissie gekry met ds. Smits as voorsitter en L. Kroep as sekretaris. Veel kon die komitee egter nie bereik nie want aan die einde van 1864 het daar nog geen goeverne= mentskool in Rustenburg bestaan nie.[47)]

Ds. Smits het met die hulp van landdros P.J. van Staden egter onver= moeid voortgegaan met sy pogings om weer 'n regeringskool in Rustenburg opgerig te kry. Eindelik, na 'n lang gesukkel, was hy suksesvol want in 1866 was daar weer 'n goevernementskool. Presies hoe die skool tot stand gekom het, kon nie uit die beskikbare bronne bepaal word nie, maar die <u>The Trans= vaal Argus</u> van Junie 1866 vermeld die volgende: „There are two churches as in Potchefstroom, a government school and a private college."[48)] Die eer= ste onderwyser aan hierdie skool was T.C. Dekker van wie daar ongelukkig nie veel bekend is nie. In Rustenburg moes daar in 1866 ook nog 'n privaat Engelse skool bestaan het met 'n sekere Wagner as hoof.[49)]

Die mooi voornemens wat die inwoners van Rustenburg gekoester het

46) Lugtenburg: op.cit., p.69. Vgl. ook Coetzee: op.cit., p.27.

47) Lugtenburg: op.cit., p.71-72. Vgl. ook Coetzee: op.cit., p.25-26 en Malherbe: op.cit., p.231-233, en vir meer besonderhede Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.40.

48) The Transvaal Argus, 12 Junie 1866: 'n Artikel oor Rustenburg. Vgl. ook Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.42.

49) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.42 en 43. Die voorletters van Wagner kon ek ongelukkig nie uitvind nie. Uit bronne wat beskikbaar is, ver= al oor die optrede van John Wagner later, kan miskien afgelei word dat dit wel John Wagner was.

om die eerste Teologiese skool in Transvaal daar op te rig het ook in die ja= re skipbreuk gely. Nadat ds. Postma vir 'n paar jaar wel op 'n tydelike basis predikante daar opgelei het,[50] is dit in 1869 gestaak toe die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Burgersdorp tot stand gekom het.[51]

Met die nuwe onderwyswet wat in 1866 in Transvaal aangeneem is, is daar 'n beter beheer oor die onderwys bewerkstellig. Skoolkommissies se magte en pligte is omskryf en dit het duidelik geword dat dié liggame groot beheer oor plaaslike onderwys sou uitoefen. So was die skoolkommissies verantwoordelik om eenkeer per maand twee van hulle lede af te vaardig om die skool te besoek. Dan moes die kommissies ook jaarliks 'n rapport oor die skool by die regering inhandig terwyl hulle verder belas sou wees met die eksaminering en bevordering van die leerlinge.[52]

In Rustenburg is volgens dié wetgewing die volgende lede op die skool= kommissie verkies: ds. G.W. Smits (voorsitter), P.J. van Staden, J. Frank, L.R. Kroep, S.J. Kervel du Toit, C.G. Bodenstein en T. Wagner.[53] Ver= volgens het die kommissie ook gereeld oor onderwystoestande in Rustenburg gerapporteer. In 1871 verskyn 'n verslag van die kommissie oor die bedrywig= hede van die „Gouvernementschool". Daarvolgens was daar destyds 24 kin= ders in die skool wat in vyf klasse ingedeel was. Met die skoolwerk is goeie vordering gemaak. 'n Paar flukse seuns in die hoogste klasse het die beste presteer, maar in die laer klasse was dit die „jonge juffrouwen" wat die mooiste vordering getoon het. Oor ander sake is daar minder gunstig gerap= porteer. Die skoolgebou is as „zeer slecht" beskryf terwyl die gebrek aan opgeleide onderwysers ook as 'n groot leemte aangedui is. Daar is geadver=

50) Kyk op p. 22 voetnoot 18 hierbo.

51) Jooste: op.cit., p.113.

52) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.42-43. Vgl. ook Coetzee: op.cit., p.28-35 en Lugtenburg: op.cit., p.80-81.

53) Goevernementscourant, 6 Maart 1871: Rapport van Rustenburg se skool= kommissie.



J. van Manen

Hoof van die skool in Rustenburg van 1873-1882

teer om geskikte persone te vind om die vakante poste te vul maar dié pogings was „tot heden toe vruchteloos".[54)]

Die nuwe onderwyswet van president Burgers van 1874 het groot ver= beterings vir die onderwys in Transvaal meegebring. Aanvanklik was die Rustenburgers nie baie ingenome met die wetgewing nie en het hulle op 'n openbare vergadering hulle misnoeë daaroor te kenne gegee.[55)] Mettertyd was daar egter in die dorp ook verbetering t.o.v. die onderwys te bespeur. Die gebrek aan 'n ordentlike gebou is toe reeds lank as 'n leemte ondervind en na die voltooiing daarvan is gehoop dat die onderwys in Rustenburg goed sou vorder. Veel vordering en groei was daar nogtans nie waar te neem nie want in die vyf jaar van 1871 tot 1876 het die getal kinders maar net van 24 na 30 vermeerder.[56)]

Daar het tog 'n groot mate van verbetering in die onderwys in Rusten= burg ingetree toe J.W. Manen op 20 Junie 1873 as hoof van die skool diens aanvaar het. Hy het vir nege jaar tot 1882 onafgebroke aldaar gearbei en so= doende die nodige stabiliteit aan die onderrig van kinders in dié dorp gegee. Van Manen, wat van Prins Albert uit die Kaapkolonie na Rustenburg gekom het, was 'n besonder bekwame onderwyser. Hy was goed gekwalifiseer en ook opgelei om Hollands sowel as Engels te onderrig. Uit Prins Albert, waar van Manen 32 jaar hoof van die skool was, is daar met groot lof oor sy dienste ge= tuig. In Rustenburg, waar hy ook orrelis van die Hervormde gemeente was en dikwels as plaasvervanger vir die predikant opgetree het, het hy net sulke voor= treflike werk gelewer.[57)] Omdat Van Manen in beide Hollands en Engels kon

54) Gouvernementscourant, 6 Maart 1871: Rapport van Rustenburg se skool= kommissie.

55) Kyk voetnoot 39 op p.45 hierbo. Vgl. verder Van der Merwe: Die ge= skiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.48; Coetzee: op.cit., p.44 en Lugtenburg: op.cit., p.95.

56) Coetzee: op.cit., p.103.

57) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.50-51. Vgl. ook Engelbrecht: op.cit., p.85 en 86.

klasgee het dit aan Rustenburg die unieke prestasie besorg dat dié dorp die eerste plek in die Republiek was waar 'n skool bestaan het wat altwee die ta=le as medium gebruik het.[58)]

Die Engelse bevolking in Rustenburg het so vermeerder dat 'n gemeen=te van die Anglikaanse Kerk in 1871 daar gestig is.[59)] Die jong eerwaarde J.P. Richardson, seun van die Anglikaanse predikant van Potchefstroom, was die eerste leraar. Deur sy ywer en toedoen het in Rustenburg in 1877 'n privaat Engelse skool tot stand gekom, waarin hy ook as onderwyser opge=tree het. Daar was dus twee skole in die dorp wat gedurende die jare ver=antwoordelik was vir die onderrig van die kinders.[60)]

In die distrik het dit met die onderwys nie so goed gegaan nie en van staatsweë is nie veel vir die plaaskinders gedoen nie. Die paar skooltjies wat daar wel bestaan het, is deur privaat inisiatief aan die gang gehou. In die verband het die predikante van die Gereformeerde Kerk met die „buurt sko=le" baie goeie werk verrig en in 'n groot behoefte voorsien. Naas hierdie plaasskole het daar ook nog 'n Duitse skool op Morgenson naby Rustenburg bestaan. Destyds was dit die enigste Duitse skool in die Republiek en daarby 'n skool wat ook werk van 'n besondere gehalte gelewer het.[61)]

58) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.50-51. Vgl. ook Engelbrecht: op.cit., p.85 en 86.

59) Agar-Hamilton, J.A.I.: A Transvaal Jubilee (London, S.P.C.K.,1928), p.13 en 14. Vgl. ook Dewing, R.W.: Short History of the Anglican Parish of Rustenburg (Die Rustenburgse Eeufeesgedenkboek, p.85) en Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.62.

60) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.62.

61) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.57 en 58.



Nederduits Hervormde pastorie
wat in 1873-1874 gebou is

e. Kerklike uitbreiding

In Rustenburg het die ontstaan van twee kerkgenootskappe onder die Afrikaners plaasgevind en dit was die eerste plek in Transvaal waar 'n gemeente van die Gereformeerde Kerk naas 'n gemeente van die Hervormde Kerk bestaan het. Met die koms van ds. C.W. Smits na Rustenburg in 1861, het dit dié dorp ook die eerste in Transvaal gemaak waar twee predikante gelyktydig in die bediening gestaan het.

Met verloop van jare het al meer Engelsprekendes hulle in Rustenburg gevestig. Oorspronklik is hulle kerklik bearbei deur besoekende priesters of predikante van ander sentra. Die heel eerste Engelsprekende predikant wat hom tydelik in Rustenburg gevestig het, was eerwaarde P. Tearle van die Metodiste Kerk. Hy het in 1870 om gesondheidsredes daar aangekom en vir agtien maande vertoef, gedurende welke tyd hy gereeld dienste gehou en ander kerklike pligte onder die Engelsprekendes verrig het.[62)]

Eerwaarde Tearle het hom besonder goed by die Rustenburgse gemeenskap aangepas en het heelhartig aan al die bedrywighede in die dorp deelgeneem. So tree hy op as predikant by die „Rustenburg Vrywilliger Corps", ook bekend as die „Schutzen Corps",[63)] en vanaf Augustus tot Oktober 1873 was hy lid van die plaaslike skoolkommissie. Sy dienste is deur alle seksies van die bevolking besonder hoog waardeer en voor hy in November 1873 uit die dorp vertrek het, is daar vir hom 'n groot afskeidsgeselligheid gereël. Op die funksie het ds. L.J. du Plessis en ds. G.W. Smits hom 'n skenking aangebied, terwyl een van die sprekers die spyt van die Rustenburgse publiek as volg uitgedruk het: „It is with much concern that we learn that you are called away from the South African Republic." Om verder waardering vir sy dienste te betoon is aan hom 'n afskeidsadres aangebied.[64)]

62) Wood, J.F.: Rustenburg Methodist Church (Die Rustenburgse Eeufeesgedenkboek), p.82.

63) Goevernementscourant, 9 Julie 1871.

64) De Volksstem, 28 November 1873: Berig oor afskeid. Vgl. ook The Transvaal Advocate and Commercial Advertiser, 15 November 1873.

Lede van die Anglikaanse Kerk het egter binne 'n jaar na die Meto= diste ook hulle eie leraar gehad toe eerwaarde J.P. Richardson, die seun van die Anglikaanse predikant in Potchefstroom, in 1871 na Rustenburg ge= bring is om die bediening aldaar waar te neem.[65] Die jong Richardson het hom net soos die Afrikaanse predikante in Rustenburg, vir die onderwys be= ywer en het self 'n hele tyd lank onderwys gegee in die Engelse privaatskool.[66] Hy was besonder gewild onder die jong mense, terwyl lede van die publiek 'n hoë agting vir hom gehad het.

As vooruitstrewende jong man het hy planne gehad om 'n eie kerkge= bou vir sy gemeente op te rig. Die eerste stap in die rigting was om die no= dige grond in die hande te kry. Daarin het hy sonder veel moeite geslaag want sy aansoek by die regering om 'n paar erwe vir die oprigting van 'n An= glikaanse Kerk is sonder meer aan hom toegestaan.[67]

Met die bou van die kerk het dit egter nie so maklik gegaan nie want die pasgestigte gemeente was maar klein en finansieel glad nie sterk nie. As traktement vir hulle predikant kon hulle kwalik R200 per jaar waarborg, wat nog te sê om die nodige boufonds bymekaar te maak. Hierdeur het die jong Richardson hom egter nie laat afskrik nie en ten spyte van die feit dat die be= skikbare geldjies maar min was, het hy voortgegaan met die bouery. Om koste te spaar het hy baie van die werklike bouery self gedoen. Gelukkig was die inwoners van die dorp baie simpatiek teenoor hom en het hy heelwat hulp van hulle ontvang. So het H.F. Schroeder, een van die winkeliers, bv. aan hom geld en boumateriaal geskenk, terwyl J. Glatthaar, 'n lid van die Duitse gemeenskap, behulpsaam was met die opsit van die timmerasie vir die dak.

Die klein kerkie staan vandag nog in Rustenburg en het tot in 1922 diens gedoen as kerklike byeenkomplek van die Anglikaanse gemeente in Rus=

65) Kyk voetnoot 59 p.50 hierbo. Die Anglikaanse gemeente in Potchefstroom het sedert 1865 bestaan.

66) Ibid.

67) Dewing: op.cit., p.85. Vgl. ook berigte De Volksstem van Desember 1871.



Nederduits Hervormde Kerkgebou, 1875

tenburg. Die Engelsprekende inwoners was egter te gering in getal om die geldelike laste van 'n selfstandige gemeente met sy eie predikant te dra. Ge= volglik was eerw. Richardson verplig om Rustenburg in 1882 te verlaat, na= dat hy 'n beroep na Zeerust ontvang het. Die Anglikaanse gemeente was toe sonder 'n leraar en hulle is kerklik bearbei deur besoekende geestelikes uit ander dorpe.[68)]

Die grootste probleem wat die Herwormde gemeente van Rustenburg gedurende die eerste tien jaar van sy bestaan ondervind het, was die feit dat hulle geen vaste predikant gehad het nie. Ds. Dirk van der Hoff van Potchef= stroom, wat hulle konsulent was, het hulle twee keer per jaar besoek en die kerklike bearbeiding waargeneem. Verskeie beroepe is wel uitgebring maar sonder enige sukses totdat die jong proponent G.W. Smits, wat in 1859 aan die Utrechtse Universiteit afstudeer het, die beroep na Transvaal aangeneem het. In November 1860 het hy in die Kaap aangekom. Vandaar is hy per skip na Durban waar hy deur D. Viljoen, ouderling van Rustenburg, op 7 Januarie 1861 ontvang en na Rustenburg gebring is.

Hy is op 20 April 1861 deur die gemeente ontvang en deur ds. Van der Hoff bevestig. Vanselfsprekend was die vreugde van die gemeente groot toe hy nog dieselfde middag sy intreepreek na aanleiding van Mattheus 28 vers 20 gelewer het: „Ziet ik ben met u lieden al de dagen tot de voleinding der wê= reld."[69)]

Onder die leiding van ds. Smits het die gemeente steeds vooruitgang en groei getoon en die eiendom wat aan die kerk behoort het is ook aansienlik verbeter. Daar is in 1862 'n pastorie vir R675 gebou, maar nege jaar later in 1873 het hulle 'n nuwe pastorie vir R1,360 op dieselfde plek opgerig. Die oorspronklike kerkgebou het ook na 'n paar jaar heeltemal te klein geword,

68) Agar-Hamilton: op.cit., p.38; Vgl. ook Dewing: op.cit., p.86.

69) Engelbrecht: op.cit., p.54-60. Die gemeente het ds. Smits as hulle be= roepe predikant beskou. Hy is egter eers op 20 April 1861 formeel deur die Kerkraad beroep. Daarom het beroep, bevestiging en intree= preek op dieselfde dag plaasgevind.



Ds. en mev. G.W. Smits

Die eerste pastoriepaar van die Ned. Herv. Kerk in Rustenburg

sodat die gemeente in 1864 genoodsaak was on 'n nuwe kerk op die ou terrein te laat bou. Die gebou is in 1870 van 'n nuwe dak voorsien en daar is ook be= sluit om „gevels uit te halen", sodat die voorkoms van die kerk heelwat ver= ander het.[70)]

Die vernaamste kenmerk van die Gereformeerde Kerk in Rustenburg gedurende die periode 1860 tot 1877 was die fenomenale groei wat dit getoon het.[71)] Dit het dan ook binne 'n jaar nodig geword dat nuwe gemeentes van die Rustenburgse moedergemeente aftestig moes word. So het daar op ver= skillende plekke in Transvaal nl. te Pretoria, Waterberg, Lydenburg en Pot= chefstroom nuwe gemeentes tot stand gekom.[72)]

Ds. Postma, wat die gemeente gestig het, het nog vir ses jaar tot in 1866 in Rustenburg gearbei. Vir die vooruitgang van die dorp en distrik het sy dienste onskatbare waarde gehad. Veral onderwysbelange is deur hom baie aangehelp. Toe hy dan ook besluit het om na Middelburg te verhuis het die Rustenburgers by monde van landdros P.J. van Staden hulle spyt uitge= spreek.[73)] Sy voortreflike arbeid is geloof en sy bereidwilligheid tot same= werking geprys. Hy was 'n steunpilaar, so is verklaar. Die goeie werk van ds. Postma is gelukkig deur sy opvolgers ds. J. Lion-Cachet, die latere professor (1868-1869) en ds. L.J. du Plessis (1872-1880) in Rustenburg voortgesit.[74)]

Pas 26 jaar na die stigting van die dorp was daar reeds vier gemeen= tes waarvan 3 elk met 'n eie kerkgebou kon spog.[75)] Al die predikante wat

70) Engelbrecht: op.cit., p.76 en 78.

71) Kyk voetnoot 57 op p.32 hierbo.

72) Gedenk uitgawe Gereformeerde Kerk Rustenburg 1859-1959, p.3-4. Vgl. ook Jooste: op.cit., p.74 en Spoelstra, B.: op.cit., p.283.

73) Spoelstra, B.: op.cit., p.355.

74) Kyk voetnoot 72 op p.54 hierbo.

75) Kotze, J.G.: Biographical Memoirs and Reminiscences (Kaapstad, Mas= kew Miller, 1934), p.485. Die vier gemeentes was Gereformeerde, Hervormde, Anglikaanse en Metodiste. Lg. gemeente het toe nog nie 'n kerkgebou gehad nie.

in Rustenburg in die periode van 1860 tot 1877 een of ander tyd in die bedie= ning gestaan het, het 'n vername bydrae vir die groei en opbloei van die ge= meenskap in die dorp gelewer.

f. Posdiens

In Rustenburg was die landdros en ander regeringsamptenare se pos= te, volgens die salaris daaraan verbonde, van die tweede hoogste of hoogste in die Republiek.[76)] Dit het telkens duidelik geword as die salarisse van amptenare in die verskillende sentra vergelyk word. Dit was egter nie die geval met die posmeester nie. Trouens hierdie amptenaar het die kleinste salaris van alle posmeesters in die Transvaal ontvang; daarvolgens geoor= deel moes sy pos een van die laagste in die hele Republiek gewees het.[77)]

Posverbinding met Potchefstroom, Pretoria en ander dorpe was swak en ongereeld, terwyl die posdiens na plekke buite die Zuid-Afrikaansche Re= publiek nog baie meer te wense oorgelaat het. Dit het so erg geword dat die Posmeester-generaal self aan Rustenburg in Junie 1866 'n besoek gebring het om die sake te ondersoek. Veel verbetering was daar egter nie na sy besoek te bespeur nie en die klagtes het maar nog voortgeduur.

Een van die aangeleenthede wat baie ongerief en ontevredenheid ver= oorsaak het, was die feit dat die pos Saterdagmiddag laat of soms eers Sa= terdagaande in die dorp aangekom het. Maandagoggende vroeg was die na= turel wat die possakke vervoer het, alweer daarmee oppad. Soos maklik hieruit afgelei kan word, was daar dus geen kans vir sakelui om per kerende pos hulle sake af te handel nie. Tereg moes een van die besigheidsmense dan ook as volg kla: „Our post is so irregular and our letters to the Colony lay a whole week before they are sent off."[78)]

76) Kyk p.41 hierbo voetnoot 29.

77) Byvoegsel tot The Transvaal Argus, 20 Oktober 1866. Die Posmeester van Potchefstroom se salaris was R180 per jaar, ander posmeesters se salarisse was minder en die laagste salaris vir 'n posmeester was die van Rustenburg nl. R60 per jaar.

78) The Transvaal Argus, 3 Julie 1866: brief aan die redakteur met klagte oor die saak.

Die swak posdiens in Rustenburg het na sowat twintig jaar nog geen merkbare verbetering getoon nie. Na die ontevredenheid daaroor sal in hier=die verhandeling nog dikwels verwys word. In 1883 het Jan Celliers aan Rus=tenburg 'n besoek gebring[79] en hy was besonder beïndruk met alles wat hy in die dorp gesien het. Dit het hom laat opmerk: „er zat meer geld in dan in andere gedeelten der Republiek."[80] Maar ook die swak posdiens het hom getref as „gebrekkige gemeenschap", en het aan hom die volgende kritiek ontlok: „Een Kafferpost is waarlijk eene afschepery voor zulk een belang=rijk districkt. Nog altyd wordt de post door een Kaffer vervoerd, als hy het goed dunkt wordt van de stukken agter gelaten wegens een te groote vracht.[81]

g. Goudkoors

Gedurende die jare voor die Britse anneksasie van Transvaal het daar, ten spyte van die rustige gang van sake, tog 'n mate van opgewondenheid en belangstelling in minerale in Rustenburg ontstaan. So is 'n sekere plaas, Olifantspoort, te koop aangebied met die Maart-Nagmaal in 1876, en in die advertensie word spesiaal daarop gewys dat op die „eigendomsplaats" ryk kopererstsneerslae gevind is. Die moontlikheid om die koper te ontgin was juis as advertensiemiddel gebruik om voornemende kopers te laat belangstel. Verder is vermeld dat daar vermoedelik ook goud op die plaas gevind kon word.[82] 'n Ander plaas, Sleepfontein, wat 'n paar maande later te koop aangebied is, is ook as „een koperplaats" geadverteer.[83] Die advertensies het nie veel beteken nie want daar is geen stormloop ondervind om die plase te koop nie en beide plase is vandag nog sonder goud- of kopermyne.

79) Kyk voetnoot 6 op p.18 hierbo.

80) Ibid.

81) De Volksstem, 23 Oktober 1883: Artikel van J. Celliers oor Rustenburg.

82) De Volksstem, 5 Januarie 1876: Advertensie van 'n plaas.

83) De Volksstem, 4 Maart 1876: Advertensie van 'n plaas.

Ten slotte kan opgemerk word dat die periode van 1860 tot 1877 in die Rustenburgse geskiedenis as 'n vestigingstydperk beskou kan word. Die woelinge van die eerste dekade was verby en die onderwys-, kerklike en burgerlike sake het 'n bestendige verloop gekry sodat die dorp, alhoewel geen skouspelagtige veranderinge plaasgevind het nie, tog op alle terreine 'n geleidelike vooruitgang getoon het.

## Hoofstuk 4

## RUSTENBURG GEDURENDE DIE BRITSE ANNEKSASIE, 1877-1881

### a. Teenstand teen president Burgers en die pro-Britse houding in Rustenburg

Teen die einde van 1876 het die Transvalers hulle vertroue in presi= dent Burgers verloor en was dit duidelik dat hy as president in 'n posisie was „waarin de meerderheid hem niet meer wenschte te sien". Selfs deur sy ge= trouste ondersteuners en vriende is daar besef dat sy kanse maar skraal was om weer as president herkies te word.[1]

In Rustenburg is die gevoel van ontevredenheid met die regering van president Burgers ook duidelik geopenbaar. Op 'n vergadering wat op 26 No= vember 1876 deur Tieleman de Villiers, 'n lid van die Volksraad, op die dorp gehou is, is kritiek teen die President se pogings om 'n lening in Europa aan te gaan uitgespreek. Verder is president Burgers aangeraai „dat het raad= zaam is, dat Z.H.Edele voortaan niet meer zamen op kommando gaat, maar liewer in Pretoria blyft."[2] Burgers is ook daarvan beskuldig dat hy nie al= tyd die Volksraad van sy doen en late op hoogte gehou het nie.[3]

Skaars twee maande later, op 24 Januarie 1877, is deur 'n ander groep persone in Rustenburg 'n memorie opgestel waarin hulle al hulle be= sware teen die President uiteengesit het.[4] Uit hulle geledere is die volgen=

1) Leyds, W.J.: De Eerste Annexatie van de Transvaal (Amsterdam, A.de Lange, 1906), p.210. Vgl. ook Theal, G.M.: History of South Africa from 1873-1884. Twelve Eventful Years, Vol. I (London, George Allen and Unwin Ltd., s.j.), p.268; Jorissen, E.J.P.: Transvaal= sche Herinneringen 1876-1896 (Amsterdam-Pretoria, J.H. de Bussy, 1897), p.21-22 en Engelbrecht, S.P.: Thomas Francois Burgers, 'n Lewenskets (Kaapstad, J.H. de Bussy, 1933), p.215-216.

2) Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, p.201-205. Die veldtog waar= na verwys word, is die tog teen Sekoekoeni.

3) De Volksstem, 9 Desember 1876: Verslag oor De Villiers se vergadering.

4) De Volksstem, 10 Februarie 1877: Berig oor en hoofpunte van die memorie.

de drie persone, J.H. Tennant, H.F. Schröder en P. Nijhoff gekies om die memorie in Pretoria aan president Burgers en die Uitvoerende Raad voor te lê. In die geskrif word gekla oor die „deplorable position in which the state is at present", die swak finansiële toestand van die land word verder betreur en met die volgende bewering was die petisionarisse nog krasser: „Here are evils far beyond what a community can bear long without remonstrating." Vervolgens word die President aangeraai om so gou as moontlik die Volksraad byeen te roep „for the purpose of considering the advisibility, in fact the ne= cessity, of uniting this country to the British Colony of South Africa".

Soos verwag kon word, was laasgenoemde groep Rustenburgers wat teen die regering van president Burgers gekant was baie bly toe hulle ver= neem het dat Shepstone op 11 April 1877 Transvaal geannekseer het. Net soos sommige inwoners van Pretoria, Lichtenburg en party ander dorpe het hulle ook 'n welkomsadres aan Shepstone gestuur: „Het strekt ons, den (sic) inwoners van deze stad en dit district (Rustenburg) tot groote blydschap, uwe Excellentie geluk te wenschen met den buiten gewoon goeden uitslag van het bezoek van Harer Britsche Majesteits spesiale commissaris aan dit land. Wy beschouwen de proclamatie uwer Excellentie, waarin gy verklaardet dit land te hechten aan Groot-Brittanje, niet langer had kunnen worden uitge= steld."[5)]

Ook die „Schutzen Corps" van Rustenburg was hoog in hulle skik met Shepstone se optrede en heet hom as volg welkom: „On behalf of the inhabi= tants of the town of Rustenburg, the Commissionaries have great pleasure in bidding your Excellency and Staff a warm and hearty welcome to

5) De Volksstem, 30 Mei 1877: Berig waarin die adres volledig gepubli= seer is. Vgl. ook Leyds: op. cit., p. 276 en 277. Hy gee ook die adres volledig aan. (Die adres is te vinde in Blaawboek C. 1883 d.d. 4 Mei 1877, p. 21.) Net soos die meeste adresse wat in daardie tyd aan Shepstone gerig was, is hierdie adres ook nie onderteken nie.

our borrough."[6] Nog 'n ander organisasie in die dorp, die „Good Templars", was ook baie ingenome dat Shepstone Transvaal geannekseer het; trouens, hulle beskou dit as 'n uitredding van „a weak and tottering state."[7]


Die amptelike houding in die dorp, soos geopenbaar deur landdros P.J. van Staden, was ook een van groot bewondering en entoesiasme vir die oorname van Transvaal. Hy het dit gevolglik as sy plig beskou om die Trans=vaalse vlag te laat neerhaal en die Britse vlag te laat hys. Met hierdie daad wou Van Staden sy lojaliteit teenoor die Engelse op ondubbelsinnige manier bewys. Ongelukkig vir hom was daar geen Union Jack in Rustenburg te kry nie. Hy sou dus 'n ander plan moes bedink om die simbool van die Britse gesag in Rustenburg te vertoon. Ene Stevens, 'n buurman van die Landdros, wat vroeër 'n inwoner van Londen was, kon egter die Landdros uit sy pena=rie help. Hy het nou wel nie 'n Union Jack gehad nie, maar was tog in besit van die vlag van „famous London Town" en op sy voorstel is dié vlag toe in plaas van die Britse vlag in Rustenburg gehys.[8] Deur hierdie daad van die Landdros sou party Rustenburgers nou bewys gelewer het hoe verheug en in=genome hulle met die nuwe regering was. As die situasie nie so tragies was nie, sou dit 'n heel komiese effek gehad het om die vlag van die grootste stad in Engeland oor die klein Bosvelddorpie te sien wapper.

Dit was egter nie al die inwoners van Rustenburg en distrik wat in hulle skik was met Shepstone se oorname van Transvaal nie. Daar is tog deur sommige heftig beswaar aangeteken teen die feit dat hulle nou Britse onderdane was. So laat S.P. Kloppers, 'n inwoner van die Rustenburgse distrik, hom as volg uit: „Wy worden gedagvaard door de nieuwe Regering,

6) De Volksstem, 25 Julie 1877: 'n Brief met verwelkoming aan Shepstone. Die brief is net onderteken: Commissionaries.

7) Byvoegsel tot De Volksstem, 25 Julie 1877: Welkomsbrief aan Shepstone. Net „Good Templars" onderteken, maar nie deur spesifieke persone nie.

8) Kotze, op. cit., p.484.




Britse posisies in Transvaal 1877

hoewel wy de regering nooit erkennen zullen."[9] Maar selfs nie baie lank nadat Shepstone die Zuid-Afrikaansche Republiek geannekseer het nie, naam= lik in Januarie 1878, het S.J.P. Kruger 'n protesvergadering te Naauwpoort, aan die Mooirivier gehou. Op die vergadering was tussen 600 en 700 burgers teenwoordig, onder wie ook bykans 'n 100 burgers uit Rustenburg.[10]

In die verset teen Brittanje oor die anneksasie van Transvaal het die leiding uit Rustenburg, in die persoon van S.J.P. Kruger gekom. Dit was hy wat in Desember 1880 die voortou geneem het toe daar by Paardekraal be= sluit is om die wapens teen Engeland op te neem.[11]

Toe die Eerste Vryheidsoorlog kort hierna uitgebreek het, het die Rustenburgers, ten spyte van die feit dat sommige groepe onder hulle ten gunste van die Britse anneksasie was, ook nie op hulle laat wag nie en op 24 Desember het 'n kommando van 600 man na Rustenburg opgeruk om die Engelse uit hulle stellings in die dorp te verdryf.[12]

b. Beleg van Rustenburg

Nadat Shepstone Transvaal in April 1877 geannekseer het, is daar oral dwarsdeur die Republiek Britse soldate in die strategies belangrike dor= pe geplaas om die Britse gesag te handhaaf. So is daar vir die doel 'n afde= ling van die Tweede Bataljon van die Royal Scots Fusiliers onder kaptein Willoughby in Rustenburg gestasioneer. Om hulle posisie te beveilig het die

9) De Volksstem, 4 September 1880: Brief van S.P. Kloppers.

10) De Volksstem, 5 Februarie 1878: Verslag oor die vergadering van Kruger.

11) Van Oordt, J.F.: Paul Kruger en de Opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek (Kaapstad, H.A.U.M., 1898), p.193. Vgl. ook Krüger: Paul Kruger I, p.128; Bredell en Grobler: op.cit., p.64; Kemp, J.G.: Vir Vryheid en Reg (Kaapstad, Nasionale Pers, 1941), p.39.

12) Bellairs, Lady (Ed.): The Transvaal War. 1880-1881 (Edinburgh, 1885), p.276-277.

Engelse 'n fort van 25 treë in die vierkant op 'n afstand van tussen 600 en 700 treë suid van die dorp aan die voet van Magaliesberg opgerig.[13)]

In November 1880, toe alle tekens daarop gedui het dat 'n gewapende botsing tussen Boer en Brit moontlik sou plaasvind, is die helfte van die Engelse soldate uit Rustenburg verwyder en na Potchefstroom oorgeplaas om die posisie van die Britte daar te versterk. Kaptein Auchinlech[14)] wat na Willoughby se vertrek bevel oorgeneem het, het egter nog die ondersteuning van die soldate van die kommisariaat-afdeling en die mediese korps gehad. Toe dit bekend geword het dat vyandelikhede tussen die Transvalers en Engelse in Desember 1880 uitgebreek het, het Auchinlech sy posisie in Rustenburg versterk deur sandsakke om die fort te pak en 'n reeks veldmyne daarom= heen te plaas.

Op 24 Desember 1880 het kapt. Auchinlech berig ontvang dat 'n kom= mando van 600 Boere in optog na Rustenburg was. Drie dae later het kom= mandant Sarel Eloff Rustenburg dan ook binnegetrek en sonder veel teëstand die dorp ingeneem.[15)] Drie van die uiterste lojales teenoor die Engelse, John Wagner, S. du Toit en W. Walters is deur die Kommandant na die Brit= se fort gejaag „to starve with the other Rooineks in the 'gat'".[16)] Onderhan= delings tussen kmdt. Eloff en Auchinlech is dadelik aangeknoop. Die Boere het geëis dat die Engelse binne 'n uur moes oorgee maar daaraan wou Auchin= lech nie gehoor gee nie. Gevolglik het die eerste skermutseling tussen die magte reeds die middag om halftwee plaasgevind. Die vyandelikhede het voortgeduur tot halfsewe die aand, sonder dat veel skade deur beide partye aangerig is, behalwe dat ses perde en 'n paar trekosse van die Engelse dood=

13) Bellairs: op.cit., p.276-277. Vgl. ook Denison, C.G.: A Fight to a Finish (Londen, Longmans Green, 1904), p.8 (Denisson ook soms as Dennisson geskryf).

14) Voorletters van die Britse offisiere word nêrens deur die bronne aange= gee nie.

15) Bellairs: op.cit., p.278. Vgl. ook Denison: op.cit., p.9; Kemp: op.cit., p.41 en Jorissen: op.cit., p.68-69.

16) Denison: op.cit., p.9.

geskiet is.

Die volgende dag, 28 Desember 1880, het kmdt. Eloff sy kommando stelling laat inneem tussen die Engelse fort en die dorp. Daar is toe deur hulle loopgrawe en skanse opgerig en dieselfde dag is die Engelse fort uit hierdie posisies weer aangeval. Sarsie na sarsie is oor en weer gevuur, sonder dat veel ongevalle gely is. Die volgende dag egter is Auchinlech self deur 'n skoot in die gesig getref. Die wond was so ernstig dat hy hom aan die stryd moes onttrek, waarna die bevel deur luitenant Despard oorgeneem is.[17)]

Op 1 Januarie 1881 het kmdt. H.P. Malan vanaf Heidelberg aan Eloff opdrag gegee om weer met die Engelse te onderhandel. Die voorwaardes wat aan die Engelse gestel is, naamlik dat hulle dadelik moes oorgee, is deur hulle verwerp, sodat die gevegte vir nog ses dae voortgesit is, waarna daar 'n heel interessante verwikkeling plaasgevind het. 'n Baie vindingryke boer van Bokfontein, Tienie Ras, het naamlik op die plan gekom om 'n kanon van wabande aanmekaar te sit. Hy het ywerig in sy plaassmidswinkel aan die voet van die Magaliesberg gesweis en gewerskaf en teen 8 Januarie was sy kanon, wat 'n koeël van ses-en-'n-half pond kon afskiet gereed.[18)] Met groot opgewondenheid en afwagting is die kanon dié môre op 'n rantjie so 'n 2,000 treë van die Engelse fort af opgestel. Wat was die teleurstelling onder die Boere groot toe dié kanonloop met die eerste skoot wat afgevuur word bars en in plaas van om die Engelse fort weg te blaas is 'n paar Boere beseer. Daarna is die kanon na Ras se plaas teruggeneem waar hy weer aan die werk gespring het. Hy het die kanon herstel en terselfdertyd 'n paar ek= stra wabande gebruik om die loop te versterk.

17) Bellairs: op.cit., p.278. Ook geen voorletters van dié offisier beskik= baar nie.

18) Bellairs: op.cit., p.279. Vgl. ook Denison: op.cit., p.10-11 en Pie= naar, J.L.: Die Raskanonne (Brits Pos, s.j.), 'n brosjure waarin mnr. Pienaar uit die herinneringe van die Rasse van Bokfontein gege= wens oor die maak van die kanon saamgestel het. (Skrywer het self een van die brosjures in sy besit, aan hom geskenk deur wyle mnr. Pienaar.)

Op 3 Maart 1881 was die herstelde kanon weer gereed en is dit weer op 'n rantjie teenoor die fort opgestel. Met ingehoue asem het die Boere die eerste skoot afgewag. Gelukkig het die kanon nie weer gebars nie, maar toe die stof so 'n paar honderd treë duskant die fort uitslaan was dit duidelik dat die kanon nie so ver kon skiet nie. In aller haas is dit toe op 'n hoogtetjie, 200 treë nader aan die Engelse posisie opgestel. Groot was die vreugde on= der die Boere toe die eerste skoot wat daarna afgevuur is, die kol suiwer tref![19]

Die Engelse fort is daarna gereeld met die kanon bestook, maar ten spyte daarvan het Auchinlech, wat intussen so herstel het dat hy weer die bevel oorgeneem het, tog uitgehou. Selfs nadat gerugte die ronde gedoen het dat vrede tussen die Boere en Britse magte gesluit is, was Auchinlech nog nie bereid om te onderhandel nie en het hy sy teëstand hardnekkig voortge= sit.[20]

Op 30 Maart 1881 is 'n Britse offisier, luitenant Ryder, deur sir Evelyn Wood, die opperbevelhebber van die Britse magte, na Rustenburg gestuur. Met sy aankoms daar is hy na die fort deurgelaat en het hy Auchin= lech oortuig dat vrede wel gesluit was en dat vyandelikhede in Rustenburg ook gestaak moes word.[21] Daarna is ook formeel vrede in Rustenburg gesluit. Vir 'n volle drie maande het die beleg van die fort dus voortgeduur en Rus= tenburg was dan ook een van die laaste plekke waar vrede gemaak is gedu= rende die Eerste Vryheidsoorlog.

c. Burgerlike sake

Die anneksasie van Transvaal deur Shepstone in 1877 het meegebring dat hy nie net die regering van die Republiek oorgeneem het nie, maar dat die Britse gesag ook na plaaslike besture uitgebrei is en alle amptenare die

19) Bellairs: op.cit., p.283. Vgl. ook Denison: op.cit., p.10-11.

20) Ibid.

21) Bellairs: op.cit., p.284.

eed van getrouheid aan Groot Brittanje moes aflê. Die hele stelsel van plaas=like bestuur nl. die van landdros en heemrade is afgeskaf en in die plek daar=van is die munisipale bestuurstelsel ingevoer. Volgens dié Britse stelsel het 'n dorp met 'n inwonertal van meer as 300 inwoners die reg gehad om hulle eie munisipale bestuur te verkies.[22)]

Rustenburg, wat een van die groter dorpe in Transvaal was, het des=tyds meer as die bepaalde 300 inwoners gehad, en alhoewel daar skaars 53 kiesers was, kon hulle toe volgens die nuwe regulasies hulle eie dorpsbe=stuur kies. Die dorp is in vier wyke ingedeel en die waarnemende landdros, M.C. Genis, het die kieserslyste opgestel en alles in gereedheid gebring vir die eerste munisipale verkiesing wat Rustenburg ooit gehad het. Die volgen=de persone is as raadslede verkies: J.G.C. Wagner (voorsitter), W.A. Schoch, S.J.K. du Toit, G. Grimes, V. Wagner en S.O. du Toit as sekre=taris. Kort na die verkiesing, vroeg in 1878, het Shepstone Rustenburg be=soek, sodat een van die eerste take van die Raad was om „Zyn Lordship wel=kom te heeten".[23)]

Hierdie reëling van die instelling van munisipale bestuur het maar skaars 'n jaar bestaan want na die Eerste Vryheidsoorlog is in 1881 weer na die ou stelsel van landdros en heemrade teruggekeer. Soos te verstane kon die Dorpsraad in die kort tydjie nie veel uitrig nie. Hulle vernaamste pres=tasie was dat Rustenburg onder hulle bestuur die eerste keer 'n biblioteek gekry het waarvan dertig persone lede was. J.G. Wagner die voorsitter van die Dorpsraad was ook voorsitter van die biblioteekkomitee.[24)]

22) Gouvernementscourant, 16 November 1880. Vgl. ook die inhoud van Wet no.16 in Zuid-Afrikaansche Republiek, Engelse Tussenregering. Wette Blouboeke en Begrotings 1877-1880. Daarin word die hele oor=skakeling omskryf.

23) De Volksstem, 4 Januarie 1878: Berig oor Rustenburg deur 'n Korres=pondent. Vgl. ook Prinsloo: op.cit., p.18.

24) Prinsloo: op.cit., p.19.

d. Onderwys

Die oorname van die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek deur Shepstone in 1877 het ook veranderinge in die onderwys meegebring. Dr. J.V. Lyle, die lyfarts van Shepstone, wat hy as superintendent van Onderwys aangestel het, het naamlik 'n deurtastende ondersoek na onderwystoestande in Transvaal gelas. Na die ondersoek voltooi is, is 'n rapport gepubliseer en aanbevelings gemaak hoe verbeterings aangebring kon word. Een van die vernaamste veranderings wat Lyle voorgestel het, was om regeringsteun deur middel van subsidies aan privaatskole te gee. Verder was dit uit die rapport duidelik dat goewernementskole in die vervolg nie soveel fondse van die regering sou ontvang nie, maar dat daar van dié skole verwag sou word om self ook meer tot hulle instandhouding by te dra.[25)]

Gedurende die tydperk toe Lyle nog aan bewind van sake en die oorskakeling na die nuwe stelsel in die onderwys aan die gang was, het die goewernementskool in Rustenburg ongestoord voortgegaan en subsidies is ook uitbetaal aan die privaatskool van eerwaarde Richardson en aan die Duitse privaatskool.[26)] Na Lyle se dood in 1879 is ds. H.S. Bosman in 'n tydelike hoedánigheid as superintendent van onderwys benoem.[27)] Ongelukkig het daar egter onenigheid ontstaan tussen ds. Bosman en die skoolkommissie van die goewernementskool op Rustenburg. Hy was van mening dat net 'n subsidie aan die skool uitbetaal moes word en dat die regering nie vir die volle instandhouding van die skool verantwoordelik was nie. Teen hierdie standpunt het die skoolkommissie beswaar gemaak en die superintendent is daarop gewys dat hulle moeilik al die fondse sou kon insamel om hulle deel van die koste i.v.m. die skool by te bring. 'n Heftige korrespondensie tus=

25) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945), p. 59. Vgl ook Coetzee: op. cit., p. 42-44; Lugtenburg: op. cit., p. 117-124 en Bot, A.K.: Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal 1836-1951 (Pretoria, Staatsdrukker, 1951), p. 13. Vir volledige besonderhede oor veranderings sien Staatscourant, 7 Januarie 1879.

26) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945)., p. 60-61.

27) Coetzee: op. cit., p. 44. Vgl. ook Lugtenburg: op. cit., p. 125 en Bot: op. cit., p. 14.

sen die skoolkommissie en ds. Bosman het hierop gevolg, sonder dat die saak egter behoorlik opgelos is en ds. Bosman moes opmerk: „De Rusten= burg schoolquestie is een uiterst gevoeligd en delicate".[28)]

Die wrywing tussen ds. Bosman en die skoolkommissie is vererger toe hy op 11 November 1880 aan die Landdros in Rustenburg geskryf het dat in die vervolg alle korrespondensie, opgawes, ens. i.v.m. die goewerne= mentskool deur die Landdros as hoof van die „School Board" gehanteer moes word, want volgens sy insiens is die landdros en nog een of twee ander per= sone heeltemal daartoe in staat om die onderwysaangeleenthede in Rusten= burg te behartig.[29)] Gelukkig vir die Rustenburgers het die Britse bewind in Transvaal na die Eerste Vryheidsoorlog in Maart 1881 ten einde gekom en kon daar weer na die Boerestelsel van onderwys teruggekeer word.

28) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.65 (Aangehaal uit O.D. 220; Briewe= boek, d.d. 9 Julie 1880, p.448-454).

29) Ibid.

Hoofstuk 5

# DIE TYDPERK TUSSEN DIE VRYHEIDSOORLOË 1881-1899

## a. Burgerlike en landsake

Die munisipale bestuurstelsel, waarvolgens verkose dorpsrade sake in dorpe behartig het, het net vir die duur van die Britse besetting in Trans= vaal bestaan. Na Maart 1881, toe die Eerste Vryheidsoorlog beëindig is, is weer na die ou stelsel van landdros en heemrade teruggekeer. Dit was ook die geval in Rustenburg, maar daar was egter dié probleem dat gewese landdros P.J. van Staden glad nie meer gewild was nie en daar was dus geen sprake dat hy weer as landdros in Rustenburg aangestel sou word nie. Hierdie kwes= sie het aan die Rustenburgers, wat net soos in die verlede, 'n lewendige be= lanstelling in sake van hulle dorp getoon het, nou weer iets gegee waarby hul= le die aandag kon bepaal.

Twee persone, B. Kloppers en C.G. Bodenstein, het hulle in 1882 as kandidate vir die landdrospos verkiesbaar gestel. Aan beide is die nodige „requisities" gerig en vir hulle is ook propaganda onder die inwoners gemaak. By die verkiesing het C.G. Bodenstein die meeste stemme behaal en die re= gering het hom aangestel as eerste landdros na die Eerste Vryheidsoorlog.[1)]

Hy het net vir twee jaar as landdros in Rustenburg opgetree toe hy bedank het. Toe moes daar weer 'n verkiesing gehou word met die oog op 'n nuwe landdros. Een van Shepstone se groot ondersteuners J. Wagner, het toe ook as moontlike kandidaat vir die landdrospos na vore gekom. 'n Klom= pie van sy ondersteuners het die nodige rekwisisie aan hom gerig, maar die grootste deel van die inwoners van die dorp was glad nie geneë om so 'n lo= jale Britse vriend as landdros in hulle dorp te hê nie en hulle het hom dit ook onomwonde laat verstaan. Die gevolg was dat Wagner dit beter geag het om

1) De Volksstem, 1 Maart 1882: Berig van 'n korrespondent oor Rustenburg. Vgl. ook Prinsloo: op.cit., p.19.

hom aan die verkiesing te onttrek.[2)]

Tien jaar later, in 1894, het dieselfde Wagner weer politieke aspira= sies gehad toe hy hom vir die Tweede Volksraad verkiesbaar gestel het. Rus= tenburg het selfs toe egter nog nie sy optrede gedurende die Britse besetting vergeet nie, sodat hy toe ook nie veel steun onder die inwoners geniet het nie. Tipies van die houding teenoor hom was die volgende opmerking in 'n brief in die pers aan hom gerig: Beste John, zoudt ge nu denken dat wy mannen in de Volksraad willen hebben, die by het minste gevaar de stert tussen de bee= nen trekt en onder de vlerk van ounooi Victoria gaan."[3)]

In 1884 is J.C. Brink, die ander kandidaat naas Wagner, toe tot land= dros van Rustenburg verkies. Hy het hierdie pos vir 'n tydperk van sestien jaar tot 1899 beklee. Daarmee het hy egter nog nie P.J. van Staden, wat vir bykans sewe-en-twintig jaar landdros van Rustenburg was, se rekord ge= slaan nie.[4)]

Vir die eerste ruk in 1882 wou die bedrywighede in die dorp nie mooi vlot verloop nie. Daar was veral moeilikheid met die poste van waterfiskaal en skutmeester. Omdat die pligte van die betrokke amptenare nie duidelik omskryf was nie, het hulle nie presies geweet wat van hulle verwag is nie. Om meer duidelikheid oor die aangeleentheid te kry is Pretoria versoek om uitsluitsel oor die kwessie te gee. Ongelukkig het daar heelwat vertraging plaasgevind sodat die saak lank gesloer het voordat die „affaire" eers weer mooi koers gekry[5)] en sake weer beter verloop het.

Een van die belangrike sake waaraan die dorpsbestuur intussen sy aandag moes skenk, was om die straatblokke meer reghoekig te kry. Die

2) De Volksstem, 1 Maart 1882: Brief van Wagner.

3) De Volksstem, 12 Maart 1894: Brief aan Wagner van 'n korrespondent uit Rustenburg.

4) De Volksstem, 29 April 1884: Berig van 'n korrespondent. Vgl. ook Prinsloo: op.cit., p.22 en Engelbrecht: op.cit., p.16.

5) De Volksstem, 1 Maart 1882: Berig oor gebeurtenisse in Rustenburg.

persoon wat met die ontstaan van Rustenburg die eerste 155 erwe uitgemeet het,[6] J. Potgieter, het naamlik die meetwerk met osrieme gedoen, met die gevolg dat die erwe nie altyd behoorlik reghoekig en die strate ook nie oral ewe breed was nie.

Toe die Heilsleër in 1888 die dorp besoek het, het dit groot belang= stelling onder inwoners gewek, veral toe hulle op die maat van orkesmusiek deur die strate gemarsjeer het. Dit was tog weer iets wat die rustige alle= daagse gang van sake bietjie verander het en die inwoners van Rustenburg iets besonders gegee het om oor te gesels. Die belangstelling het gou na ver= ontwaardiging verander want na afloop van die diens, wat deur die Kaptein gelei is, het lede van die korps vryelik met die nie-blankes verkeer, selfs saam met hulle verversings geniet en op 'n familiêre manier met hulle gesit en gesels. So iets dat „wit en zwart broederlijk bijeen zitten", het die Rus= tenburgers nog nie vantevore aanskou nie. Onhuts is die vraag verder gestel: „Zyn ze zoo laag gesonken, zich met Kafferen te verbroederen."[7] 'n Paar maande later het die Heilsleër weer die dorp besoek maar die keer het die musiek van die orkes glad nie byval gevind nie en is dit as 'n „helse kabaal" beskryf. Die leier van die Heilsleër is dan ook versoek om maar liewers pad te gee en nie weer na Rustenburg terug te keer nie want dit is sterk be= twyfel of sy besoek enige goed onder die nie-blankes gedoen het. Trouens die manier waarop hulle met die nie-blankes gemeng het, is as skadelik vir die goeie orde van sake in die dorp beskou.[8]

Die Rustenburgers se belangstelling was egter nie net tot die grense van hulle dorp beperk nie. Hulle was immers ook burgers van die herstelde republiek en daarom was dit eintlik vanselfsprekend dat hulle vir die eerste presidentsverkiesing na die Vryheidsoorlog ook intense belangstelling sou

6) Kyk p.16 voetnoot 64 hierbo.

7) De Volksstem, 19 April 1888: Brief met klagtes oor die manier waarop die Heilsleër met nie-blankes gemeng het.

8) De Volksstem, 30 Julie 1888: Berig oor die tweede besoek van die Heils= leër aan Rustenburg.

openbaar, veral nog toe een uit hulle midde, Paul Kruger, kandidaat was.

Nog voor die amptelike kandidate aangewys is, was daar sprake dat J.H. Hofmeyer, die Afrikaanse leier uit Kaapland en J.G. Kotze, Hoofregter van Transvaal, moontlik ook kandidate vir die Transvaalse presidentsverkie= sing sou wees. Die Rustenburgers was egter oortuig dat nie een van beide persone vir hulle aanvaarbaar is nie en het gewaarsku dat tog nie weer 'n „vreemde" as president in Transvaal verkies moes word nie. Paul Kruger se saak is aangeprys deur te verwys na sy sterk optrede gedurende die Eerste Vryheidsoorlog en die Rustenburgers is gewaarsku om „niet te wankelen", maar om hulle eie man te ondersteun.[9)]

Toe dit in 1882 bekend geword het dat Paul Kruger wel tot president verkies is, was die vreugde in Rustenburg baie groot, maar die blydskap was nog groter toe die President in September 1883 'n amptelike besoek aan sy tuisdorp gebring het. Die hele dorp en distrik was oor dié besoek in rep en roer. Ereboë waarop „Welkom" en „Lang leve de President" in groot letters gepryk het is by die ingang van die dorp opgerig. 'n Perdekommando het die President 'n paar myl buite die dorp ontmoet en by sy aankoms by die optog is 'n sarsie vreugdeskote afgevuur, waarna hy die dorp in geleide gedoen is. By 'n vergadering dieselfde middag is president Kruger lank en luid toegejuig toe hy die Rustenburgers geloof het vir hulle dapper optrede gedurende die Vryheidsoorlog en die beleg van die Engelse fort, en vir die deel wat hulle bygedra het om die Transvaal weer vry te maak. Ook het hy sy dank en waar= dering aan hulle betuig vir die ondersteuning wat hulle met die presidentsver= kiesing aan hom gegee het.[10)]

Die belangstelling in landsake het in Rustenburg nie verflou nie. Tel= kens as die President se dienstyd verstreke was, was dit die een saak wat die

9) De Volksstem, 22 Februarie 1882: Brief van 'n „Patriot" aan Rustenbur= gers.

10) De Volksstem, 7 September 1883: Berig oor die besoek van president Kruger aan Rustenburg.

inwoners uit hulle kalm en rustige lewe gedwing het. Dan was daar weer le=we en opgewondenheid in die dorp. So het die naderende presidentsverkiesing in 1892 ook weer 'n groot oplewing in die dorp veroorsaak, toe voor die ver=kiesing in Rustenburg hard gewerk is om president Kruger se saak te bevor=der. Vir dié doel is 'n ywerige komitee gekies met H.K.J. van Noorden as voorsitter. Die komitee wou hulle werksaamhede nie net tot Rustenburg be=perk nie, maar op 'n breër grondslag samewerking verkry. Daarom het dié komitee ook in verbinding gekom met Pretoria, Potchefstroom en ander dor=pe om die kandidatuur van president Kruger te bevorder. In Rustenburg self het die getalle wat die „requisitie" vir Kruger geteken het steeds aangegroei.[11]

Alhoewel dit in Rustenburg baie duidelik was dat president Kruger die grootste steun onder die inwoners geniet het, het die ondersteuners van die ander kandidaat, kommandant-generaal Piet Joubert, tog ook 'n aksiekomi=tee in die lewe geroep om vir hom te werk. Daar was egter so min onder=steuning vir die saak van Joubert dat daar nie eens in Rustenburg 'n eleksie=agent vir hom gekry kon word nie. Gevolglik het E. Esselen uit Pretoria na Rustenburg gekom om as agent vir Piet Joubert op te tree. Veel kom hy eg=ter nie uitrig nie want sy poging om 'n vergadering te hou waarop hy Joubert se saak aan die kiesers wou stel het feitlik misluk omdat net 'n paar persone opgedaag het. Daarna het Esselen noodgedwonge sy taktiek verander en deur huisbesoek probeer om die inwoners te beïnvloed om vir Joubert te steun.[12]

Met die Kruger-komitee was dit net anders gesteld want op 'n goed by=gewoonde vergadering kon voorsitter Van Noorden 'n deeglike verslag van president Kruger se werk gee en het hy die kiesers ernstig as volg gewaarsku: „Eenmaal heeft het Volk reeds gedwaald en is het land gevallen, wacht u dus voor een tweede dwaling."[13]

Toe kmdt.-genl. Piet Joubert eindelik tog in Rustenburg aangekom en

11) De Volksstem, 7 September 1883: Berig oor die besoek van president Kruger aan Rustenburg.

12) De Volksstem, 8 Oktober 1892: Berig van 'n korrespondent.

13) Ibid.

'n vergadering toegespreek het, moes hy baie teleurgesteld gewees het, want die opkoms was swak. Uit die houding van die mense moes hy ook dadelik kon aflei: „Er heerste weinig geestdrift voor zyne zaak."[14)]

Na die herkiesing van president Kruger het die Rustenburgers nog verdere politieke aspirasies gehad. Hulle was nie tevrede dat die hoogste staatspos toe al vir baie jare deur een uit hulle midde gevul word nie, maar hulle het ook vir die tweede hoogste pos in die Transvaal iemand uit hulle eie geledere in die oog gehad. Hulle planne was naamlik dat kmdt. Herklaas Malan as kommandant-generaal verkies moes word, want redeneer hulle: „De Malaboch-oorlog heeft bewezen dat men byna geen geschichter persoon voor deze betrekking van Commandant-Generaal zou kunnen vinden."[15)] Soos algemeen bekend, het van hierdie grootse planne van hulle nie veel te= reggekom nie want in dié verkiesing het Piet Joubert weer die paal gehaal en gevolglik het hulle eie man nie kommandant-generaal in Transvaal geword nie.

b. <u>Onderwys</u>

Kort na die beëindiging van die Eerste Vryheidsoorlog het dit met die onderwys in Transvaal glad nie na wense gegaan nie. Sake in verband daar= mee is nie dadelik goed gereël nadat die republiek herstel is nie en gevolglik het 'n groot mate van verwaarlosing geheers. Die toestand van sake het in Rustenburg groot kommer veroorsaak en die inwoners as volg aan ds. S.J. du Toit, die pasaangestelde superintendent, laat skryf: „O Superintendent van School, kom en ontferm u over onze straatloper kinders."[16)] In dieself= de brief word verder meegedeel dat weens die feit van die swak toestande in die skool die kinders hulle besig hou met die vang van „arnostergoggas" wat

14) <u>De Volksstem</u>, 20 Desember 1892: Berig van 'n korrespondent.

15) <u>De Volksstem</u>, 27 Oktober 1894: Berig van 'n korrespondent.

16) <u>De Volksstem</u>, 23 Maart 1882: Brief van 'n korrespondent in die korres= pondensiekolom.

hulle aan die Duitse dokter vir drie sent stuk verkoop.

Die skool in Rustenburg is op 30 Augustus 1881 weer geopen en J. van Manen heraangestel as hoof. Gedurende die eerste paar maande daarna was sake baie deurmekaar. Gelukkig vir die onderwys in Transvaal is ds. S.J. du Toit op 13 Maart 1882 aangestel as superintendent van onderwys, sodat onderwysaangeleenthede op 'n beter grondslag geplaas is. Hy het van die standpunt uitgegaan dat onderwys nie 'n saak vir die staat alleen was nie, maar dat die ouers en die kerk die grootste verantwoordelikheid vir die op= rigting en instandhouding van skole moes hê. Daarvolgens sou die oprigting van skole by „partikuliere inisiatief" berus.[17)]

Die nuwe beleid het meegebring dat die skool in Rustenburg 'n moei= like bestaan gevoer het. In 1882 was die toewysing vir die skool maar net R818, 'n bedrag wat heel ontoereikend was. Die ouers het om die rede ge= kla dat hulle nie kans sien om met die karige subsidie 'n ordentlike skool aan die gang te hou nie. Daar het egter verligting gekom toe die Superintendent die saak in heroorweging geneem het en die toelae per kind per jaar van R8 na R10 verhoog is. 'n Spesiale toegewing is verder aan dorpskole gemaak sodat dit heelwat minder laste meegebring en die skoolsake baie verbeter en vlotter laat verloop het.[18)]

Alhoewel J. van Manen in 1882 as hoof van die skool in Rustenburg bedank het om 'n ander betrekking in Pretoria te aanvaar, het dit nogtans met die skool onder die verbeterde finansiële omstandighede goed gegaan en was mooi vordering merkbaar. Die skool het 'n goeie indruk op Celliers, re= dakteur van „De Volksstem", gemaak toe hy die dorp in 1883 besoek het en die volgende gunstige kommentaar is van hom verneem: „Een ruim en luchtig

17) Coetzee: op.cit., p.48. Vgl. ook Lugtenburg: op.cit., p.146. Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rus= tenburg (1840-1945), p.69. Vir volle besonderhede kyk Staatscourant, 18 Mei 1882.

18) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.77.

lokaal, tamelijk goed van ameublement voorsien, doeltreffend onderrig word aan de kinderen, die gegeven ...." Die voorsiening van skoolhandboeke was volgens sy mening nie na wense nie en dit was omtrent die enigste opmerking in verband met die skool wat nie so goed was nie.[19)]

Vanaf 1884 het skoolsake in Rustenburg nog groter verbetering getoon, veral hoe H.K.J. van Noorden hoof van die skool geword het. Onder sy be= kwame leiding is daar baie vordering gemaak, maar hy het net vir vier jaar hoof van die skool gebly tot in 1888, toe hy uit die onderwys bedank en hom as wetsagent in Rustenburg gevestig het. Sy opvolger, C.G. de Jonge, was net so 'n knap onderwyser en na skaars twee jaar diens in Rustenburg is hy in 1890 bevorder tot inspekteur. Die volgende hoof van die skool, H. Vis= scher, het net sulke voortreflike werk gelewer. Gevolglik het hy ook pas na 'n paar jaar in 1897 inspekteur geword. Die laaste hoof van die skool voor die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek het, J. Kamp, het tot in 1900 aangebly toe die skool as gevolg van die oorlogsomstandighede verplig was om te sluit. Na die oorlog het hy bekend geword as professor aan die Teologiese Skool te Potchefstroom. Op grond van die bevorderings wat die manne gekry en die goeie poste wat hulle beklee het nadat hulle hoofde van die skool op Rusten= burg was, kan tereg afgelei word dat hulle besondere bekwame persone in die onderwys moes gewees het.[20)]

Dit was egter nie net in die dorp waar daar vooruitgang te bespeur was nie, maar op die platteland het die onderwys ook met rasse skrede gevorder. Die beleid van ds. Du Toit[21)] het tot gevolg gehad dat daar in 1883 skole met 368 leerlinge in Rustenburg en distrik bestaan het. Pas ses jaar later in 1889 het die getal skole tot 22[22)] verdubbel met 'n totale leerlingtal van 519.

19) De Volksstem, 23 Oktober 1883: Artikel van J. Celliers oor Rustenburg.

20) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.88-91.

21) Kyk p.74 voetnoot 17 hierbo.

22) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.90-91.

Tot in 1888 is die inspeksie van skole en die promovering van leer= linge deur die plaaslike skoolkomitee waargeneem. Gewoonlik was 'n pre= dikant voorsitter met 'n aantal bekende persone uit die omgewing as die an= der lede. Dié toedrag van sake is egter in 1889 verander toe die eerste in= spekteurs van skole aangestel is. Volgens die nuwe reëling het H.H. Dyck= sterhuis in November 1889 die eerste keer die skole in Rustenburg geïnspek= teer en kon hy rapporteer „een grondige en naauwkeurig onderzoek is vol= tooid". Uit die rapport het verder gelyk dat die geboue en toerusting geskik en doeltreffend was en dat die onderwysers in die meeste vakke bevredigende werk gelewer het.[23)]

Vroeg in die volgende jaar het die Inspekteur weer 'n besoek aan Rustenburg gebring. Die keer was die doel van sy besoek nie bloot net in= speksie van skole nie, maar wou hy probeer om die onderwys in die algemeen te bevorder. Ten einde sy plan uit te voer het hy op 16 Januarie 1890 'n ver= gadering van onderwysers, ouers en ander belangstellendes toegespreek. Op die byeenkoms is sy uiteensetting van die samewerking tussen ouers en on= derwysers en die beter organisasie onder die onderwysers met geedsdrif aanvaar en is die eerste onderwysersvereniging in Rustenburg gestig.[24)]

Die vooruitgang en uitbreiding in die onderwys in Transvaal onder die bewind van ds. S.J. du Toit het voortgeduur nadat dr. N. Mansvelt in Oktober 1891 superintendent van onderwys geword het. Hy het op dieselfde beginsels wat ds. Du Toit toegepas het voortgegaan, maar meer aandag daar= aan gegee dat dit beter uitgevoer word. Vir hom was onderwys 'n saak van groot erns en in sy eerste verslag stel hy die doel daarvan as volg: „Dat de opvoeding van de kinderen des Volks moge beantwoorden aan de verhoogde eischen door den tegenwoordigen tyd gesteld, en dat dus het opgroeiend ge=

23) De Volksstem, 28 November 1889: Berig van 'n korrespondent. Vgl. ook Coetzee: op.cit., p.57 en Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.88-89.

24) De Volksstem, 23 Januarie 1890: Berig van 'n korrespondent.

schlacht moge worden opgeleid tot ontwikkelde Christelijke mannen en vrouwen, die het erfdeel hunner vaderen met kennis en wysheid zullen kunnen bebouwen, bewerken en besturen."[25)]

'n Jaar nadat dr. Mansvelt superintendent geword het, het onderwysaangeleenthede in Rustenburg en distrik so gegroei dat daar 48 wykskole en twee dorpskole was met altesaam 749 kinders wat die verskillende skole besoek het.[26)]

Die tweede dorpskool wat hierbo vermeld is, het in 1892 tot stand gekom deur die inisiatief van H.K.J. van Noorden en G. Hofmeyer wat met die ondersteuning van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde gemeente in Rustenburg die skool opgerig het. Aanvanklik het sommige ouers en inwoners van Rustenburg die skool se oprigting sterk teëgestaan omdat dit eintlik niks anders as 'n kerkskool was nie. Herdie persone was van mening dat kerkskole, wat vroeër jare in die dorp bekend was, nie meer nodig was nie en dat die goevernementskool in al die behoeftes van die leerlinge voorsien het.[27)]

In 1892 het daar in Transvaal 'n geleidelike verset teen die sg. Hollanderbeleid van president Kruger ontstaan. Die teëstanders van die President het hulle as volg oor die saak uitgelaat: „wy tekenen protest aan tegen de krachtige pogingen die er aangewend worden om van de Transvaal een klein, zoo men wil, een groot Holland te maken." Veral die invoer van Hollanderonderwysers het hierdie persone, onder leiding van ds. A. Louw en ds. H.S. Bosman, gesien as 'n poging van die President om Transvaal te verhollands. Die twee predikante het daarop aangedring dat die tekort aan

25) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.92: Aanhaling uit die Jaarverslae van die Superintendent, 1891. Vgl. ook Coetzee: op.cit., p.58. Lugtenburg: op.cit., p.175-176. Bot: op.cit., p.20-23.

26) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.94.

27) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.97.

opgeleide onderwysers in Transvaal aangevul moes word deur onderwysers uit Kaapland hierheen te laat kom en dat die beleid om Hollandse onderwysers in te voer, gestaak moes word.[28)]

Die Rustenburgers was egter van opinie dat die Kaapse onderwysers te Engelsgesind was. Gevolglik het hulle die grootste teëstanders van di. Louw en Bosman geword en het hulle vir 'n paar maande, van Augustus tot Oktober 1892, met genoemde twee predikante in die kolomme van De Volksstem 'n twisgeskryf oor die saak gevoer.[29)]

Ten spyte van die onderlinge geskille het onderwys in Rustenburg en distrik tog in die tydperk 1881-1890 'n redelike hoë peil bereik en goeie uit= breiding getoon. In die dorp self was daar toe twee skole en die getal wyk= skole het tot 51 vermeerder, terwyl daar reeds altesaam 1,031 leerlinge was wat die skole besoek het. In al die skole is sistematiese leerplanne en goeie handboeke gebruik. Die geboue was oor die algemeen ook doeltreffend en in redelike toestand. 'n Goeie kontrole is deur die onderwysowerhede uitgeoefen, soos blyk uit die feit dat nie minder as vier keer inspeksie in die dorpskool ge= doen is nie.[30)]

c. Posdiens

Tussen die jare 1881 en 1900 was daar 'n merkbare voorspoed in Rus= tenburg wat op alle terreine van die samelewing tot openbaring gekom het deur verbeterings en uitbreidings, maar van die posdiens kon dit ongelukkig nie

28) De Volksstem, 30 Augustus 1892: Berig van korrespondent. Vgl. ook Scholtz: op.cit., p.105-106; Lugtenburg: op.cit., p.188 en Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in Rus= tenburg (1840-1945), p.97.

29) De Volksstem, 8 Oktober 1982: Berig van korrespondent. Vgl. ook ander briewe en berigte in dieselfde koerant tussen Augustus en Oktober 1892.

30) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.96. Vgl. ook Lugtenburg: op.cit., p.188-190. Coetzee: op.cit., p.57-58.

gesê word nie. Net soos voor 1881, toe daar so baie klagtes oor die posver= binding was, het dié openbare diens ook glad nie tevrede gestel nie en het die klagtes en ontevredenheid feitlik tot 1900 voortgeduur. Die pos het nog steeds baie selde op die bestemde tyd in Rustenburg aangekom omdat daar meesal een of ander vertraging was. Soms was dit vol riviere en ander kere weer ongelukke wat die oponthoud veroorsaak het, en as die possakke te swaar was, het die naturel eenvoudig 'n deel van die pos laat agterbly. Jan Celliers was gedurende sy besoek aan Rustenburg[31)] beslis nie deur die posdiens so beïn= druk as deur die ander dinge nie: „Wy legden nog eenige bezoeken af en hoorden veel - en teregt - klagen over de gebrekkige postgemeenschap die Rustenburg heeft. Eene Kafferpost is waarlijk eene afscheperij voor zulk een belangryk distrikt. Er zyn tenders aangevraagt voor het vervoer der post per rytuig en reeds voor eene maand aan de Regering ingezonden, maar van den uitslag nog niets vernomen. Nog altyd word de post door een Kaffer ver= voerd, die in den regel slechts een gedeelte aanbrengt, daar de geheele post dikwels te zwaar is voor een man. De Rustenburgers vragen - en wy vragen met hen - waarom er niet minstens een antwoord komt op de ingezonden ten= ders."[32)]

Nadat die aangeleentheid vir nog 'n paar jaar op dieselfde trant voort= gegaan het, het die Rustenburgers verdere klagtes na Pretoria gestuur. Hul= le was dankbaar toe hulle verneem het dat die kans om hulle griewe te lug verwesenlik sou word toe die Posmeester-generaal, vergesel van genl. Nico= laas Smit, wat op uitnodiging van die Rustenburgers saamgekom het, in 1891 die dorp besoek het, waar hulle op 'n vergadering toe na al die klagtes ge= luister het.

Op dié byeenkoms wou die Rustenburgers weet of hulle verniet belas= ting betaal, want as hulle volgens hulle posdiens oordeel, het dit nie gelyk of hulle enige bydrae tot die staatskas gelewer het nie. Verder is die vraag ge=

31) Kyk p.75 voetnoot 19 hierbo.

32) <u>De Volksstem</u>, 23 Oktober 1883.

opper waarom Potchefstroom en ander dorpe beter posgeriewe as Rustenburg gehad het. Alhoewel gevoelens op die vergadering soms hoog geloop het, is die twee besoekers daarna op 'n onthaal getrakteer en toe hulle vertrek, is hulle deur 'n perdekommando 'n paar myl uit die dorp geleide gedoen.[33)]

Ten spyte van hierdie besoek het daar egter in die loop van die volgen= de paar jaar nie veel verbetering in die posdiens ingetree nie. Die naturel wat die pos gedra het, is wel vervang deur 'n poskoets, maar die koets het egter baie teëspoed op die pad ondervind, sodat 'n inwoner drie jaar later nog moes opmerk: „The post from Rustenburg is usually seven days behind time."[34)] Minder as 'n maand later het 'n ander inwoner sy ontevredenheid op spottenderwyse as volg te kenne gegee: „This postcart, I think must be an old Greek chariot, perhaps that of Hector in which he came to grief in his combat with Achilles. The breaking down of it is quite periodical."[35)]

Vier jaar later, in 1898, het 'n ander inwoner opgemerk: „De Hex= rivier was in vloed en de poststukken bleven aan het overzyde en kunnen niet doorgebracht worden".[36)] Dieselfde persoon wys verder nog daarop dat die vertragings in die posdiens nie die enigste klagte was nie, maar dat toestan= de in die poskantoor so primitief is by die posbussies dat 'n mens net bedags kon gaan pos haal. Saans kon niemand dit waag nie omdat daar nêrens lig was nie en die moontlikheid groot was om in die donker te val en 'n been te breek.[37)] Die gebrek aan lig saans by die poskantoor het 'n ander Rustenburger laat wonder of dit dalk, „een Postkantoor uit midden-Afrika" is waarmee hulle op= geskeep sit. Verder is hy verbaas dat alles nog nie in ligte laaie opgegaan het nie, want die poskantoorpersoneel moes by die lig van stukkies kers die posstukke sorteer; en dan sluit hy sy brief op 'n taamlik pessimistiese noot

33) De Volksstem, 23 Augustus 1891: Berig van 'n korrespondent.

34) The Star, 22nd February 1894: Berig aan die koerant deur 'n korrespondent.

35) The Star, 8th March 1894: Berig aan die koerant deur 'n korrespondent.

36) De Volksstem, 22 Februarie 1898: Brief van 'n korrespondent.

37) Ibid.

af: „voor Rustenburg is alles maar goed."[38)]

'n Oplossing vir al die probleme en klagtes in verband met die poskan= toor was teen 1900 nog nie gevind nie en die ergernis daaroor het nog lank voortgeduur.

d. Uitbreidings en ontwikkeling

Die rustige gang van sake in Rustenburg het heel dikwels by die inwo= ners en besoekers die indruk geskep dat daar nie veel in die dorp plaasgevind het nie. Tog was daar tussen 1881 en 1900 'n verbasende vooruitgang te be= speur. Dit was veral in hierdie periode dat beter geboue opgerig is, meer sakeondernemings tot stand gekom het en met verskeie industrieë in Rusten= burg begin is. Reeds vroeg in die periode het Jan Celliers sy indrukke as volg weergegee[39)]: „Des avonds 7 uur waren wij in Rustenburg. Een groot aantal wagens was reeds rondom de Kerk en elders op het dorp uitgespannen en 't liet zich aanzien dat de opkomst groot zou zyn .... Zaterdagmorgen had= den wij voor de eerste maal de gelegenheid om Rustenburg eens op te nemen en wij moeten al dadelijk erkennen dat ons die nadere kennismaking niet is tegengevallen. Men had Rustenburg afgeschilderd als erg vervallen en bijkans verlaten en wat vonden wij? Wij vonden er nette en geriefelijke woonhuizen die een lust was om te zien. Onze Rustenburgse vrienden schijnen zich be= paald toe te leggen op het kweeken van bloemen en groenten en dat wel met heel goed gevolg; want de grond is zeer vruchtbaar en water volop. Wat Rustenburg vooral boven vele dorpen in de Transvaal vooruit heeft is de schil= derachtigheid van zyner omgewing. Het natuurschoon om het dorp is heerlijk en wel een bezoek waard. Vruchtboomen van allerlei soort, benewens kof= fijboom en suikerriet tieren er welig."

„Rustenburg zelf was er des daags na onze aankomst zeer woelig. Het aantal wagens dat Vrydagavond reeds groot was, vermeerde Zaterdag nog aan=

38) De Volksstem, 23 November 1899: Brief van 'n korrespondent.

39) Kyk p.75 voetnoot 19 hierbo.

merklijk. De Landdrost en diens klerk, de winkeliers - er zyn er vier of vyf winkels - de Prokureurs, die Agenten, enz. hadden de handen vol, en het kwam ons voor dat er in Rustenburg meer geld zat dan in anderen gedeelten der Republiek. Zaterdagnamiddag hield Ds. Bosman de voorbereidingsdienst voor eene zeer talrijke gemeente. De Kerk was propvol. Na de dienst wer= den niet minder dan 65 nieuwe lidmaten door den plaatselijken leeraar aan de gemeente voorgesteld. Deze waren daags te voren aangenomen uit een twee-en-zewentigtal, welke Ds. Smits twee of drie weken lang catheciseren. Zon= dags morgen sprak Ds. Smits een kort woord tot de gemeente, waarna het Heilig Avondmaal werd gebruikt. Niet minder dan zes groote dubbele tafelen werden door de beide leeraars beurtelings bediend. Des namiddags hield Ds. Bosman dankzegging na afloop waarvan door Ds. Smits 33 of 36 kinderen werden gedoopt, wordende de plegtigheden van den dag besloten met eene korte Godsdienstoefening 'savonds door Ds. Bosman."

„De opkomst by deze gelegentheid was bijzonder groot, niet tegen= staande de zware droogte, die evenwel toch oorzaak was dat velen niet kon= den opkomen. Op eene merkwaardigheid hoorden wij onderscheidene ingeze= ten de aandacht vestigen en ze was deze, dat dit het eerste Octobernachtmaal is geweest gedurende hetwelk, naar hunne herinnering, er geen regen was gevallen."

„Maandag morgen waren genoegzaam al de wagens reeds vertrokken en had de dorp een veel stiller aanzien."[40)]

Vir sport was die Rustenburgers ook baie lief. Daar is gereeld krie= ketwedstryde teen omliggende dorpe gespeel. So 'n wedstryd, wat gewoonlik drie of vier dae geduur het, was nie net 'n sportkompetisie nie, maar die Rus= tenburgers het daarvan 'n heel gesellige geleentheid gemaak. As voorbeeld kan die ontmoeting van die span van Zeerust wat in Mei 1884 teen Rustenburg kom speel het hier genoem word: „On Thursday several spiders and carts went out to meet our worthy opponents of the willow, close to Magatha's

40) De Volksstem, 23 Oktober 1883: Artikel van redakteur Jan Celliers.

they were met and escorted into town."[41] Vir die volgende paar dae is ge= durende die dag krieket gespeel en saans is die besoekers op allerhande ge= sellige funksies onthaal. Na afloop van die westryd, wat Rustenburg met 105 lopies gewen het, is op die volgende wyse van die besoekers afskeid geneem: „On Sunday we took them on their way out to Magatha's where a splendid breakfast having been partaken of, provided by the Zeerust eleven, we parted as friends and brother knights of the willow."[42]

Die Rustenburgers het hulle egter nie net met geselligheid besig ge= hou nie. Daar is ook aandag geskenk aan uitbreidings en verbeterings, oral in die dorp het nuwe geboue verrys en die kerkgebou wat die Gereformeerde gemeente in 1889 langs Van Stadenstraat opgerig het om hulle eerste ou ker= kie te vervang is beskryf as „een sieraad voor ons dorp". Daar is verder hard gewerk aan die oprigting van 'n landdros- en poskantoor terwyl baie van die ou woonhuise wat nog grondmure en grasdakke gehad het, gesloop is en in hulle plekke het sierlike steenhuise verrys.[43]

Talle winkels en ander sakegeboue is die een na die ander opgerig. Die nuwe gebou in Kerkstraat waarin Wagner en Dawes sake gedoen het, is beskryf as „een prachtig inrigting". Die ou watermeul wat vir baie jare ge= troue diens gelewer het, is vervang deur 'n „stoommolen". In die dae het die eerste werklike fabriek ook tot stand gekom. Rustenburgdistrik was naam= lik besonder geskik vir die verbouing van tabak en het groot hoeveelhede van die produk gelewer, maar die verwerking daarvan het nog steeds elders ge= skied. In 1889 begin die eerste verwerking van tabak in die dorp in die „ta= bakfabriek" wat daar opgerig is. Van hierdie klein begin het die tabakindus= trie in Rustenburg uitgegroei tot 'n groot onderneming wat talle fabrieke en

41) De Volksstem, 22 Julie 1883: Berig van 'n korrespondent.

42) De Volksstem, 23 Mei 1884: Berig van 'n korrespondent.

43) De Volksstem, 15 Augustus 1889: Berig van 'n korrespondent.

die grootste tabakkoöperasie in die land insluit.[44]

Rustenburg het toe ook al meer 'n werklike dorp begin word sodat dit nodig geword het om regulasies op te stel wat die aanhou en los rondloop van vee in die dorp moes beheer.[45] Aandag is ook gegee aan die verbetering van strate en pogings is aangewend om 'n beter watervoorsiening vir die dorp tot stand te bring. Vir laasgenoemde was daar egter nie genoeg geld beskikbaar nie sodat die Rustenburgers by die regering om finansiële steun moes aanklop. Dié aansoek was egter nie suksesvol nie en het die Rustenburgers ietwat verbitterd laat opmerk: „Aan Potchefstroom en Pretoria worden groote sommen verleend, voor Rustenburg is er geen geld."[46]

In 1890 het die watervoorsiening juis 'n ernstige krisis laat onstaan toe die dorpsrivier a.g.v. langdurige droogte al swakker geword het. Die toestand het so kritiek geword dat 'n noodvergadering belê en 'n komitee saamgestel is om 'n oplossing te probeer vind vir die waterskaarste. Gelukkig het die komitee van fonteine by die Kloof geweet wat in die vroeë bestaansjare van die dorp deur Frans Schutte oopgegrawe was. Derhalwe is besluit dat die fonteine, wat miskien genoeg water vir die dorp sou oplewer, weer oopgegrawe moes word. Die werk is aan P. Fouche opgedra en die hele onderneming was so 'n sukses dat dit die stoutste verwagtings oortref het.[47] Daar is vandag nog duidelike tekens van die fonteine waar hulle aan die suidekant van die dorp uit die Magaliesberg ontspring het.

Op dié prestasie was die Rustenburgers baie trots, veral in die lig dat hulle die gevraagde finansiële hulp nie van die regering ontvang het nie en hulle dit nou „op hunne eigene gedaan" het. Maar tog is die regering weer daarop gewys dat hulle groot somme geld in Pretoria en Potchefstroom spandeer

44) De Volksstem, 15 Augustus 1889: Berig van 'n korrespondent. Vgl. ook Penzhorn: op.cit., p.104-105. Volledige besonderhede van die tabakfabrieke word in hoofstuk 7 verstrek.

45) Staatscourant, 13 Maart 1884. Vgl. hier ook berigte in De Volksstem van Maart 1884 in die verband.

46) De Volksstem, 29 September 1890: Berig van 'n korrespondent.

47) Ibid.

maar „voor Rustenburg is enigiets goed".[48]

Ons land word heel dikwels beskryf as 'n land van uiterstes. Na kwaai en langdurige droogtes volg daar soms weer oorvloedige reëns en oorstro=mings. Hierdie toedrag van sake was ook die deel van Rustenburg. Pas drie jaar na die bogenoemde waterskaarste het die dorp en distrik so oorvloedig reën gehad dat 'n waternood na die ander uiterste ontstaan het. Die neerslae was so groot dat die hele dorp feitlik oorstroom was en baie skade is aangerig. Dit was ook die geval in die distrik vanweë die oorstromings van die Krokodil-, Heks- en Selonsriviere.[49] Die skade was so erg dat elders op die platteland en aan die Rand vir die Rustenburgers gekollekteer en ingesamelde geld aan die Landdros gestuur is om na goeddunke onder die geteisterdes te verdeel.[50]

Benewens watergebrek en oorstromings moes Rustenburg in die negen=tiger jare ook nog twee ander baie swaar beproewings deurmaak. Die eerste was die runderpes wat in 1896 uitgebreek het. Hoewel nie tot die dorp en dis=trik beperk nie, het hierdie veesiekte, wat landswyd gewoed het besonder baie ellende en ontberings ook in Rustenburg veroorsaak. Die vrekte onder die vee was so erg dat die „geheele westelijke gedeelte van het distrikt Rustenburg van vee beroofd" is.[51] Die werklike veeverliese het as sodanig groot skade mee=gebring, maar in 'n ander opsig het dit ook nog ander verliese beteken omdat daar naamlik toe nie normaalweg gesaai en geplant kon word nie. Gevolglik was die oeste maar skraal. Daarby het die gebrek aan trekosse die insame=ling van die oeste baie bemoeilik. Net so baie probleme is ondervind om die geoeste graan en ander produkte wat daar wel was na 'n mark te neem want,

48) De Volksstem, 29 September 1890: Berig van 'n korrespondent.

49) The Transvaal Times, 11 Maart 1893: Berig van 'n korrespondent. Skry=wer hiervan het 'n onderhoud met wyle kolonel H.K.J. van Noorden ge=had, waarin hy uitvoerig vertel het van die „groot reën" van '93.

50) The Transvaal Times, 11 Maart 1893.

51) De Volksstem, 12 Desember 1896: Berig van 'n korrespondent.

weens die streng kwarentynregulasies, was donkies omtrent die enigste trek= diere.[52)]

Die ontberings wat die runderpes in Rustenburg veroorsaak het, het nog swaar op die bevolking gerus toe 'n nuwe ellende hulle alweer getref het. In 1897 het malariakoors in die dorp en distrik uitgebreek en „naamlose el= lende veroorzaakt". Blankes en naturelle is in groot getalle deur die siekte platgetrek terwyl talle mense ook aan die gevreesde siekte gesterf het. In die statjie van Tom Pauce alleen is gerapporteer dat 170 naturelle dood is.[53)]

Dit was veral die armer deel van die bevolking en die naturelle vir wie die uitbreek van malariakoors 'n ware beproewing geword het, soos tereg opgemerk is: „Is het zwaar voor gegoeden, veel erger is het voor armen, die door het runderpest al hun beesten verloren hebben." Dat die minder gegoe= de mense werklik swaargekry het, is begryplik as in aanmerking geneem word dat 'n bottel koorsmedisyne nie minder as R2.70 gekos het nie. Daarby moet ook nog in gedagte gehou word hoe moeilik die armer persone by 'n dok= ter of apteek kon kom om die nodige medisyne aan te skaf. Later gedurende die epidemie was daar omtrent nie meer 'n huisgesin waar almal op die been was nie. Trouens baie gesinne was toe reeds in rou gedompel omdat die ma= laria 'n slagoffer of slagoffers onder hulle geëis het, terwyl die ander lede van so 'n gesin gewoonlik nog in een of ander stadium van die koorsaanvalle was.[54)]

Doktersmedisyne, koue en warm kompresse en ander boererate het later ook nie meer gehelp nie. Gelukkig het die regering die erns van die si= tuasie besef en dr. L. Machol na Rustenburg gestuur om sy aandag voltyds aan die bestryding van die malaria-epidemie te bestee. Die arme dokter het feitlik nooit rus gehad nie, maar moes dag en nag van plaas tot plaas jaag om

52) De Volksstem, 23 Januarie 1897: Berig van 'n korrespondent.

53) De Volksstem, 19 Mei 1897: Berig van 'n korrespondent.

54) Ibid.

ernstige gevalle te besoek. By sy terugkeer in die dorp was daar heel dikwels ook geen ruskans nie, omdat dringende gevalle in die dorp self sy aandag ge= verg het.

Die ellende wat die epidemie in Rustenburg veroorsaak het, het feitlik die hele Transvaal met simpatie vervul en hulp het van al kante vir die geteis= terdes ingestroom. Uit Pretoria is van die Nederlandse Vereniging die eerste hulp ontvang. Hulle het naamlik geld en medisyne vir die koorslyers in Rus= tenburg gekollekteer. Onder leiding van landdros J. Brink, ds. P. Postma en ds. J. van Belkum is in Rustenburg self 'n komitee in die lewe geroep om te help om die nood te verlig. Hulle het kollektelyste opgestel wat in verskillen= de dorpe rondgeneem is om geld en ander middele vir die ongelukkiges in Rus= tenburg in te samel. Op een van die lyste het president Kruger self R20 by= gedra. Oral uit die land was daar 'n besonder gunstige reaksie op die nood= oproep uit Rustenburg. Uit Klerksdorp is R75 ontvang en Ermelo het R70 ge= stuur, terwyl 'n bedrag van R400 en „een wagenvracht levensmiddele" van Johannesburg afkomstig was. Trouens, daar was min dorpe vanwaar daar nie 'n bydrae gekom het nie.[55)]

Gelukkig het in Julie 1897 'n wending in die epidemie gekom. Met 'n sug van verligting is uit Rustenburg verneem: „De koorts zyn Gode zyn gedank sterk aan het afnemen", en die bogenoemde drie persone wat namens die Rus= tenburgers hulp verkry het, kon toe ook weer namens die inwoners van die dorp en distrik hulle dank teenoor die publiek betuig vir hulle milde bydrae.[56)]

In Julie 1891 is die gewone stille gang van sake in Rustenburg erg ver= steur toe dit bekend geword het dat die poskoets op weg van Pretoria na Rus= tenburg beroof is. Volgens die verslag van die drywer en passasiers van die koets was hulle nog ses myl van Rustenburg af toe hulle teen 'n steil hoogtetjie deur vier gemaskerde perderuiters voorgekeer en beveel is om stil te hou. Die rowers het die possakke deursoek en 'n sak met R800 daarin gevat, op

55) De Volksstem, 16 Junie 1897: Berig van 'n korrespondent.

56) De Volksstem, 3 Julie 1897: Berig van 'n korrespondent.

hulle perde gespring en weggejaag. Groot konsternasie het in Rustenburg ge= heers toe die sensasionele nuus bekend geword het. Dit is oral druk bespreek en daar is gegis wie die moontlike rowers kon gewees het. Dit het egter voor= lopig 'n geheim gebly en die polisie kon nog nie eens daarin slaag om die ro= wers op te spoor, toe die Rustenburgers nog erger geskok is nie. Daar is naamlik 'n tweede roof gepleeg, dié keer in die dorp self. Omdat daar des= tyds nog geen bank in Rustenburg was nie, is alle staatsgeld saans in 'n brand= kas in die landdroskantoor toegsluit. Hiervan moes die rowers geweet het, want deur gebruik te maak van 'n duplikaatsleutel het hulle toegang tot die landdroskantoor verkry. Daar moes minstens twaalf persone aan die inbraak deelgeneem het want die swaar brandkas is na buite gedra waar dit oopge= breek en geplunder is. Hierdie rowers het met nog 'n groter buit weggekom naamlik R6,000 aan kontant en inkomsteseëls.[57)]

Nie een van die twee rooftogte is ooit opgelos nie en wat verder van die saak geword het kon nie uit die beskikbare bronne vasgestel word nie.[58)]

'n Paar jaar na die roofepisodes plaasgevind het, is die gebrek aan bankgeriewe opgelos toe die „Nationale Bank" in 1894 'n tak in Rustenburg geopen het. Op die 27ste Maart van die jaar het die bank sake begin doen en is die eerste kliënt, Kurt Machol, 'n winkelier van Commissiedrift, in die bank se register ingeskryf. Die tweede rekening wat geopen is, was die van O. Laserstein, die eienaar van die koeldrankfabriek in die dorp. 'n Sekere W. Haw van Boshoek, was die eerste boer wat 'n bankrekening in Rustenburg

57) Transvaal Observer, 10 Augustus 1891. In die uitgawe van die koerant word die bankroof beskryf en ook die poskoetsroof, wat 'n tydjie tevo= re plaasgevind het.

58) Skrywer het alle koerante en regeringspublikasies uit daardie periode na= gegaan maar kon verder niks opspoor nie. Enkele van die ouer in= woners, soos wyle kolonel H.K.J. van Noorden kon egter nog een en ander oor die roof vertel en 'n paar meer besonderhede gee as wat die berig in die Transvaal Observer bevat het.

gehad het.[59)]

Alhoewel die oprigting van die bank beter geriewe vir die Rustenbur= gers beteken het, soos makliker besigheid doen en die voorsiening van 'n vei= lige bewaarplek vir die publiek se geld, was die bank nie altyd 'n onverbloem= de seën vir hulle nie. Die meeste bankamptenare was eentalig en veral die bestuurder se houding ten opsigte van die gebruik van Hollands het die Rusten= burgers glad nie aangestaan nie. Dit het dan ook tot onaangenaamheid gelei want in Desember van die eerste jaar wat die bank geopen is, is die bestuur= der deur 'n boer om sekere inligting genader, maar omdat die boer Hollands gepraat het, is hy baie onvriendelik en kortaf deur die bestuurder verwittig: „I don't speak Dutch." Met die antwoord was die Rustenburgers nie gediend nie en gevolglik het die bank en sy amptenare 'n slegte naam gekry. Die in= woners het tot die slotsom geraak: „De Nationalen Bank is in stryd met de Wet en is bezielt met een antinationale geest."[60)]

e. Kerkstryd

In 1885 het 'n kerkstryd in Transvaal tussen die Nederduits Hervorm= de en die Nederduits Gereformeerde Kerke oor die kwessie van die eenwor= ding uitgebreek. Aanvanklik het dit gelyk of die vereniging wel sou slaag en is die Verenigde Kerk dan ook gestig. In Desember 1885 is die eerste Alge= mene Kerkvergadering van dié kerk in Pretoria gehou waar al die predikante van beide kerke die akte van ooreenkoms moes onderteken. Ds. G.W. Smits, die Hervormde predikant van Rustenburg, het egter geweier en so het die eer= ste openlike verset teen die kerkvereniging begin.[61)] By die byeenkoms is

59) Ongepubliseerde „Register of accounts opened" Book I, p.1, d.d. 27 Maart 1894. Vgl. ook die toespraak van mnr. L. Jones, destyds hoof= bestuurder van Barclays Bank soos gerapporteer in die Rustenburg Herout van 12 Desember 1955. Vgl. ook Seidel: op.cit., p.263.

60) De Volksstem, 15 Desember 1895: Berig van 'n korrespondent.

61) Scholtz: op.cit., deel II, p.4. Vgl. ook Engelbrecht: op.cit., p.93 en Du Toit: op.cit., p.26.

ook aanvaar dat alle kerkrade van die twee betrokke kerke in die toekoms be= kend sal staan as Kerkrade van die Verenigde Kerk en dat die ou name sou verdwyn.

Die Kerkraad van die Hervormde Gemeente van Rustenburg het egter nooit die reëling aanvaar nie en het bly funksioneer as Hervormde Kerkraad, alhoewel daar toe amptelik nie meer 'n Hervormde Kerk bestaan het nie. Hier= mee het die Rustenburgers getoon dat hulle hulle predikant, ds. Smits, steun in sy verset teen die eenwording van die kerke. Toe daar op 9 Januarie 1886 'n vergadering gehou is om aan ds. Smits eervol ontslag te gee daar hy intus= sen versoek het om weens swak gesondheid as predikant te bedank, het die Kerkraad weer as Hervormde Kerkraad vergader. Op die byeenkoms moes die konsulent, ds. C.W. du Toit van Potchefstroom, die kerkraadslede telkens tot kalmte maan en hulle versoek om nie toe te laat dat hulle teenkanting teen die kerkvereniging 'n opskudding veroorsaak nie, want gevoelens het soms baie hoog geloop.[62)]

Vroeg in 1886 het die verset teen die kerkvereniging ook onder die ge= wone lidmate in Rüstenburg versprei. Nie minder nie as drie petisies is gete= ken om teen die vereniging te protesteer. Daar is egter nie veel met die me= mories bereik nie en die kerkvereniging is as 'n voldonge feit aanvaar.

Die Hervormers was egter nie tevrede nie en op 26 Junie 1886 moes ds. H.S. Bosman van Pretoria na Rustenburg kom om 'n beswaar van 165 lid= mate wat teen die vereniging gekant was, aan te hoor. Die vergadering was dan ook die heel eerste wat in Rustenburg onder die naam van die Verenigde Kerk plaasgevind het. Veel vordering is daar op die byeenkoms nie gemaak nie en twee dae later kry die Rustenburgers, wat nog as Hervormers bekend wou staan, kennis dat hulle die pastorie en alle ander kerkeiendomme aan die Verenigde Kerk moes oorhandig. Ten spyte van die benarde posisie waarin hulle toe verkeer het, naamlik sonder predikant, kerkgebou of pastorie, gaan die Rustenburgers hardnekkig voort met hulle verset teen die Verenigde Kerk.

62) Engelbrecht: op.cit., p.92-94. Vgl. ook Du Toit: op.cit., p.26.

Hulle kies hulle eie kerkraad en versoek ds. C.W. Smits om hulle kinders te doop en ander kerklike bediening vir hulle tydelik waar te neem.[63)]

Gelukkig vir die Hervormers in Rustenburg het die teenkanting teen die kerkvereniging in ander gemeentes ook heftiger geword. Nadat verskeie pogings om tot 'n skikking te kom misluk het, het die twee partye met die saak na die Hooggeregshof gegaan vir 'n beslissing. Op 25 Februarie 1895 het die saak tussen die twee kerke voor regters J.G. Kotze, dr. E.P. Jorissen en T. Morice gedien, wat as volg uitspraak gegee het: „Den verweerder moet verder gelast, binnen den tyd van drie maanden vanaf heden, alle goedere zowel roerend als onroerend met inbegrip van de Kerkboeken waarvan hy in bezit is aan de eischer N.V. terug te geven .....“[64)]

Daarna het die kerkstryd in Rustenburg net soos in die res van Transvaal ten einde geloop.[65)] Die gemeente van die Ned. Herv. of Geref. gemeente was egter nou in groot verleentheid, want na die uitspraak van die Hooggeregshof het hulle sonder enige eiendom gesit. Op die eerste gemeentevergadering wat daarna gehou is, het die voorsitter, ds. J.C. Hefer, die gemeentelede gewaarsku: „Wij staan nu voor groote moeilijkheden en wij hadden nooit verwacht dat onze moeilijkheid zoo groot zouden worden.“[66)]

Die gemeente het egter nie moed verloor nie en van voor af begin om 'n kerk te bou en ten spyte van die probleme waarmee hulle te kampe gehad het, was daar vordering en het hulle in Oktober 1895 reeds 'n paar erwe besit waarop hulle 'n kerkgebou kon oprig. Ywerige pogings is onder die gemeen=

63) Engelbrecht: op.cit., p.95. Vgl. ook Scholtz: op.cit. II, p.5-7 en Du Toit: op.cit., p.26-27.

64) Scholtz: op.cit. II, p.28-29; Engelbrecht: op.cit., p.109-110; Du Toit op.cit., p.28-29; De Volksstem, 13 April 1895 en 20 Julie 1895: Berigte oor die Kerksaak. Al die bronne haal die uitspraak van die regters soos hierbo aan.

65) De Volksstem, 20 Julie 1895 en 16 November 1895: Berigte oor die beeindiging van die kerkstryd.

66) Notule van die Ned. Herv. of Geref. Gemeente Rustenburg (1893-1946), d.d. 4 Mei 1895 (Boek I).

te voortgesit om geld in te samel vir 'n boufonds. Ongelukkig het die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 uitgebreek en kon daar eers weer na die oorlog met die insameling van fondse en die bou van die kerk voortgegaan word.[67)]

f. Spoorweg

In 1897 het die Rustenburgers vir die eerste keer die goeie nuus ont= van dat hulle 'n spoorweg sou kry. Voorlopig was dit nie bekend of die spoor= aansluiting met Pretoria of Krugersdorp sou wees nie. Die regeringskom= missie wat die saak ondersoek het, was reeds so ver gevorder dat daar al met die opmeet van die twee alternatiewe roetes begin is. Toe die Rusten= burgers die vlae van die landmeters oral sien en dit vir hulle duidelik word dat die spoorweg 'n werklikheid gaan word, was hulle so opgewonde dat ie= mand opgemerk het: „De koorts is 105 graden Fahrenheit.[68)]

Nadat die opmetings en voorlopige werk in verband met die spoorweg voltooi was, het dit vir die Rustenburgers begin duidelik word dat hulle 'n spooraansluiting met Krugersdorp sou kry. Daarmee was hulle nie tevrede nie en het hulle 'n vergadering belê om die aangeleentheid te bespreek. Nadat deeglik oor die saak beraadslag is, is H.K.J. van Noorden na Pretoria afge= vaardig ten einde die regering te oortuig dat dit „bezonder dringend voor het belang van het geheele land en Rustenburg in het bijzonder (was) dat de aan= leg van de lyn van Pretoria en niet van Krugersdorp geschiede".[69)] 'n Ar= gument wat Van Noorden moes gebruik was dat 'n spoorverbinding met die Rand te gevaarlik sou wees. 'n Gebeurtenis soos die Jamesoninval kon weer plaasvind in welke geval die spoorweg dan baie maklik buite werking gestel sou kon word. As die spooraansluiting met Pretoria was, sou dié gevaar nie so groot wees nie. Nog 'n argument was dat al die militêre voorrade in Pre=

67) Du Toit: op.cit., p.30-35. Vgl. ook Notules Ned. Herv. of Geref. Ge= meente Rustenburg d.d. 12 Oktober 1895, 24 Desember 1902 en 3 Ok= tober 1903.

68) De Volksstem, 22 Januarie 1898: Brief van 'n korrespondent.

69) De Volksstem, 20 April 1898: Berig van 'n korrespondent.

toria was en ammunisie en ander krygsvoorrade, in geval van oorlog, Rusten=burg baie gouer vanuit die hoofstad kon bereik. Verder was Pretoria ook nog direk verbind met 'n hawe wat nie onder Britse gesag geval het nie.[70)]

Dit was nie net die voorgestelde spooraansluiting met Krugersdorp waarmee die Rustenburgers ontevrede was nie, maar ook die plek wat voor=gestel is waar die stasie opgerig moes word het hulle as volg laat vra: „Wie evenwel op het malle denkbeeld is gekomen om de statie in de turf op een halfuur afstand van het dorp te plaatsen weet Joost alleen",[71)] wat duidelik getoon het dat hulle met die idee ook glad nie ingenome was nie.

Ongelukkig vir Rustenburg het die gebeurtenisse in Suid-Afrika, naam=lik die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog, dit toe onmoontlik gemaak dat Rustenburg wel per spoor met Pretoria verbind is en kon eers 'n paar jaar na die oorlog weer aan die bou van 'n spoorweg aandag gegee word.

g. Eensgesindheid en toekomsplanne


Teen die einde van 1895 was Transvaal die ene beroering toe dit bekend geword het dat dr. L.S. Jameson 'n poging aangewend het om die Republiek binne te val. Ook in Rustenburg is die nuus met groot konsternasie verneem, maar anders as in 1877, toe daar verdeeldheid was en Shepstone se optrede met gelatenheid aanvaar is,[72)] was dit nou heel anders gesteld. 'n Sterk be=geerte om saam te staan ooreenkomstig die leuse „Eendracht maakt macht" was oral in die dorp merkbaar, terwyl dit, blykens die volgende opmerking in 'n brief aan De Volksstem ook duidelik was, dat die Rustenburgers kragdadig wou optree: „Het geheele dorp is vol mensen die zich naar het kommando be=geven, om aan iedere kolonne die op Johannesburg aantrekt de pas af te sny=den."[73)]

70) De Volksstem, 20 April 1898: Berig van 'n korrespondent.

71) De Volksstem, 23 November 1898: Brief van 'n korrespondent.

72) Kyk p. 60 voetnoot 8 hierbo.

73) De Volksstem, 4 Januarie 1896: Brief van 'n korrespondent.



Generaal P.A. Cronje

Die kommando uit Rustenburg het dan ook 'n groot aandeel gehad om Jameson se inval te stuit. Daar was naamlik 500 man uit Lichtenburg, Ma= rico en Rustenburg onder kmdt. Piet Steenekamp teenwoordig, toe genl. Piet Cronje Jameson tot oorgawe gedwing het. Die meeste van die manne onder kmdt. Steenekamp was egter Rustenburgers, sodat hulle met reg trots kon wees op hulle bydrae. Terselfdertyd het die Rustenburgers deur die gebeur= tenis onder die besef gekom dat hulle in „gevaarvolle tyden" geleef het. Daar= om word hulle ook aangeraai: „Wy moeten niet meer onze broeders smaad aandoen (na aanleiding van die kerkgeskil) maar liever den Heere vragen hen te zegenen.[74)]

Ten spyte van rampe soos die malariakoorsepidemie en die runderpes en verdeeldheid oor die kerkvereniging wat Rustenburg in die laaste twee de= kades van die negentiende eeu getref het, is die posisie in 1898 tog so dat daar op alle terreine merkbare vooruitgang was en dat die samelewing deur 'n groot mate van saamhorigheid en eensgesindheid gekenmerk is.

74) De Volksstem, 11 April 1896: Berig van 'n korrespondent.



Kommandant P.S. Steenekamp

Hoofstuk 6

# RUSTENBURG GEDURENDE DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG 1899-1902

## a. Die Rustenburgse Kommando, Oktober 1899 - Mei 1900

Gedurende die laaste paar maande van 1899 was dit vir die Rustenbur= gers, net soos vir die res van die inwoners van Transvaal, duidelik dat 'n ge= wapende botsing met Groot-Brittanje onafwendbaar was. Die gevoel van on= tevredenheid en ongeduld met die Engelse houding word mooi deur 'n inwoner, J.A. Fouche, soos volg vertolk: „De Engelschen bedoelen slechts om ons te verdringen, elke Afrikaner is nu al warm genoeg om desnoods te vechten voor ons heilig recht."[1] Die onsekerheid en verslaenheid wat in 1877 geheers het,[2] was dié keer heeltemal onbekend.

Om die regering van hulle heelhartige steun te verseker, het die Rus= tenburgers 'n paar maande later 'n telegram na Pretoria gestuur: „Besloten werd om telegrafies een dankbetuiging aan de regering te zenden voor de flinke houding door haar aangenomen tegen de aanmatigingen van Engeland. De Bur= gers zyn vol geestdrift."[3]

Toe die kommando van genl. P.A. Cronje teen die begin van Oktober in gereedheid gebring is om na die Transvaalse wesfront te vertrek, het dit by die Rustenburgers ook nie net by praat en beloftes gebly nie, maar die bur= gers het hulle bereidwilligheid en gehoorsaamheid getoon deur almal aan die roepstem van die regering gehoor te gee en net siekes en oues van dae het ag= tergebly.[4] Dat die koerantberig nie bloot versinsel was nie, blyk uit die vol=

1) De Volksstem, 21 Julie 1899: Brief.

2) Sien voetnoot 8 op p.60 hierbo.

3) De Volksstem, 20 September 1899: Berig van 'n korrespondent waarin die inhoud van die telegram weergegee word.

4) De Volksstem, 4 Oktober 1899: Berig i.v.m. vertrek van die Rustenburg= se Kommando.



Veldkornet J.C. Coetzee

gende gegewens: In Rustenburg was daar 2,287 dienspligtige burgers en van dié getal het daar in die begin van Oktober 1899 2,103 op kommando vertrek.[5]

Die Rustenburgse kommando, wat onder die bevel van kommandant P.S. Steenekamp gestaan het, het op Doornkop, die plaas van oud-komdt. H. Malan, op 1 Oktober byeengekom. Die plaas is omtrent 20 myl suid van Rus= tenburg op die hoëveld en was gerieflik geleë om as bymekaarkomplek te dien, vanwaar hulle na Lichtenburg kon vertrek om veggeneraal J.H. de la Rey te ontmoet. By hulle aankoms in Lichtenburg op 2 Oktober was die opperbevel= hebber, genl. P.A. Cronje, reeds daar. Hy het al die offisiere bymekaar geroep en uit die opgawe wat toe gemaak is, het die mag tot sy beskikking op 5,600 man te staan gekom. Daarvandaan het die kommando's weswaarts in die rigting van Polfontein, drie myl van die Kaapse grens af, beweeg en op verdere instruksies van die regering gewag.[6]

Op 11 Oktober het Cronje die berig ontvang dat oorlog teen Groot-Brittanje verklaar is, waarop hy dadelik aan die kommando's opdrag gegee het om die grens oor te steek en Mafeking te beleër. Sy eerste stap was om die spoorlyn aan weerskante van die dorp te beset ten einde die verbindings af te sny. Die Rustenburgse kommando, wat onder veggeneraal J.P. Snyman van Marico ingedeel is, het juis die bevel om die grens oor te trek en aan die noordwestekant van Mafeking aan die spoorlyn stelling in te neem, eerste ge= kry. Om drieuur die middag het hulle by Kraaipan, 'n klein stasietjie twaalf myl wes van Mafeking af, aangekom. Genl. Snyman het dadelik aan die werk gespring en dele van die spoorlyn laat opbreek, sodat die pantsertrein wat

5) Oosthuizen, J.: Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoor= log (ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, Potchefstroomse Universi= teitskollege vir C.H.O., 1949). p.66.

6) Oosthuizen: op.cit., p.71-72. Vgl. ook Breytenbach, J.H.: Die Tweede Vryheidsoorlog (Kaapstad, Nasionale Pers, 1949), p.33; Lombaard, P.S.: Uit die Dagboek van 'n Wilde boer (saamgestel deur mev. A.M. Jackson, sonder uitgewer, s.j.), p.14-15; Amery, L.S.: The Times History of the War in South Africa 1899-1902, IV (London, Sampson Low, Marston & Co., 1906), p.568-572.


Offisiere Rustenburg Kommando



van Kimberley af met kanonne en versterkings op pad was, daar kon ontspoor. Die hele middag het daar egter niks gebeur nie en teen elfuur die aand was die uitgeputte manskappe reeds aan die slaap en nog net die wagte op hulle poste. Ewe skielik is die stilte van die maanlignag verbreek met die uitroep „Die Engelse kom ! Saal op !" In doodse stilte is daar gewag tot die naderen= de trein by die opgebreekte spoorlyn in die grond geploeg het. Toe die Engel= se uitspring om te sien wat gaande was, het die eerste skote geklap en die oor= log het begin.[7)]

Die Engelse het dadelik die Boere se aanval met kanon- en kleingeweer= vuur beantwoord, maar omdat dit in die nag en die burgers goed in hulle posi= sies verskuil was, het die vyand nie 'n duidelike teiken gehad nie. Gevolglik het hulle sommer blindelings na die flitse van die Boere se Mausers geskiet en feitlik geen skade aangerig nie. Ondertussen is 'n veldkornetskap vinnig agter om die trein gestuur om die spoor daar ook op te breek sodat hulle prooi nie kon ontsnap deur te retireer nie. Toe probeer die vyand om met die lokomotief, wat hulle intussen losgekoppel het, te ontsnap. Maar die twee kanonne wat op bevel van genl. De la Rey nader gebring is, brand toe los en na 'n paar voltreffers was die lokomotief so beskadig dat daarmee ook nie wegkomkans was nie. Toe die maan 'n rukkie later ondergaan, het die bur= gers tot op veertig treë nader gekruip en die trein op die kort afstand bestook. Die geveg het die hele nag voortgeduur en toe dit die volgende oggend lig word, moes die Engelse tot die besef gekom het dat hulle gedurende daglig 'n baie maklike skyf sou wees. Gevolglik het die bevelvoerder op die trein, kolonel R.H. Nesbitt, besluit om oor te gee en so eindig die eerste skermutseling met

7) Veldkornet J.C. Coetzee van Marico wat die eerste skoot afgevuur het, was 'n broer van die skrywer se grootmoeder en as kind het ek dikwels van hom verneem hoe hy die eerste persoon was om in die oorlog te skiet. Dit word bevestig deur Oosthuizen: op.cit., p.85-86. Vgl. ook Conradie, F.D.: Met Cronje aan die Wesfront (1899-1900) (Kaapstad, Nasionale Pers, 1943), p.17-20; Amery: op.cit., p.578.




Gepantserde trein te Mafeking

'n sege vir die Afrikaners.[8)]

Die volgende dag is die stryd voortgesit en genl. Snyman het met die Rustenburgse kommando aan die noordekant van Mafeking 'n aanval op die dorp geloods. Aangevuur deur die sukses van die vorige nag was die burgers vinnig in die saal toe hulle die bevel „Opsaal!" kry. Op 'n jaaggalop is die dorp genader en toe hulle binne trefafstand was, het hulle afgespring, stel= ling agter bome en klippe ingeneem en sarsie na sarsie afgevuur. Na 'n kort maar hewige geveg het genl. Snyman die Rustenburgers beveel om terug te val want die vyand het hulle toe met kanonne begin bestook. In die geveg is 4 Engelse gevang en 27 gedood of gewond. Die kommando het daar ook hulle eerste verliese gely want manskap P. Eksteen het gesneuwel, terwyl Frans Malan, 'n seun van kmdt. F. Malan, gewond is.[9)]

Op 15 Oktober het die Rustenburgse kommando by Ramatlabama, om= trent twaalf myl noordwes van Mafeking, vertoef. Vroeg die oggend van 16 Oktober is hulle weer beveel om gereed te wees. Mafeking is nog eens van die noordekant af genader en toe die kommando ses myl van die dorp af was, het die eerste bombardement met die kanonne begin. Die afstand was egter te groot en nie veel skade is aangerig nie. Daarna het hulle tot op 'n afstand van 2,000 treë nader getrek en begin om weer sarsie na sarsie op die dorp te los. Omdat genl. R.S.S. Baden-Powell, die bevelhebber in Mafeking, eg= ter nie die vuur beantwoord het nie, het genl. Snyman 'n boodskapper na hom gestuur en geëis dat hy oorgee. Baden-Powell wou nie aan die eis voldoen nie maar versoek Snyman om nie die waterwerke in die dorp te beskadig nie. Daar= na het die kommando 'n paar myl teruggetrek en op 'n kaal vlakte laer opge=

8) Oosthuizen: op.cit., p.87-89. Vgl. ook Conradie: op.cit., p.21; Amery: op.cit., p.568-578; De Volksstem, 14 Oktober 1899: Berig oor die oorlog.

9) Lombard: op.cit., p.18. Vgl. ook De Volksstem, 14 en 16 Oktober 1899: Berigte oor die geveg; Amery: op.cit., p.577-578.



Generaal Snyman en Kommandant Botha

slaan.[10)]

Daar het toe 'n verskil van opinie tussen genl. Cronje en genl. De la Rey ontstaan oor watter taktiek gevolg moes word om Mafeking tot oorgawe te dwing. Laasgenoemde wou hê dat die dorp met 'n berede mag bestorm moes word, maar Cronje wou nie met die voorstel instem nie. Hy het De la Rey daarop gewys dat sy planne moontlik groot lewensverlies sou beteken. Met Cronje se beleëringstaktiek het De la Rey egter nie genoeë geneem nie en op 18 Oktober 1899 kry hy verlof van Cronje om met 1,000 man na Vry= burg te vertrek.[11)]


Om Baden-Powell tot oorgawe te forseer, het Cronje besluit om 'n Long Tom-kanon uit Pretoria te laat kom en Mafeking daarmee te bombar= deer. Die Engelse wat deur middel van hulle spioene van die verwikkeling gehoor het, het met vrese en bewing op die koms van die groot kanon gewag. Op 25 Oktober het Long Tom aangekom en nadat dit op 'n stewige platform, ses myl van die dorp, gemonteer is, het die eerste skote bulderend op Ma= feking losgebars. Onder dekking van die grofgeskut het die burgers die dorp bestorm maar toe die Engelse hewig op hulle terugskiet, was hulle verplig om terug te val. Long Tom is daarna vir nog 'n maand gereeld gebruik om Mafeking te bombardeer, maar ten spyte daarvan kon die burgers nie daarin slaag om die dorp in te neem nie.[12)]

Intussen het die Rustenburgse burgers onder genl. Snyman nie veel uitgerig nie. Afgesien van die opbreek van die spoorlyn ten noorde van Ma= feking, het hulle feitlik onaktief in hulle laer gelê. 'n Afdeling van hulle, tus= sen 300 en 400 man, het darem teen die einde van Oktober iets gekry om te doen. Hulle is naamlik aangesê om onder veldkornet Piet Kruger die grens van Betsjoeanaland oor te steek en komdt. P.D. Swart van Marico te gaan

10) Lombard: op.cit., p.19. Vgl. ook Conradie: op.cit., p.24. De Volks= stem, 17 Oktober 1899: Berig oor die gevegte, en Amery: op.cit., p.580.

11) Oosthuizen: op.cit., p.98-104.

12) Lombard: op.cit., p.18.



Baden-Powell te Mafeking

help, waar hy 65 myl noordwaarts pogings aangewend het om 'n pantsertrein uit Boelawayo voor te keer. Swart en Kruger is egter met 'n sewe pond-meksim bestook, sodat hulle met 'n verlies van 30 gewondes en dooies moes retireer. Toe genl. Snyman die nuus verneem, is hy self met versterkings daarheen. Hy het wel daarin geslaag om Gaberones te beset en die pantsertrein na Mochudi terug te dryf, maar veel meer kon hy ook nie uitrig nie. Gevolglik het hy besluit om na Mafeking terug te keer. Veldkornet Kruger en sy afde=ling Rustenburgers is by Derdepoort as wagpos agtergelaat.[13)]

Die eerste gedeelte van November 1899 was vir die kommando van Rustenburg, net soos vir die ander kommando's wat nutteloos en ledig rond=om Mafeking gelê het, 'n tyd van frustrasie. Elke dag is Mafeking deur Long Tom bestook, sonder dat daar skynbaar veel skade aangerig is. Verveeld van ledigheid en niksdoen en doellose rondslenter in die laers, het baie van die burgers toe hulle eerste verlof geneem en huis toe gegaan. Die jonger man=ne wat nie verlof kon kry nie, het spottenderwys die volgende liedjie gesing om hulle verveeldheid te openbaar:


„Ek wens dat aldag Sondag was,
En Kersfees in die week.
Dat eet en drink my ambag was
Dan werk ek nooit geen steek."[14)]

Onder sulke omstandighede het genl. Piet Cronje op 18 November 1899 die offisiere van al die kommando's na hom ontbied. Aan hulle het hy verduidelik dat hy 3,000 man gaan neem om by Norvalspont te gaan veg en dat 'n kleiner mag sou agterbly om Mafeking te beleër. Die taak om agter te bly, is aan genl. Snyman opgedra. Hy sou die kommando van Rustenburg en 'n gedeelte van die Maricokommando, altesaam 1,600 man, tot sy beskikking hê.[15)]

13) Amery: op.cit., II, p.270.

14) Meegedeel aan skrywer deur mnr. D.S. du Toit, adjudant van kmdt. P. Steenekamp. Dit word bevestig deur Lombard: op.cit., p.25.

15) Lombard: op.cit., p.27.


THE ARTILLERY KEPT MAFEKING DOWN FOR 7 MONTHS.
(THE LONGEST SIEGE OF THE SOUTH AFRICAN WAR.)
AT 7 00PM ON THE 17TH MAY MAJOR KARRI DAVIS OF THE IMPERIAL LIGHT HORSE AND TEN MEN WERE THE FIRST OF THE RELIEF COLUMN TO ARRIVE.
BY 4 00 A M ON MAY 18TH THE SIEGE WAS OVER.
100 CAPE POLICE (C P)
70 BECHUANALAND RIFLES (B R)
400 TOWN GUARD (ABLE BODIED MEN)
500 NATIVE CATTLE GUARDS & SCOUTS.
650 WOMEN AND CHILDREN.
6000 NATIVE POPULATION AT BARGLONG STADT.
THIS MAP INDICATES THE ORIGINAL POSITIONS FOR THE SIEGE OF MAFEKING.
BOER ENTRENCHMENT
BRITISH DEFENCE
BOER FORT
BOER FORT
BOER GUNS NEAR SIGNAL HILL
MALMANI ROAD
MOLOPO RIVER
BULAWAYO ROAD
BUSH
ARMOURED TRAIN LINE
CAPE BOYS
T.G
TOWN GUARD
MAFEKING
TO BULAWAYO
RAILWAY LINE DESTROYED
RAILWAY CAMP
LOCATION
SAP
CANNON KOPPIE
RESERVE
GAME TREE
FORT
SUPPORT TRENCHES
MILITARY
BARGLONG STADT
FORT CARDIGIN
FORT MILLARS
WOMENS LAAGER
LIMESTONE FORT
FORT AYR
OLD FORT ROAD
RAILWAY LINE FROM MAFEKING

Sporadiese ligte skermutselinge tussen die Engelse in Mafeking en die burgers het gevolg, maar groot gevegte het in werklikheid nooit plaasgevind nie. So word daar in Desember 1899 berig: „Hoera voor de Rustenburgers, zy hebben gisteren drie forten rondom Mafeking genomen."[16] 'n Paar weke later, op 26 Desember, vind nog 'n botsing plaas toe die Engelse 'n boere-stelling 'n paar myl noord van die dorp aangeval het. Die vyand is egter met swaar ver= liese teruggedryf en moes 25 gesneuweldes en 17 gewondes agterlaat, terwyl die boere geen verliese gely het nie. So het dit aangehou tot Mei 1900 en af= gesien van die ongerieflike veldlewe in die laers, was dit met die Rustenburg= se kommando heel goed gesteld gedurende die eerste paar maande van die oorlog.[17]

b. Britse besetting van Rustenburg en die optrede van die Rustenburgse kommando tot Julie 1900

Gedurende die eerste paar maande van 1900 het groot veranderings in die verloop van die Tweede Vryheidsoorlog ingetree. 'n Reeks rampe en terugslae het die Boeremagte getref en die gevegsterrein van buite die gren= se van die twee Republieke tot binne in die Transvaal en Vrystaat verplaas. Een van hierdie treurige gebeurtenisse was die oorgawe van genl. Piet Cron= je by Paardeberg op 27 Februarie 1900. Daardeur het die hele wesfront baie kwesbaar geword en, behalwe vir Mafeking wat toe nog deur die Rustenburg= se kommando beleër is, was die pad feitlik oop vir lord Roberts, die Britse bevelvoerder, se groot deurbraak in Transvaal. Van ander gevegsfronte, soos Ladysmith en Stormberg, is ook berigte van groot neerlae vir die Boe= remagte ontvang, sodat nie net die wesfront nie maar ook ander fronte

16) De Volksstem, 12 Desember 1899: Berig in 'n spesiale uitgawe. Vgl. ook Lombard: op.cit., p.28-42.

17) Aan skrywer meegedeel deur adjudant D.S. du Toit. Dit word bevestig deur Lombard: op.cit., p.28-42. Vgl. ook Small, J.L.: Monuments and Battlefields of the Transvaal War 1881 and the South African War 1899 (Kaapstad, Howard Timmins, 1966), p.38-39.

ernstig deur die Engelse magte bedreig is.[18)]

Om die ellende nog groter te maak, is kmdt.-genl. Piet Joubert op 27 Maart oorlede. Voor hy egter gesterf het, het hy veg-genl. Koos de la Rey as bevelvoerder aan die wesfront aangestel. Die aanstelling het De la Rey op 26 Maart, 'n dag voor die Kommandant-generaal se dood, bereik. Vir De la Rey, wat toe self siek was, het dit nuwe bekommernisse en 'n baie groot verantwoordelikheid meegebring. Na genl. De la Rey met kmdt.-genl. L. Botha, die nuwe opperbevelhebber van die Republikeinse magte, in Pretoria samesprekings gevoer het, is hy na Wes-Transvaal waar hy in Mei 1900 aangekom het. Op 13 Mei het hy genl. Snyman beveel om sy groot laer te verskuif, sodat dit nie deur die Britse opmars van Vryburg af in gevaar ge= stel kon word nie. Generaal De la Rey het toe persoonlik die bevel oor die Kommando's van Rustenburg en Marico oorgeneem. Dieselfde dag, 13 Mei 1900, het hy kmdt. Steenekamp beveel om die Moloporivier deur te trek en die westelike oewer te verdedig teen die oprukkende Britse magte. Ongeluk= kig het Steenekamp te ver langs die treinspoor met sy magte stelling ingeneem; gevolglik is 'n opening gelaat waardeur die Engelse kommando onder genl. B. T. Mahon deurgebreek en Mafeking ingeem het.[19)]

'n Groot gedeelte van die Marico-kommande onder genl. Snyman het daarna die wyk geneem, maar die Rustenburgers onder kmdt. P.S. Steene= kamp het haastig saam met De la Rey na die Rand vertrek. Daar moes hul= le hulp gaan verleen aan die kommando's onder kmdt.-genl. Botha wat teen 'n groot oormag aanrukkende Engelse onder bevel van genls. J.D.P. French en Ian Hamilton moes veg.

18) Conradie: op.cit., p.195. Vgl. ook Oosthuizen: op.cit., p.242-252; Amery: op.cit., p.22-25; Kritzinger, P.H. en Macdonald, R.W.: In die skaduwee van die Dood (Kaapstad, Nasionale Pers, 1939), p. 222-223; Reitz, D.: Kommando. 'n Boeredagboek uit die Engelse Oorlog (Bloemfontein, A.C. White, s.j.), p.103-105; Weeber, E.J.: Op die Transvaalse Front. Junie 1900 tot 31 Oktober 1900 (Kaapstad, Nasionale Pers, 1942), p.265-266.

19) Oosthuizen: op.cit., p.290-291. Vgl. ook Amery: op.cit., p.594-595, asook voetnoot 17 op p.101 hierbo.



Jacobus Herculas de la Rey

Met hulle aankoms daar op 27 Mei 1900, is hulle aangesê om op Doorn= kop, twintig myl wes van Johannesburg, stelling in te neem. Daar het die bekende Danie Theron met sy korps by die Rustenburgse kommando aangesluit. Daarna is kanonne sewe myl oos van Doornkop geplaas om aan Steenekamp se kommando die nodige ondersteuning te gee. Vroeg die oggend van 28 Mei het French en Hamilton met hulle geweldige groot leërs opgedaag. Genl. French het direk vorentoe beweeg en Johannesburg aangeval, terwyl Hamilton met 'n flankbeweging Doornkop aangeval het. Die gevegte het om halfdrie die middag losgebars en die Rustenburgers en hulle makkers het so dapper geveg dat Hamilton se aanslag afgeweer kon word. Toe French daarvan berig ontvang, het hy 'n gedeelte van sy magte ook op Doornkop laat toeslaan. Teen so 'n groot oormag en van twee fronte bedreig, kon die Rustenburgers nie stand hou nie en word hulle verplig om die wyk te neem.[20]

Gedurende die geveg is die dapper kmdt. Steenekamp van die Rusten= burgse kommando swaar gewond. Hy is vir dood in 'n vlei agtergelaat, maar slaag tog daarin om hom te versteek tot dit donker was. In die donker het hy met 'n gebreekte been aangesukkel en by sy kommando aangesluit wat 'n paar myl daarvandaag gelê het.[21] Hy is later na die hospitaal op Roodepoort ver= voer, waar hy verpleeg is en het so gou herstel dat hy na 'n paar maande weer by sy kommando kon aansluit.

Intussen het die Britse bevelhebbers op die wesfront, Baden-Powell en Hunter, ook groot sukses behaal met hulle opmars na Pretoria. Op 26 Mei het Zeerust in hulle hande geval en 'n paar dae later op 7 Junie het hulle na 'n kort geveg aan Elandsrivier die laaste Boeremagte in die omgewing ver= dryf en kon hulle sonder veel weerstand Rustenburg op 14 Junie 1900 inneem.[22]

20) Oosthuizen, op.cit., p.306-309. Vgl. ook Amery: op.cit., p.141-142.

21) Meegedeel aan skrywer deur D.S. du Toit, adjudant van kmdt. Steenekamp. Dit word ook bevestig deur Oosthuizen: op.cit., p.306-309.

22) Amery: op.cit., p.224-225.

Na die gevegte by Doornkop en die verwonding van kmdt. Steenekamp, het die Rustenburgse kommando skynbaar tydelik ontbind want toe genl. De la Rey hulle in Junie vir verdere diens nodig gehad het, was hy genoodsaak om genl. L.S. Lemmer met die volgende opdrag na Rustenburg te stuur: „Aldaar het Rustenburg-commando met behulp van officieren, landdrosten en Volks= raadsleden byeen te krygen en op te trekken in de richting van Pretoria, zoo= dat de vyand belet word het vee en het graan van onze burgers in handen te krygen en de vyand overal aan te vallen."[23)]

Voordat genl. Lemmer egter klaar was met die reorganisasiewerk van die kommando het De la Rey, op aandrang van kmdt.-genl. Botha, op 3 Julie 1900 in die omgewing van Rustenburg opgedaag en die werk self oorgeneem. Dit was onder moeilike omstandighede want daar het toe 'n gees van verslaen= heid onder die burgers geheers vanweë die praatjies van vrede wat rondge= gaan het en die plundering van die boereplase deur Kaffers. Tog het die Ge= neraal daarin geslaag om 'n paar honderd man byeen te bring.[24)]

c. Rustenburg en die Rustenburgse Kommando, Julie 1900 - Mei 1902

Na die Britse militêre suksesse was die republikeinse strydmagte ver= plig om 'n nuwe manier van oorlogvoering te volg. Die Boerekommando's het toe die taak gehad „om de vyand overal aan te vallen". Gevolglik het die guerillastryd na Julie 1900 in Transvaal begin.[25)]

Generaal De la Rey was so suksesvol met sy pogings om die komman= do's te reorganiseer dat hy teen 21 Julie reeds 1,200 Rustenburgers by hom in die veld gehad het. Ongelukkig het baie van hulle toe nie perde gehad nie en

23) Oosthuizen: op.cit., p.334: Aanhaling uit 'n Krygsraadbesluit van 14 Junie 1900.

24) Oosthuizen: op.cit., p.336. Vgl. ook Denison: op.cit., p.81; Muller, C.H.: Oorlogsherinneringe (Kaapstad, Nasionale Pers, 1936), p.74; Otto, J.C.: Die Konsentrasiekampe (Kaapstad, Nasionale Pers, 1954), p.1; Amery: op.cit., p.345-346.

25) Oosthuizen: op.cit., p.306-309; Amery: op.cit., p.224-225.

en was meer as die helfte ongewapen. Die Generaal het egter 'n boodskap= per na die regering gestuur en om die nodige voorrade gevra. In antwoord op die versoek is staatsprokureur J.C. Smuts na De la Rey gestuur en deur sy bemiddeling is benodigdhede soos wapens, ammunisie, klere en ander voorrade aan die burgers verskaf. Smuts het daarna nie teruggekeer nie, maar het vir 'n groot gedeelte vir die res van die oorlog onder genl. De la Rey geveg.[26)]

Volgens opdrag van kmdt.-genl. Louis Botha was De la Rey se taak toe om tussen Krugersdorp, Pretoria en Rustenburg op te tree. Daar moes hy, waar enigsins moontlik, die vyand aanval en die verbinding tussen Britse magte afsny of bemoeilik. Genl. De la Rey het dié fase van die oorlog beskryf as die „tweede en groote" oorlog, want dit sou 'n geweldige taak vir hom wees om met die magte tot sy beskikking die Britse kommando's op hulle „drives" te stuit.[27)]

Die eerste stap wat genl. De la Rey gedoen het nadat hy die bevel in die gebied aan hom toegesê, oorgeneem het, was om die hele streek deeglik te laat bespied. Uit die rapporte wat hy ontvang het, was dit vir hom duide= lik dat sy posisie baie netelig was omdat die Britse magte al die passe in die Magaliesbergreeks beset het en bewegings van sy kommando's daardeur ont= settend bemoeilik is. Daarom besluit hy reeds op 10 Julie om een van die passe, Silkaatsnek, omtrent 20 myl van Pretoria, wat deur majoor sir John Jervis met 'n afdeling van die Scots Greys beset is, aan te val. Gedurende die nag het De la Rey met 300 man die berg bestyg en aan weerskante van die nek stelling ingeneem. Toe die dag breek, was hulle reeds in veilige posisies en toe dit lig word, het hulle op die verbaasde Engelse losgebrand. Die ge= veg het die hele dag geduur, maar teen die aand moes Jervis die wyk neem en kon De la Rey Silkaatsnek inneem. Hy was baie bly dat die vername

26) Oosthuizen: op.cit., p.354.

27) Oosthuizen: op.cit., p.336-337. Vgl. ook Amery: op.cit., p.346-347; Denison: op.cit., p.82-85.

sleutelposisie deur hom verower is, maar wat hom nog meer vreugde ver= skaf het, was die groot buit van 2 kanonne, 'n groot hoeveelheid ammunisie, perde, muile, waens en ander voorrade wat die dag in sy hande geval het.[28)]

Net voor genl. De la Rey Silkaatsnek aangeval het, het hy genl. L. Lemmer, een van sy kommando-bevelvoerders, opdrag gegee om Kommando= nek, 'n pas ongeveer vier myl wes van Rustenburg, in te neem. Gelukkig was Lemmer ook suksesvol en 'n rukkie daarna het hy sonder veel teëstand van die Engelse Rustenburg binne getrek. 'n Paar uur later egter het 'n groot Britse mag opgedaag en moes Lemmer se kommando die wyk neem. Daar was tog 'n oorwinning vir genl. De la Rey se kommando's in die omgewing van Rustenburg. Veldkornet J. van Tonder wat die Maricokommando en 'n deel van die Rustenburgse kommando aangevoer het, het op 22 Julie 1900 by Selonsrivier, agt myl wes van Rustenburg, met die Engelse slaags geraak. Dit was 'n harde geveg wat vroeg die oggend begin en tot laat die middag aan= gehou het. Van Tonder het die Engelse 'n gevoelige neerlaag toegedien en nie minder nie as 20 Engelse het die dag daar gesneuwel, afgesien van 'n groot buit wat hy ook nog in die hande gekry het. Die vinnige welslae wat genl. De la Rey met sy kommando's in Julie 1900 in die omgewing van Rus= tenburg behaal het, het die Britse opperbevelhebber, lord Roberts, laat be= sluit om sy magte voorlopig uit die gebied te onttrek. Gevolglik het al die belangrike passe in De la Rey se besit gekom en op 8 Augustus 1900 is die dorp self ook deur die Engelse ontruim en weer deur die burgers ingeneem.[29)]

Veediefstalle en rowery het intussen so erg geword dat genl. De la Rey verplig was om op 22 Augustus 1900 aan veldkornet B. van Heerden met 'n deel van die Rustenburgse kommando opdrag te gee om die Kaffers op hul= le plek te sit. Van Heerden het nie veel teëstand ondervind nie want die Kaf= fers het eenvoudig voor die kommando weggevlug. Die rowery het egter maar

28) Oosthuizen: op.cit., p.337-338. Vgl. ook Amery: op.cit., p.350-351.

29) Oosthuizen: op.cit., p.339-344. Vgl. ook Amery: op.cit., p.358-362 en Denison: op.cit., p.91.

voortgeduur, want 'n maand later, nadat die kommando teruggekeer het, moes De la Rey weer optree. Die keer stuur hy nie weer 'n kommando uit nie maar beveel hy al die landdroste wat in sy gebied was om elke Kaffer wat vir vee=diefstal gevang word, op die plek dood te skiet.[30)]

Die Engelse het egter nie die Rustenburgse omgewing permanent ver=laat nie. Inteendeel, reeds teen die einde van Augustus het gevegte opnuut uitgebreek. Op 31 Augustus het die Rustenburgers by Slypsteenkoppie, om=trent 25 myl suidoos van Rustenburg, met die Engelse in 'n geveg betrokke geraak wat die burgers gelukkig gewen het. 'n Paar dae later, op 10 Septem=ber 1900, het 'n kommando onder genl. J.C. Smuts en kmdt. Steenekamp by Bosfontein, 30 myl suidoos van Rustenburg aan die voet van die Magaliesberg, met 'n groot Britse afdeling onder genl. R.A.P. Clements in 'n harde geveg betrokke geraak. Nadat die boere stelling ingeneem het, is hulle posisies met perderuiters en voetsoldate bestorm. Gelukkig kon al die aanslae met sukses afgeweer word, maar teen die aand was die kommando verplig om weswaarts na Kommissiedrif terug te trek.[31)]

Na die gevegte het die Rustenburgse kommando 'n tydjie van rus geniet, maar nie vir lank nie want in Oktober het genl. De la Rey aan kmdt. Steene=kamp opdrag gegee om sy burgers weer na die gevegsfront te bring. Op 7 Ok=tober 1900 was kmdt. Steenekamp met bykans 1,800 man weer in die veld.

Nadat lord Methuen die bevel van Carrington in Oktober in Wes-Trans=vaal oorgeneem het, het die Engelse aanvalle op die Boere baie hewiger ge=word. Op 8 Oktober het die Britse magte gevolglik 'n aanslag uit drie ver=skillende rigtings op De la Rey se posisie by Olifantsnek gemaak. Lord Methuen het met 'n groot mag oor die hoëveld uit 'n suidelike rigting opgeruk. Genl. Clements het met 'n ewe groot mag uit 'n suidoostelike rigting nader beweeg, terwyl genl. Broadwood ook met 'n sterk leër van Pretoria af na Rustenburg met die Moot langs op pad was. Teen so 'n oormag kon De la Rey

30) Oosthuizen: <u>op.cit</u>., p.360. Vgl. ook voetnoot 24 op p.104 hierbo.

31) Oosthuizen: <u>op.cit</u>., p.366.

nie veg nie. Gevolglik het hy besluit om met sy kommando's na die bosveld van Zwartruggens pad te gee. Olifantsnek en Rustenburg is toe weer deur die Engelse ingeneem. Dit het meegebring dat daar tot November 1900 nie veel geveg is nie en die Rustenburgse kommando kon weer 'n bietjie rus.[32)]

Toe lord Kitchener in November 1900 die opperbevel oor die Britse magte in Suid-Afrika oorgeneem het, het hy met sy „skoonmaak-proses" of „drives" begin. Hy het gepoog om met groot gekonsentreerde Britse troe=pesametrekkings alles eenvoudig voor hom uit die pad te vee. As teenmaat=reël was die Boeremagte verplig om ook 'n paar kommando's te laat saam=werk ten einde die groot Britse troepe-eenhede die hoof te kon bied. Dit was juis met so 'n doel voor oë dat genl. C.F. Beyers en genl. De la Rey die slag van Nooitgedacht beplan het. Genl. Beyers sou met sy kommando van Swart=koppies uit die rigting van Pretoria na Clements se stellings by Nooitgedacht beweeg en hulle van die noordekant aanval, terwyl genl. De la Rey se magte aan die suidekant geplaas moes word. Dan moes 'n gesamentlike aanval op Nooitgedacht uit die twee rigtings gedoen word.[33)]

Genl. Beyers se eerste probleem was om genl. Broadwood, wat met 'n sterk leër direk in sy pad was, te ontduik. Hy slaag egter daarin om on=gemerk met 'n omvleuelingsbeweging by hom verby te kom. Toe hy op 12 Desember in die omgewing wat hulle afgespreek het aankom, was genl. De la Rey reeds daar en sy kommando's in hulle stellings aan die suidekant van Ma=galiesberg op die vlaktes. Saam is die twee Generaals toe die berg uit, van=waar hulle Clements se posisie deeglik waargeneem en besluit het dat hulle vooraf uitgewerkte planne, naamlik dat Beyers uit die noorde en De la Rey van die suide af sou aanval, die regte taktiek sou wees. Die Rustenburgse kom=mando het in die slag 'n besondere rol gespeel. Eerstens was veldkornet J.

32) Oosthuizen: op.cit., p.376-383.

33) Oosthuizen: op.cit., p.392. Vgl. ook Amery: L.S.: The Times History of the War in South Africa, V (London, Sampson, Marston and Co., p.94.

van Tonder vir die spioenasiewerk verantwoordelik. Dit sou sy taak wees om die twee Generaals op hoogte te hou met vyandelike troepebewegings tydens die geveg. Die res van die Rustenburgse kommando onder kmdt. Steenekamp het reg suid van Nooitgedacht op die vlaktes stelling ingeneem. Hulle moes gereed wees om Clements se magte uit dié rigting aan te val wanneer hulle die teken daarvoor sou kry.

Op 13 Desember het genl. Beyers met sy aanval van die noordekant af begin. Hy het die Engelse groot verliese toegedien en hulle voor hom die Magaliesberg uitgedryf. Die volgende oggend om agtuur het kmdt. Steenekamp die opdrag ontvang om te storm en na slegs 'n paar minute dreun die perde=pote soos die Rustenburgers oor die vlakte jaag. Toe hulle binne trefafstand was, is sarsie na sarsie op Clements se kommando gelos. Laasgenoemde laat hulle met kanonne bestook, maar hy moes so kwaai onder die aanval van twee fronte deurloop dat hy verplig was om te retireer. Op Clements se oos=flank het kolonel B. Legge vir 'n tydlank nog weerstand gebied, maar 'n aan=val deur genl. De la Rey self met 'n deel van sy kommando verplig hom ook om die aftog te blaas. Teen die aand het genls. Beyers en De la Rey Clements se hele groot mag 23 myl suidweswaarts tot by Rietfontein verjaag.

Die gesamentlike poging van die twee Boeregeneraals het nie alleen 'n groot verlies aan manskappe vir Clements beteken nie, maar in sy haastige terugtog het die volgende voorrade ook nog in die hande van die Boere geval: 70 waens, 200 tente, 'n groot aantal gewere en ammunisie, 400 perde, 300 muile en 500 beeste. Uit die buitgemaakte voorrade kon genl. De la Rey sy kommando's toe beter toerus.[34)]

Gedurende 1901 was die kommando van Rustenburg in 'n paar klein skermutselings met die Engelse betrokke, maar aan groot gevegte het hulle nie deelgeneem nie. Genl. De la Rey het 'n deel van die kommando onder vk. B. van Heerden by hom gehou, terwyl die grootste gedeelte van die kom=

34) Oosthuizen: op. cit., p.393-395. Vgl ook Amery: op. cit., p.95-106 en ook Kemp, J.C.G.: Vir Vryheid en Reg (Kaapstad, Nasionale Pers, 1941), p.356-359.

mando onder kmdt. Piet Steenekamp aangesê is om patrolliewerk te doen.[35] Hulle taak sou wees om gedurig rond te trek en bewegings van Engelse troepe te bemoeilik. Hulle moes die Engelse so veel as moontlik hinder om met hul= le vernietingswerk op plase voort te gaan. Dan moes Steenekamp ook nog aan genl. De la Rey gereeld inligting verskaf oor die bewegings van die Engel= se magte. Hierdie taak het meegebring dat hulle van die laaste kommando's in die veld was. Trouens die vredesonderhandelings was alreeds aan die gang toe hulle die laaste veldslag, die van Roodewal, op 11 April 1902, gelewer het.[36]

Die omgewing van Rustenburg was een van die plekke waar genl. C. R. de Wet byna deur die Engelse gevang is en waar hy ternouernood daarin kon slaag om te ontsnap. Nadat hy vroeg in Augustus 1901 die Vaalrivier oorgesteek en aan gevegte by Frederickstad naby Potchefstroom deelgeneem het, is hy knaend deur lord Methuen self agtervolg. Skynbaar was Methuen die keer vasbeslote om De Wet nie weer deur sy vingers te laat glip nie. Hy bly op De Wet se hakke en vroeg die oggend van 10 Augustus was hy so naby aan De Wet dat die Generaal hom slegs met 'n vinnige agterhoedegeveg by Cyferbult kon afskud. Vir Methuen het dit op die stadium waarskynlik duide= lik geword dat genl. De Wet na Olifantsnek op pad was en dan moes hy hom vasloop want die sterk Britse mag onder genl. Ian Hamilton wat by Olifants= nek was, sou De Wet nie kon ontduik nie. Maar nog 'n keer misluk die Engel= se planne om De Wet te vang, want op die kritieke tydstip toe Hamilton moes toeslaan, het hy sy troepe na Zeekoeihoek verskuif. Gevolglik slaag De Wet daarin om die nek veilig oor te steek en die wyk te neem.[37]

35) Oosthuizen: op.cit., p.417-422. Vgl. ook Amery: op.cit., p.527-537 en Kemp: op.cit., p.398-400.

36) Kemp: op.cit., p.461-468. Vgl. ook Oosthuizen: op.cit., p.605-607 en Amery: op.cit., p.530-531.

37) Amery: op.cit., p.425-427. Vgl. ook De Wet, C.R.: De Stryd tusschen Boer en Brit (Amsterdam, Höveler en Wörmser, 1903), p.126-130.

Die Rustenburgse kommando wat in Oktober 1899 met 2,000 manskap= pe begin veg het, het teen die einde van 1901 nog 1,800 man in die veld gehad. Dit getuig van getrouheid en volharding en, alhoewel hulle nie altyd skouspel= agtige oorwinnings behaal het nie, het hulle tog hulle bydrae gelewer om me= nige veldslag in die guns van die Boere te beklink. Verder het hulle die on= derskeiding gehad dat hulle van die eerste kommando's was wat begin veg het[38] en dat hulle ook nog aan een van die laaste gevegte van die Tweede Vryheidsoorlog deelgeneem het.

d. Offers van die Rustenburgers en die bestuur van die dorp 1899-1902

Skaars 'n maand nadat die Tweede Vryheidsoorlog begin het, is die eerste offers in die vorm van vroue- en kinderlewens geëis. Met die Derde= poortmoord in die vroeë oggendure van 25 November 1899 is 'n paar boere= gesinne, uit Rustenburg en Marico afkomstig, koelbloedig deur die onderdane van Linchewe, Secheli en Khama aangeval en 32 wreed om die lewe gebring. Die oorlewendes, vrouens sowel as kinders, is daarna te voet na Mochudi, die hoofstad van Linchewe, aangejaag. Daar moes hulle 'n paar dae onder die kaffers vertoef voordat hulle per trein na hulle families in Transvaal te= ruggestuur is. Dit was die eerste offers aan lewens wat deur Rustenburg se burgerlikes gebring is. Ter ere van hulle staan daar 'n monumentjie voor die Nederduits Gereformeerde Kerk in Rustenburg.[39]

38) Sien voetnoot 5 op p.96 asook voetnote 31 op p.107 en 36 op p.110.

39) Meegedeel aan skrywer deur sy vader, wyle M.W. Pretorius, wat self as jong seun teenwoordig was. Skrywer se grootvader, ook Z.L. Pre= torius, en 'n oom van skrywer, Jacobus Pretorius, het ook daar ge= sterf. Skrywer se grootvader het swaar verwond in 'n huis gelê wat aan die brand gesteek is, sodat hy feitlik lewendig verbrand het. Sy oom, Jacobus Pretorius, was ook gewond, maar terwyl sy vrou Johan= na hom verpleeg het, is hy deur 'n kaffer deur die kop geskiet. Onder die Rustenburgers wat daar gesterf het, was onder andere die broers Gert, Cornelis en Paul Potgieter. Die getuienis word bevestig deur J.E.V.: Die Moord op Derdepoort (Die Huisgenoot, 18 Oktober 1940). Vgl. ook Otto, J.C.: Die smart van vrou en kind (Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, saamgestel deur J.H. Breytenbach; Kaapstad, Na= sionale Pers, 1949, p.445-446); Otto: Die Konsentrasiekampe, p.1.

Die plundertogte van kaffers wat in Derdepoort begin het, het spoedig oor die hele Transvaal en Vrystaat uitgebrei. So moes die inwoners van die Rustenburgse distrik ook swaar onder hulle deurloop. Terwyl die mans op kommando was en die vrouens weerloos by die huis agtergebly het, het die brutale kafferstropers van plaas tot plaas geswerf, vee gebuit en vrouens en kinders gemolesteer. Hierdie ellende van die Boerevrouens het genl. Smuts baie ter harte gegaan en hy het soos volg daaroor aan president Kruger rapporteer: „Nooit zal pen beschryven wat door de heldinnen van ons volk geleden is en uitgestaan .... Vluchtende voor den vyand in boschen en bergen van Rustenburg, Waterberg, Lydenburg, Swasieland en Zululand, waar nu menig witte been ten hemel roept tegen barbaarschen Bantu."[40] In Rusten= burgdistrik het die diefstalle en strooptogte van die kaffers so erg geword dat genl. De la Rey in Augustus 1900 ook opgetree en hulle deeglik gestraf het.[41]

Daar het egter vir die inwoners van die twee Boererepublieke nog er= ger ellende en onheile gewag want na die oorgawe van genl. P. Cronje by Paardeberg in Februarie 1900, is nog meer verwoesting deur die oprukkende magte van lord Roberts op die boereplase aangerig. So ver as wat die Engel= se kolonnes getrek het, is alles voor hulle vernietig. Huise is afgebrand, vee doodgeskiet en verwoesting op groot skaal gesaai. Hierdie lot het ook die Rustenburgse distrik getref. Hoe erg die verwoesting in die kontrei was, kan afgelei word uit die volgende beskrywing van genl. Smuts: „Hoe dikwels heb ik aan de helling van de Magaliesberg gezeten en gekeken naar de vele plaatsen, landerijen, mieden, pakhuizen in een onafgebroken vuur en vlam. Zoo worden alle voedingsmiddelen vernield, alle wagens, karren, molens, ploegen, trap en dorsch machines verbrand, water dammen gebroken, zelfs

40) Aangehaal deur Otto in: Die smart van vrou en kind (Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, p.447).

41) Kyk voetnoot 30 op p.107 hierbo. Vgl. ook Postma, M.M. (samesteller): Stemme uit die vrouekampe (sonder uitgewer, s.j.), p.31 en 86.

koffie molens worden verniel omdat vrouwen ermede koorn malen."[42]

Daar is letterlik niks ongeskonde gelaat nie. So het daar in die om= gewing waar kmdt. Steenekamp gewoon het, net een huis, die van 'n hens= opper, bly staan. Verder is elke huis op sy plaas, Naauwpoort, en ook op die omliggende plase, Leeuwpoort, Wagenpadspruit, ens. tot op die grond ver= nietig.[43] Dit is dan ook heel goed te verstane dat die predikant van die Hervormde Kerk, ds. Jac. van Belkum, na die oorlog opgemerk het: „In myne gemeente staan misschien 20 huizen. Verwoesting overal."[44]

Die verwoesting van plase en die onveiligheid van vrouens en kinders wat alleen tuisgebly het, het die pad voorberei vir die volgende stap van die Britse owerhede. Daar is naamlik deur hulle aangevoer dat dit beter sou wees as die vrouens na 'n plek van veiligheid geneem word. So het die kon= sentrasiekampe begin. Dwarsdeur die republieke is honderde vrouens en kinders van hulle huise geneem en na die verskillende kampe vervoer. In April 1902 was daar nog byna 110,000 van hulle in die kampe.[45] Die vrou= ens en kinders uit die Rustenburgse distrik is in April 1901 op die plase by= mekaar gemaak deur die Tommies. Daarna is hulle op muilwaens gelaai en na Krugersdorp vervoer. Die verblyf in die kamp daar was net tydelik want in September van dieselfde jaar is hulle in oop beestrokke na Natal vervoer, waar hulle by Merebank in die kamp geplaas is. In dié kamp het hulle gebly tot na die vredesluiting in Mei 1902. Net soos duisende ander Afrikaners moes hulle toe na hulle verwoeste plase terugkeer om van voor af 'n begin te

42) Otto: Die Konsentrasiekampe, p.29-30: aangehaal uit 'n rapport van genl. Smuts aan pres. M.T. Steyn. Vgl. ook voetnoot 40 op p.112 hierbo.

43) Aan skrywer meegedeel deur D.S. du Toit, in lewe adjudant van kmdt. P. Steenekamp.

44) Engelbrecht: op.cit., p.112: aangehaal uit 'n toespraak voor die Kerk= raad.

45) Otto: Die Konsentrasiekampe, p.172-173. Vgl. die opgawe op dié blad= sye vir die totaal en verspreiding in die verskillende kampe.

te maak.[46)]

Die eerste besetting van Rustenburg deur die Engelse was van baie korte duur, skaars twee maande. Daarna is die dorp in Augustus 1900 deur die Boere ingeneem.[47)] Genl. De la Rey het as opperbevelhebber oor die hele Wes-Transvaal toe ook die gesag in die dorp uitgeoefen. Op 28 Augus= tus 1900 het staatsprokureur J.C. Smuts by De la Rey opgedaag met 'n opdrag van die regering dat hulle twee die burgerlike bestuur in die dorpe moes her= stel. Daarop is alle landdroste weer in hulle poste aangestel en het hulle vol= gens die regeringsopdrag beheer oor burgerlike en militêre sake gekry.[48)] Volgens die reëlings het die landdros van Rustenburg, J.C. Brink, toe ook weer sake in die dorp behartig. Die toestand van sake het voortgeduur tot in November 1900 toe Rustenburg vir 'n tweede keer deur die Engelse inge= neem is.[49)]

Nadat lord Roberts gedurende die laaste helfte van 1900 beheer oor feitlik die hele Transvaal gekry het, was plaaslike besture ook aan sy gesag onderwerp. Een van sy eerste optredes was om deur regulasies die beheer oor aansteeklike siektes in dorpe en stede te bepaal.[50)] Hy het die dorpe di= rek uit Pretoria as militêre regeerder beheer. Toe lord Alfred Milner in 1901 as Hoë Kommissaris in Transvaal aangekom het, is alle gesag in sy hande geplaas. Hy het in verskillende groot dorpe en stede soos Johannesburg Pretoria, Boksburg en andere tydelike munisipaliteite ingestel. Die lede

46) Aan skrywer meegedeel deur kol. H. van Noorden, adj. D.S. du Toit en kmdt. S.P. Kloppers, almal in lewe inwoners van Rustenburgdistrik en deelnemers aan die oorlog. Vgl. ook Otto: Die Konsentrasiekam= pe, p.54; Postma: op.cit., p.28 en 84-85.

47) Kyk voetnoot 29 op p.106 hierbo.

48) Van Heerden, J.J.: Generaals De la Rey en Kemp en die stryd in Wes-Transvaal (Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, p.169.) Vgl. ook Oosthuizen: op.cit., p.311.

49) Kyk voetnoot 32 op p.108 hierbo.

50) Proklamasie No.21 8 Oktober 1900, artikels 1-4 (Transvaal Colony Proclamations 1900-1902, Londen, Waterlow & S8ns Ltd., 1902)

van die munisipale rade is egter nie verkies nie, maar deur hom aangestel.[51] Die kleiner dorpe soos Rustenburg is voorlopig onder die gesag van magistrate of spesiale vrederegters geplaas.[52] Hierdie amptenare was direk aan hom verantwoording verskuldig. In Oktober 1901 het lord Milner 'n verandering in die stelsel van bestuur van kleiner dorpe gemaak. 'n Gesondheidskomitee is in elk van die kleiner dorpe ingestel. Die taak van die komitees sou wees om die strate in stand te hou, te sorg vir die sanitasie en om die nodige regulasies op te stel om sake in die dorp vlot te laat verloop. Hulle is ook in beheer van lokasies geplaas, maar alle amptenare wat onder hulle gedien het, soos lokasie-superintendente en gesondeheidsinspekteurs is deur die Hoë Kommissaris self aangestel.[53] Die stelsel is vir die verdere duur van die oorlog gehandhaaf en is eers na 1902 verander.

Gedurende die drie jaar wat die Tweede Vryheidsoorlog geduur het, het die inwoners van Rustenburg op die slagveld, op eensame verlate boereplase en in konsentrasiekampte ook deel gehad aan die gebeurtenisvolle periode in ons volk se geskiedenis en so ook hulle bydrae gelewer.

51) Proklamasie No.16, 16 Mei 1901, art. 4 (Transvaal Colony Proclamations, p.43).

52) Proklamasie No.7, 9 April 1901, art.1-3 (Transvaal Colony Proclamations, p.27).

53) Proklamasie No.28, 16 Mei 1902, art.1-14 (Transvaal Colony Proclamations, p.96-98).

Hoofstuk 7

# HEROPBOU 1902-1910

## a. Verandering in die bestuursvorm en bestuursaangeleenthede

Na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog is die Britse stelsel van plaaslike besture oral in Transvaal ingevoer. Gevolglik het die landdros en heemrade wat vir bykans vyftig jaar plaaslike sake ook in Rustenburg behar= tig het, vir goed verdwyn. Voorlopig is 'n gesondheidskomitee in die lewe geroep om burgerlike aangeleenthede waar te neem.[1] Die lede van dié be= stuur is nie verkies nie, maar deur die Koloniale Sekretaris aangestel. Op 4 Oktober 1902 is die eerste sitting van die Gesondheidskomitee in Rustenburg gehou.[2]

Op dié vergadering, wat onder voorsitterskap van magistraat H. Ken= ball-Cook plaasgevind het, was die volgende lede teenwoordig: J. Somers, H.K.J. van Noorden, W. MacDonald, J.C. Brink, D. McKenzie en J.A. Hartley.[3] Alle besluite wat die komitee geneem het, moes eers vir goed= keuring na die Koloniale Sekretaris gestuur word. Die eerste taak van die vergadering was om die nodige amptenare aan te stel vir die uitvoering van munisipale dienste. D. Burgh-White is as sekretaris aangewys met 'n sala= ris van R10 per maand. Verder is die volgende benoemings gemaak: G.H. Topper as gesondheidsinspekteur teen 'n salaris van R20 per maand, W. La= tegan as markmeester teen 'n vergoeding van $1^{1}/4\%$ kommissie van die in= komste van die mark en Jan Breet as markmeester en waterfiskaal. Breet sou R10 per maand vir die pos van waterfiskaal kry, maar dan sou hy nog 'n

1) Prinsloo: op.cit., p.22-23.

2) Ibid. Vgl. ook Minutes Health Committee, d.d. 4th October 1902 (Minute Book I, Rustenburg Health Committee - voortaan aangedui: Minute Book I).

3) Minutes Health Committee, 4th Ocotber 1902 (Minute Book I).

deel van die skutgeld ontvang as vergoeding vir sy dienste.[4]

Die vergaderings van die Gesondheidskomitee is destyds in die ou magistraatskantoor op die hoek van Plein- en Burgerstraat gehou en het twee keer per maand onder voorsitterskap van die magistraat plaasgevind.[5] Met groot planne vir die toekoms is op die volgende vergadering die oprig= ring van 'n hospitaal en die moontlike plek van oprigting bespreek. Ook die watervoorsiening het toe aandag geniet. Die dorpsrivier se water wat met oop vore langs die strate gelei en onder die inwoners verdeel is, was nog steeds die hoofbron van watervoorsiening. Die water is vir natlei van tuine gebruik, maar weens die gebrek aan 'n beter watervoorraad is dit ook as drinkwater en vir ander huishoudelike benodighede gebruik.[6]

Die groot militêre kamp buite die dorp, net langs die dorpsrivier, het toe ook 'n probleem geskep want daar was nie genoeg water vir die dorp so= wel as vir die kamp nie. Die militêre owerhede is in kennis gestel dat hulle vir hulle eie water moes sorg en dat hulle geen reg op die water uit die ri= vier gehad het nie.[7] Aan die versoek het die Bevelvoerder van die soldate hom nie veel gesteur nie, sodat die toestand onveranderd gebly het. 'n Ruk later, in 1904, het die soldate glad so ver gegaan om hulle eie voor uit die rivier na die kamp te maak. Daarmee kon die Rustenburgers nie genoeë neem nie en hulle nooi kaptein L. Howell en kaptein C. Chumney, die bevel= voerders van die kamp, na 'n spesiale vergadering van die Gesondheidskomi= tee uit. Hulle word meegedeel dat die kamp nie meer water uit die rivier mag gebruik nie. Verder wys lede van die Komitee hulle daarop dat die sol= date met hulle perde heen en weer deur die watervore ry waardeur die walle van die vore stukkend getrap en die water bemors word. Derhalwe word die


4) Minutes Health Committee, 4th October 1902 (Minute Book I).

5) Ibid.

6) Ibid.

7) Minutes, Rustenburg Health Committee, d.d. 22nd October 1902 (Minute Book I).

DIE OUDSTE KAART VAN RUSTENBURG (1868).




(Geteken deur F. Jeppe en A. Merensky).

offisiere dringend versoek om toe te sien dat: „immediate steps must be taken to prevent any further polution of the Town water." Ook dié keer kon die Komitee nie veel uitrig nie want kaptein Howell het hulle meegedeel dat dit 'n kwessie vir hoër militêre gesag was en dat hy niks daaraan kon doen nie. Hy het egter darem onderneem om pype in die watervore te laat sit, sodat die water nie onnodig deur die soldate se perde vuilgemaak kon word nie.[8)]

Gelukkig was die Komitee darem in 'n ander saak wat op dieselfde vergadering bespreek is meer suksesvol. Die lelike hout- en sinkbarakke waarin die soldate gedurende die oorlog gehuisves was en wat weens die ont= trekking van 'n groot deel van die militêre mag leeg gestaan het, het die sui= delike deel van die dorp ontsier. Daarom eis hulle dat die onooglike geboue binne veertien dae verwyder moes word. Kaptein Chumney het daarteen be= swaar gemaak op grond daarvan dat veertien dae 'n te kort tyd vir die werk was. Hy onderneem egter om die geboue teen die einde van Desember 1904 wel verwyder te hê.[9)] Op die manier het Rustenburg toe ontslae geraak van 'n oorblyfsel uit die Tweede Vryheidsoorlog.

Daar is baie gou aandag gegee aan die aanbring van die nodige ont= spanningsgeriewe. Reeds op die tweede byeenkoms van die dorpsbestuur is 'n komitee aangestel wat 'n geskikte terrein vir 'n „public recreation ground" moes ondersoek. 'n Stuk grond, omtrent vier morg groot, is vir die doel aan die oostekant van die dorp opsy gesit.[10)] In 1904 het verskeie sprotklubs by die bestuur aansoek gedoen vir grond om die nodige velde en bane aan te lê. In die jaar is aan die „Gymkhanaklub", die tennis- en voetbalklub grond toe= gesê en is geriewe vir die verskillende sportsoorte opgerig.[11)]

8) Minutes, Rustenburg Health Committee, Special meeting, d.d. 3rd December 1904 (Minute Book I).

9) Ibid.

10) Ibid., d.d. 22nd October 1902.

11) Ibid., d.d. 18th May 1904, 29th June 1904, en 13th July 1904.



Ou Landdroskantoor Rustenburg. 1900
(waar die Poskantoor vandag staan)

Die verfraaiing van die dorp het ook spoedig die aandag van die Ge= sondheidskomitee geniet. Oral langs die strate op oop stukke grond is groot gate gegrawe om grond vir messel- en pleisterwerk te kry. Steenmakery is ook sommer op enige denkbare plek begin. Die gevolg daarvan was dat die gate en uitgrawings en die rokende steenoonde 'n baie lelike en slordige voor= koms aan die dorp gegee het. Twee lede, H. van Noorden en T. McDonald, is aangewys om die saak te ondersoek en te sorg dat geskikte plekke aange= wys word waar grond uitgegrawe en stene gemaak kon word.[12)]

By hierdie een poging om aan die dorp 'n beter voorkoms te besorg het dit ook nie gebly nie. 'n Paar jaar later, in 1909, is 'n begin gemaak om die pragtige wildevyebome en ander inheemse bome en plante te beskerm. Daar is regulasies opgestel wat dit verbied het om vryelik bome af te kap of te beskadig. As iemand 'n paar pale nodig gehad het, moes hy eers toestem= ming kry om bome af te kap. Daar is ook toegesien dat die vergunning nie misbruik is nie want as iemand te veel pale wou kap is sy versoek geweier.[13)]

In die vorige jaar is ook 'n begin gemaak met die aanplant van bome langs die strate, toe 200 bome geplant is. In 1909 het die veldopsigter ver= der opdrag ontvang om na 'n kwekery in Pretoria te gaan, waar hy moes uit= vind watter bome die geskikste vir Rustenburg sou wees. Na hy die nodige in= formasie ingewin het, moes hy voortgaan met die aanplant van bome.[14)] Op die manier is daar probeer om Rustenburg wat reeds met so 'n mooi natuur= skoon kon spog nog 'n aantrekliker voorkoms te gee.

Omdat sakeondernemings so vinnig toegeneem het, was dit nodig om in 1903 die nodige regulasies op te stel vir oprigting van sakegeboue. Daar is bv. bepaal dat 'n slaghuis steenmure en 'n sementvloer moes hê. Winkels en fabrieke moes verkieslik ook van steen gebou word en as daar sinkgeboue

12) Minutes, Rustenburg Health Committee, d.d. 4th October 1904 and 22nd October 1904 (Minute Book I).

13) Minutes, Rustenburg Village Council, d.d. 8th January 1909 (Minute Book I).

14) Ibid., d.d. 3rd February 1908 and 5th May 1909 (Minute Book I).

vir die doel opgerig is, moes die gedeelte van die gebou wat na die straat gefront het, netjies geverf word.[15)]

Omvattender reëls en regulasies was egter vroeër reeds nodig. Daar= om is mnre. B. Herholdt en J.C. Brink aangewys om die „Town Byelaws" op te stel. Hulle taak sou ook nog wees om belastings vas te stel en 'n be= groting uit te werk. Volgens die beraming van die twee here was 'n bedrag van R20,000 nodig om 'n behoorlike waterskema tot stand te bring, behalwe nog die gewone lopende onkoste wat 'n ekstra bedrag van R4,000 jaarliks ver= eis het. Die inkomste uit die voorgestelde belastings sou egter genoeg wees om vir lg. bedrag te voorsien. Die ad hoc komitee beveel gevolglik aan dat daar by die Koloniale Sekretaris aansoek gedoen word om 'n lening van R20,000.[16)]

Die versoek is egter geweier wat tot gevolg gehad het dat die eerste spesiale vergadering van die Gesondheidskomitee belê is, waarop uitsluitlik aandag aan die kwessie van watervoorsiening gegee is. Gelukkig is die Komi= tee gesteun deur die distriksgeneesheer, dr. G. Moorhead, wat verklaar het dat die uitbreek van maagkoors teen die einde van 1902 te wyte was aan 'n on= higiëniese watervoorraad. Die saak is so dringend beskou dat daar dadelik 'n telegram na Pretoria gestuur en op die vergadering die volgende besluit geneem is: „Urging the sanction of a scheme which will enable the Town to obtain a pure water supply."[17)]

Ten spyte van die dringende versoek het daar egter geen oplossing vir die waterkwessie gekom nie want die owerhede wou geen hulp verleen nie. Die voorsitter van die Gesondheidskomitee, magistraat Campbell-Cook, is daar= op afgevaardig om die Koloniale Sekretaris te gaan spreek. Sy sending was ook vrugteloos. Gevolglik het die Rustenburgers toe maar self aan die werk

15) Minutes Rustenburg Health Committee, d.d. 11th March 1903 (Minute Book I).

16) Ibid., d.d. 5th November 1902 (Minute Book I).

17) Minutes Special Meeting Rustenburg Health Committee, d.d. 28th January 1903 (Minute Book I).

gespring om die toestand te verbeter. Die waterfiskaal het opdrag gekry om al die hoofvore behoorlik skoon te maak en elke erfeienaar moes sorg dat die vore wat by sy erf verbyloop goed skoongemaak en skoon gehou word.[18]

Rustenburg het nie lank 'n Gesondheidskomitee gehad nie, want in 1903 het die regering die „Elective Municipal Ordinance" uitgevaardig wat bepaal het dat „Urban District Boards be constituted for Towns."[19] Volgens die bepaling het die Rustenburgers toe ook vir die eerste keer in die geskie= denis 'n plaaslike bestuur gekry waarvoor hulle moes stem. Die nuus is met blydskap verneem en daar is gou begin organiseer onder die kiesers, skaars honderd in getal. Groot opgewondenheid het op 25 November geheers toe die stemmery plaasgevind het. Feitlik die hele dorp was die middag by die ma= gistraatskantoor byeen toe daar gewag is dat die uitslag van die verkiesing aangekondig moes word. Die gesellige geskerts het meteen stil geword toe die Magistraat verskyn om die name van die suksesvolle kandidate bekend te maak. Soos die name afgelees is, is elke suksesvolle kandidaat luid toege= juig. Die eerste verkose Dorpsraad het bestaan uit: mnre. J. Somers (voor= sitter), W. Dawes, C. Bergsma, T.F. Auden, J.J. van der Merwe en W. Lategan. Hulle het nog dieselfde dag hulle eerste vergadering gehou en die werksaamhede van die Gesondheidskomitee oorgeneem. Op die byeenkoms is besluit dat kontrakte wat hulle voorgangers vir bouwerk aangegaan het, gel= dig sou bly, sodat die kontrakteurs die werk sonder onderbreking kon voort= sit.[20]

Op dié vergadering is die hele administrasie van die dorp as volg ver= ander: G.H. Topper is aangestel as gesondheidsinspekteur en terselfdertyd moes hy ook die pligte van die begraafplaasopsigter en waterfiskaal behartig

18) Minutes Rustenburg Health Committee, d.d. 25th February 1903 (Minute Book I).

19) The Transvaal Minutes of the Executive Council, July-December 1903, art.9, p.20, Vgl. ook Prinsloo: op.cit., p.24.

20) Minutes Rustenburg Urban District Board, d.d. 25th November 1903 (Minute Book I).

teen 'n salaris van R40 per maand. T.C. du Plessis sou optree as skutmees= ter teen 'n vergoeding van $2\frac{1}{2}\%$ van die inkomste van die skut en D. Heystek is aangestel as markmeester. Sy besoldiging sou 'n gedeelte van die opbrengs van die mark wees.[21)]

Omdat die dorpsbestuur volgens die nuwe ordonnansie nie meer onder die magistraat sorteer het nie, is die vergaderings van die Raad ook nie meer in die magistraatskantoor gehou nie. Hulle eie kantore is in die ou Masonic Lodge geopen, waar twee kamers teen R5 per maand gehuur is. Die Klerk van die Raad se eerste taak was om prosedure-reëls op te stel wat by die Raadsittings gevolg moes word.[22)] Op die volgende vergadering is sy maatreëls aanvaar en in die notule vasgelê.[23)]

Nadat die voorlopige organisasie van die Raad se werksaamhede af= gehandel was, het hulle 'n eie bankrekening in die Nasionale Bank geopen. Alle uitbetalings sou in die vervolg per tjek geskied en lone, ook die van Bantoewerkers, sou voortaan op 'n maandelikse basis uitbetaal word. Ver= der is dr. G.O. Moorhead deur die Raad benoem as deeltydse mediese be= ampte teen 'n vergoeding van R25 per jaar.[24)]

Die werksaamhede van die Distriksdorpsraad het so vinnig uitgebrei dat die oorspronklike kantore binne 'n paar maande te klein was. Nuwe kan= tore in die gebou van mnr. W. van Velden is gehuur en op 31 Maart 1904 be= trek. As gevolg van die groter bedrywighede het die Klerk van die Raad toe soveel werk gehad dat hy dit nie meer op 'n deeltydse basis kon doen nie en is as voltydse amptenaar aangestel met vaste kantoorure.[25)]

Op die volgende vergadering is spesiale aandag gegee aan nie-blanke

21) Minutes Rustenburg Urban District Board, d.d. 25th November 1903 (Minute Book I).

22) Ibid.

23) Ibid., d.d. 17th December 1903.

24) Ibid.

25) Ibid., d.d. 4th March 1904.

sake. Eerstens is die beheer van Bantoes behandel. Dit is besluit dat hulle in lokasies buite die dorp moes woon en ook nie die reg sou hê om in die dorp op sypaadjies rond te slenter nie. Verder is ook bepaal dat hulle passe moet dra, nie ongekontroleerd in diens geneem mag word nie en dat alle voorne= mende werkers by die paskantoor geregistreer moet word. Die onbeperkte toestroming van Indiërs na Rustenburg was die volgende saak wat in die ver= band aangepak is. Daaroor is 'n baie sterk standpunt ingeneem soos blyk uit die besluit dat geen Indiërs, „from any direction whatsoever", meer in die dorp toegelaat sou word nie.[26)]

Daarmee was die kwessie van nie-blankes egter nog nie afgehandel nie. Trouens, net die volgende dag moes 'n spesiale vergadering gehou en nog meer beperkende maatreëls getref word. Daar is naamlik verneem dat builepes in Februarie op die Rand en Pretoria uitgebreek het en die Raad was bang dat die siekte na Rustenburg oorgedra kon word. Die eerste optre= de was om alle Bantoes en Indiërs by Olifantsnek, nege myl suidoos van die dorp op die Johannesburg-pad, voor te keer. Daarna moes hulle na 'n „dis= infecting station", wat onder 'n groot wildevyeboom aan die oostekant van die dorp ingerig was gebring word. Al die klere is daar uitgetrek en elkeen moes homself van kop tot tone met die „disinfectant" was, voordat hulle in die dorp toegelaat is.[27)]

Dit was egter nie net in Rustenburg waar die toestroming van Indiërs na dorpe met onsteltenis waargeneem is nie. Teen die einde van 1904 het die Oosrandse dorpe 'n waaksaamheidkomitee gestig om dié euwel te bekamp. Toe die betrokke komitee 'n konferensie belê het om maatreëls te bespreek in verband met die beheer van die instroming van Indiërs na dorpe en stede, is Rustenburg uitgenooi om 'n afgevaardigde na die konferensie te stuur. J. Somers is gekies om Rustenburg te verteenwoordig. In die memorandum

26) Minutes Rustenburg Urban District Board, d.d. 23rd March 1904 (Minute Book I).

27) Minutes Special Meeting, Rustenburg Urban District Board, d.d. 24th March 1904 (Minute Book I).

wat hy na die konferensie in Pretoria geneem het, het die Rustenburgers ver= al gepleit dat die immigrasie van Indiërs na Suid-Afrika stopgesit moes word. Daar moes ook nie meer handelslisensies aan hulle uitgereik word nie en die Indiërs wat reeds in die dorpe was moes uit die blanke gebiede verwyder en alleen in „Asiatic Bazaars" toegelaat word om hulle sake te doen.[28] Omdat die Indiërs egter Britse onderdane was, het van die hele veldtog nie veel te= reggekom nie, want Transvaal was destyds 'n Britse Kroonkolonie en Indiërs kon nie toegang geweier word en tot sekere gebiede beperk word nie.

Dit het binne 'n paar jaar duidelik geword dat Rustenburg so vinnig ontwikkel het dat dit die stadium van distriksdorpsraad ontgroei het. Met die oog daarop het die koloniale owerhede in Pretoria 'n volledige opgawe van al die bedrywighede aangevra, sodat oorweeg kon word om aan Rustenburg verhoogde status te skenk. Na al die besonderhede ingewin is, het die Raad 'n spesiale sitting belê en die volgende opgawe is na Pretoria gestuur. Die dorpsgronde beslaan 7,000 morge. Die waarde van belasbare eiendom be= loop R180,000, terwyl regeringsgeboue en ander goewernementseiendom op R33,150 gewaardeer is. Belastings in die dorp het in 1904 'n bedrag van R5,412 opgelewer.[29]

Na dié gegewens ontvang is, is in November 1904 besluit om die dis= triksdorpsraad van die begin van 1905 af tot 'n Dorpsraad (Village Council) te verhoog en in ooreenstemming met die verhoogde status is 'n hele aantal verantwoordelikhede aan die Dorpsraad oorgedra. Hulle het naamlik seggen= skap ontvang oor die uitreiking van lisensies en slaghuise en apteke en dok= terspreekkamers is onder hulle beheer geplaas. Onderwys en armesorg sou egter nog deur die regering behartig word terwyl ook die dorpsgronde nie on=

28) Minutes Rustenburg Urban District Board, d.d. 2nd November 1904 (Minute Book I). Vgl. ook De Volksstem, 19 November 1904: Berig oor die konferensie.

29) Minutes Special Meeting, Rustenburg Urban District Board, d.d. 16th November 1904 (Minute Book I). Vgl. ook Commissioner of the Cen= sus of the Transvaal: Transvaal Colony: Census, 1904 (Pretoria. Government Printer, 1904), p.122.

der die beheer van die Dorpsraad geplaas is nie.[30]

Met die laaste reëling i.v.m. die dorpsgronde was hulle nie tevrede nie. Die dorpsgronde wat vir die eerste paar jaar van die dorp se bestaan aan die kerk en aan die regering gesamentlik behoort het, het in 1864, deur die toedoen van landdros P.J. van Staden, die eiendom van die Staat geword.[31] Die Dorpsraad was die mening toegedaan dat toe hulle verhoogde status ge= kry het die regering die dorpsgronde aan hulle moes oordra. In Mei 1905 word 'n versoek in dier voege aan die owerheid gerig, maar dit word geweier. In September van dieselfde jaar is die versoek herhaal, maar ook sonder e= nige sukses. In 1906 is weer pogings aangewend om die owerheid te beweeg om die oordrag te maak, maar ook die keer is niks bereik nie en het die hoër gesag in Pretoria, sonder om redes te verskaf, net elke keer die aan= soek afgekeur.[32] In 1908 is weer eens dringende vertoë tot die Koloniale Sekretaris gerig om die kwessie van die oordrag van Rustenburg se dorps= gronde te heroorweeg. Dié amptenaar het egter, ook sonder om redes te verstrek, nie aan die versoek gehoor gegee nie.[33] Dit was eers in 1910, na Uniewording, dat die Dorpsraad volle beheer oor die dorpsgronde ver= kry het.[34]

Ten spyte van bogemelde probleme het die Dorpsraad intussen voort= gegaan met hulle werksaamhede. Vroeg in 1905 is 'n stadsklerk, W.T. Dawes, aangestel. Sy eerste taak was om die kieserslyste in orde te kry en alles in gereedheid te bring vir 'n dorpsraadverkiesing. Daar was sestien kandidate in die veld. Elkeen het sy eie agent gehad wat fluks rondgegaan en

30) Minutes Rustenburg Urban District Board, d.d. 25th November 1904 (Minute Book I).

31) Kyk voetnoot 35 op p. 42 hierbo.

32) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 4th May 1905, 7th September 1906 and 5th April 1906 (Minute Book I).

33) Ibid., d.d. 19th March 1908.

34) Ibid., d.d. 14th September 1910.

stemme gewerf het. Die laaste twee weke in September het dit besonder druk gegaan. Net waar 'n mens 'n groepie Rustenburgers raakgeloop het, was die gesprek oor niks anders as die komende verkiesing nie. Die kanse van die kandidate is teen mekaar opgeweeg, en algemene landspolitiek is in hierdie omstandighede buite rekening gelaat. Engelsman en Afrikaner het hartlik saamgewerk en elke kandidaat is 'n billike kans gegun. Op 30 September het die opgewondenheid 'n hoogtepunt bereik. Die hele dag was dit die ene doenigheid by die stembus, waar baie goed gestem is. Toe die uitslag bekend gemaak is, was dit duidelik dat daar nie op grond van politiek gediskrimineer is nie want Afrikaner en Engelsman was ewe goed op die Raad verteenwoor= dig. Die volgende lede is naamlik tot die eerste Dorpsraad van Rustenburg gekies: W. Lategan (voorsitter), C. Bergsma, G. Greathead, L.F. Hinds, G. Morgan, M.J. Dekking en H.N.J. van der Merwe. W.T. Dawes was toe reeds vir 'n paar maande stadsklerk[35] en het die betrekking tot in 1907 be= klee, toe hy bedank het. In sy plek is mnr. F. Johnson aangestel wat van 1907 tot 1944 ononderbroke as stadsklerk opgetree het.[36] Die eerste sta= dium in die ontwikkeling van die bestuursvorm in Rustenburg tussen 1902 en 1905 het dus baie vinnig verloop en dit het skaars drie jaar geduur voordat die aangestelde Gesondheidskomitee vervang is deur 'n verkose Dorpsraad.

b. Ontwikkeling en uitbreiding

Tot aan die begin van 1903 was die Nasionale Bank die enigste bank wat 'n tak in Rustenburg gehad het.[37] Op 6 April van dié jaar het 'n tweede bank, die Standard Bank, hom op dié dorp gevestig, waaruit seker met reg afgelei kan word dat die dorp en omgewing tot op hierdie stadium groot vor= dering in algemene finansiële opsig gemaak het. Die eerste rekening in die

35) Notule Rustenburg Village Council, d.d. 5th October 1905 (Minute Book I). Vgl. ook De Volksstem, 4 Oktober 1905: Berig oor die verkiesing in Rustenburg.

36) Prinsloo: op.cit., p.24 en 26. Vgl. ook Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 7th April 1907 (Minute Book I).

37) Kyk voetnoot 59 op p.89 hierbo.

bank se boeke was die van die Nederduits-Hervormde gemeente. Namens die finansiële komitee van die gemeente het H.K.J. van Noorden, J. van der Merwe en J. de Kock geteken.[38] Die gebou vir die bank is op die hoek van Kerk- en Pleinstraat op 'n gedeelte van die eiendom van gemelde gemeente opgerig en deur al die jare heen het die Standard Bank sy besigheid op die=selfde perseel gedoen. Die eerste ou gebou moes in 1956 plek maak vir die sierlike nuwe gebou wat vandag daar pryk.

Die eerste slagplaas in Rustenburg is ook in 1903 opgerig. Vir die doel is twee morge grond aan die westekant van die dorp langs die Zeerust=pad aangewys.[39] Intussen is ook regulasies neergelê waaraan op te rigte geboue in die toekoms sou moes voldoen. So was dit bv. verbied dat hout- en sinkgeboue langs Kerkstraat opgerig word. Voornemende bouers moes ook vooraf hulle bouplanne vir goedkeuring by die Gesondheidskomitee inhan=dig. Boubedrywighede was veral in 1903 besonder druk en daar moes feitlik elke maand 'n paar bouplanne goedgekeur word.[40] Die ontwikkeling was so vinnig dat daar in 1904 reeds 309 huise opgerig was. Die inwonertal was toe 782 blankes, 982 naturelle en 52 gekleurdes. Die uitgawes van die dorpsbe=stuur was R4,524 per jaar.[41]

Die ontwikkeling het nie net vir die dorp gegeld nie maar die boere van die omgewing het ook goed gevorder. Die uitbreiding het met voorspoed en vooruitgang gepaard gegaan want daar is besonder goeie tabakoeste gemaak. Gevolglik het die oprigting van fabrieke om die tabak te verwerk noodsaaklik geword. Daarop is nie lank gewag nie en teen die einde van 1904 het die

38) Register of Powers of Attorneys. Letters of Administration and Man=dates Book I, p.2. (Ongepubliseerde register van die Standard Bank, bewaar in die Standard Bank te Rustenburg).

39) Minutes Rustenburg Health Committee, d.d. 29th July 1903 (<u>Minute Book I</u>).

40) Ibid.

41) Commissioner of the Census of the Transvaal: <u>Transvaal Colony. Cen=sus</u>, 1904, p.30-31.

„United Tobacco Co." reeds met hulle fabriek begin. Vroeg in 1905 het 'n ander firma, „African Industries Ltd.," ook met hulle werksaamhede 'n aanvang geneem, albei op grond wat die onderskeie firmas van die Dorps=raad ontvang het.[42] In dieselfde jaar is aan Mundel en Herzfeld toestemming verleen om op erf No. 145 nog 'n tabakfabriek op te rig,[43] sodat binne 'n jaar daar dus drie fabrieke met die verwerking van tabak besig was.

Die tabaknywerheid het op sy beurt nog meer uitbreiding na Rustenburg gebring. J. Leenhof, 'n amptenaar van die Landboudepartement en 'n tabak=deskundige, het namens die regering aansoek gedoen vir 150 morge grond om 'n proefplaas te begin. Die Raad het die aansoek op 'n spesiale vergadering oorweeg en besluit om 50 morge te skenk omdat hulle van opinie was dat 150 morge te veel vir die doel was.[44] By die ontvangs van die antwoord het Leenhof die Raad dringend versoek om hulle aanbod in heroorweging te neem en het gepleit dat aangesien 50 morge vir sy doel te klein was, die Raad tog die gevraagde 150 morge moes skenk. Nadat Leenhof se argument oorweeg is, is met die volgende Raadsitting die versoek toe wel toegestaan en wel op voorwaarde dat die Landboudepartement die opmeet- en transportkoste moes betaal. Die stuk grond wat vir die doel aangewys is, was omtrent vier myl noord van die dorp geleë.[45]

Die lede van die boeregemeenskap was aanvanklik nie almal met die voorgestelde proefplaas tevrede nie. Sommiges het dit as 'n bedreiging vir die tabakboere gesien. Die ontevredenes het derhalwe 'n petisie aan die Raad

42) Minutes Rustenburg Health Committee, d.d. 28th December 1904 en Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 23rd March 1905 (Minute Book I).

43) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 21st September 1905 (Minute Book I).

44) Minutes Special Meeting Rustenburg Village Council, d.d. 23rd March 1905 (Minute Book I).

45) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 15th April 1905 (Minute Book I). Vgl. ook De Volksstem, 15 April 1905: Berig oor Leenhof se aansoek.

gerig met die versoek dat die skenking teruggetrek word. Een van hulle argumente was dat hulle met die regering sou moes kompeteer wat 'n on=gelyke kompetisie sou wees omdat die regering alle geld en middele tot hulle beskikking gehad het terwyl die arme boere maar op eie houtjie moes aan=sukkel.[46] Die Raad het hulle egter nie aan die petisie van die boere gesteur nie; trouens, hulle het nie eens daarop geantwoord nie, en Leenhof kon met sy planne voortgaan en die proefplaas oprig.

In 1907 is Rustenburg weer, soos in 1883,[47] deur die Redakteur van De Volksstem, dr. F.V. Engelenburg besoek. Dat hy net soos sy voorganger ook baie gunstig beïndruk is met wat hy daar gesien het, blyk uit die volgende beskrywing: „'t Dorp is een van de oudsten in Transvaal, beroemd geworden ook om 't rol die de grootste Transvaler, Paul Kruger, er heeft gespeeld. 't Dorp is een van de mooiste in ons land. Z'n ligging tegen Magaliesbergen, z'n overschaduwde straten, z'n reinheid, z'n achtbaarheid, z'n gastvryheid en de goed-onderhouden ouderwetse woonhuizen wekken al heel gauw een pret=tige stemming by de waarnemer. Als centrum van het tabak geniet 't dorp een betrekkelijke welvaart. De handelsenergie in Rustenburg ten toon ge=spreid, blykt aanstekelyk te werken, zelfs op de Kaffers. 't Treft trouwens dat de naturellen in dit distrikt zulk een Europese netheid vertoont."

„Rustenburgs toekomst lykt verre van donker. Niet van wege de toe=name der uiterlyke beschaving onder 't volk. Maar behalwe de voordelen die de geschiktheid van de grond voor tabak-bouwen oplevert, bevat het distrikt nog eene grote waarde aan mineralen, welke schatten druk worden onderzocht."

Ook die wakker Dorpsraad het die volgende goeie indruk op die besoe=ker gemaak: „De Stadsraad aan welke hoofd de algemeen geachte heer Bergsma staat toont een open oog voor de middelen ter bevordering van de welvaart van 't distrikt."[48]

46) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 11th January 1907 (Minute Book I). Vgl. ook De Volksstem, 20 Oktober 1907: Brief van ontevrede boer.

47) Kyk voetnoot 40 op p.82 hierbo.

48) De Volksstem, 23 Maart 1907: Artikel deur die Redakteur. Vgl. ook Seidel: op.cit., p.263.

Die Dorpsraad het nog verder gegaan om die vooruitgang aan te moedig en Rustenburg al meer na 'n werklike dorp te laat lyk. Die aanhou van koeie en ander vee is in 1909 beperk. Huisbewoners kon nog wel 'n koei of twee vir „huisgebruik" aanhou, maar dan moes die diere behoorlik op stal versorg en gemelk word. Om 'n onbeperkte klomp skape of ander vee op erwe aan te hou en die diere dan snags in krale in die dorp te jaag is belet. Privaat per= sone is ook nie meer toegelaat om in hulle agterplase te slag nie, maar moes die slagtery by die slagpale gaan doen.[49)]

Sodoende het die Rustenburgers, wat net soos al die inwoners van Transvaal na die Tweede Vryheidsoorlog 'n moeilike begin moes maak, goed daarin geslaag om hulle dorp in die agt jaar van 1902 tot 1910 op die pad van voorspoed te plaas en om die dorp geleidelik tot 'n baie mooi plek te omskep.

c. Burgerlike lewe

Na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog het sake weer geleidelik normaal begin verloop en omdat Rustenburg een van die welvarendste dis= trikte in Transvaal was, het die na-oorlogse aanpassing daar vinnig plaas= gevind. Dit het so voorspoedig gegaan dat daar in 1904 aandag begin skenk is aan die beoefening van sport. In die jaar is verskeie sportklubs soos bv. die fietsklub en 'n klub vir perdesport gestig.[50)] Krieket wat vroeër[51)] ge= speel is, het ook weer 'n herlewing ondergaan en wedstryde teen ander dor= pe is soos in die verlede gereël.

In Rustenburg was daar egter nie net geleentheid vir vermaaklikheid nie en soms het daar dinge gebeur wat die inwoners diep geskok het. So 'n gebeurtenis was die afsterwe van president Kruger op 14 Julie 1904. Saam

49) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 26th August 1909 (Minute Book I).

50) Kyk voetnoot 10 en 11 op p.119 hierbo. Vgl. ook De Volksstem, 6 Sep= tember 1904 en Minutes Rustenburg Urban District Board, d.d. 13th July 1904 (Minute Book I).

51) Kyk voetnoot 42 op p.83 hierbo.

met die hele land is die nuus met groot droefheid ontvang, te meer nog daar wyle president Kruger een uit hulle eie midde was. Met die eerste Raadsit= ting nadat die nuus ontvang is, is 'n mosie van roubeklag aangeneem en is daar besluit dat die voorsitter van die Raad namens die inwoners 'n krans op die graf moes lê.[52)]

Dit was nie net die Raad wat amptelik hulle meegevoel wou betoon nie. Uit die dorp en distrik het die publiek spontaan gereageer en 'n „Hoofdkomitee" is gekies wat moes besluit hoe die laaste eer aan die ontslape President deur Rustenburg betoon kon word.[53)] Die komitee het die distrik in drie wyke ver= deel. In elke wyk is 'n lys van name van oud-burgers opgestel, omdat ge= voel is dat so veel as moontlik van die burgers na die begrafnis moes gaan. Verder is geld gekollekteer vir 'n krans wat namens die burgers op die graf gelê moes word.[54)]

Kmdt. P.S. Steenekamp, die voorsitter van die komitee, het die kom= mando van omtrent 200 man uit Rustenburg na die begrafnis in Pretoria ge= lei. Saam met hom voor aan die stoet was bekendes uit die Tweede Vryheids= oorlog. Daar was o.a. vke. B.J. van Heerden en J.A. du Plessis (Rooi Jan), gevolg deur adjudant D.S. du Toit wat as sewentienjarige burger op komman= do gegaan en dwarsdeur die oorlog getrou aan kmdt. Steenekamp se sy gebly het. Na hulle het die burgers van die verskillende wyke gevolg. Vir skerts en grappies het die kommando geen trek gehad nie want die geleentheid was daarvoor te plegtig. Hier en daar is 'n makker uit die Tweede Vryheidsoor= log raakgeloop en nadat na die welstand verneem is, het die somber atmos= feer weer toegesak. So het die kommando in statige eerbied tot in Pretoria gery, waar hulle by die ander burgers aangesluit het. Saam met die groot

52) Minutes Rustenburg Urban District Board, d.d. 27th July 1904 (Minute Book I). Vgl. ook De Volksstem, 17 Julie 1904.

53) De Volksstem, 19 November 1904: Berig van 'n korrespondent. Vgl. ook Minutes Rustenburg Urban District Board, d.d. 14th December 1904. (Minute Book I).

54) Ibid.

menigte het hulle die begrafnis op 16 Desember 1904 bygewoon en na die be= grafnisrede van ds. Postma en huldigingsboodskappe van genls. De Wet en Botha geluister. Toe die lang stoet weswaarts met Kerkstraat na die begraaf= plaas beweeg het, het hulle hulle plekke in die prosessie ingeneem. Na af= loop van die teraardebestelling deur ds. Postma is die kranse na die graf ge= bring en het kmdt. Steenekamp en mnr. W.A.J. van Velden namens die Rus= tenburgers ook kranse gelê.[55)]

Na die oorlog moes die Rustenburgers al hulle aandag aan die stoflike bestaan wy en het die verlies van hulle onafhanklikheid al hulle belangstelling in die landspolitiek feitlik tot niet gemaak. Ten opsigte van laasgenoemde belangstelling het daar egter alreeds in 1904 tekens van herlewing merkbaar geword. Daar het naamlik 'n gees van ontevredenheid ontstaan omdat leiers soos genls. De la Rey, Smuts of Botha hulle nie besoek het en aan hulle inlig= ting oor landsake verstrek het nie. Volgens 'n briefskrywer het hulle daarop aanspraak gemaak dat hulle op beter behandeling geregtig was daar hulle hul= leself as 'n belangrike gemeenskap beskou het en tog word hulle as 'n „nulli= teit" behandel.[56)]

Intussen was daar groot politieke woelinge in die hele Transvaal aan die gang. Onder leiding van genl. L. Botha het die Het Volk-party in Janua= rie 1905 tot stand gekom. Die hoofbestuur van die party het bestaan uit genls. L Botha, J.C. Smuts, C.F. Beyers, J.H. de la Rey en mnre. A.D.W. Wol= marans en E. Esselen. Lede van die hoofbestuur sou Transvaal deurreis om die kiesers in te lig oor politieke toestande.[57)] Die Rustenburgers was dan ook baie verheug toe daar verneem is dat twee lede van die hoofbestuur, genls. De la Rey en Smuts, hulle in Maart 1905 sou besoek.

55) Meegedeel deur adjudant D.S. du Toit. Vgl. ook <u>De Volksstem</u>, 17 De= sember 1904; <u>The Star</u>, 16th December 1904; Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 15th April 1905 (<u>Minute Book</u> I).

56) <u>De Volksstem</u>, 24 September 1904: Brief van 'n „landsburger".

57) Thompson, L.M.: <u>The Unification of South Africa 1902-1910</u> (London, Oxford University Press, 1960), p.21-22.

Soos die gewoonte destyds was, is die twee besoekers „een half uur te paard" met 'n groot perdekommando op die pad na Pretoria ontmoet en na die dorp geleide gedoen. Die middag is 'n vergadering gehou, wat ook deur baie Engelssprekendes bygewoon is. Die strewe om selfregering vir Transvaal te bewerkstellig was die vernaamste saak wat behandel is. Aan die einde van die vergadering is 'n eenparige mosie van volle vertroue in die twee sprekers aangeneem en aan die leiers is onverdeelde trou beloof in hulle pogings om Transvaal weer na onafhanklikheid te lei.[58)]

Genl. De la Rey het egter in sy toespraak die aanwesiges gewaarsku teen die moontlike emigrasie na Duits-Oos-Afrika. Daar was destyds naam= lik sterk gerugte in omloop dat 'n klomp mense wat ontevrede was met die Engelse regering na die gebied wou emigreer. Hy het hulle aangeraai om liewer in hulle eie land te bly en die te help opbou. Daar was nie plek vir „weghardlopers" nie en die samewerking van alle burgers was nodig.[59)]

Die tak van die Het Volk-party wat tydens die besoek van die Gene= raals gestig is, het baie vinnig gegroei. Selfs Engelse het by die party aan= gesluit sodat 'n sterk gees van eensgesindheid geopenbaar is. Een van die opposisiepartye teen genl. Botha, die Progressiewe Party, het egter ook pro= beer om aanhangers in Rustenburg te werf. 'n Sekere L. Jones, 'n agent van die party, het Rustenburg besoek en 'n vergadering belê. Daar het egter skaars twintig mense opgedaag, waarvan die meeste nuuskieriges en 'n hand= jievol „National Scouts" was, vir wie daar nog steeds groot minagting getoon is. Van Milner se regering wou die Rustenburgers geen goeie woord hoor nie. Dit is deur hulle as 'n „National Farce" bestempel. Gevolglik moes Jones terugkeer sonder dat hy iets kon vermag.[60)]

Die belangstelling in die politiek het voortgeduur en toe die samespre= kings van die Nasionale Konvensie in 1909 bekend geword het, is aan genl. Botha

58) De Volksstem, 15 Maart 1905: Berig oor die besoek.

59) Ibid.

60) De Volksstem, 15 April 1905: Berig van korrespondent.

'n brief gestuur om tevredenheid met die voorgestelde grondwet van die Unie te kenne te gee.[61] Om Uniewording behoorlik te vier is groot voorbereid= sels getref. Die Dorpsraad self het R60 gestem om die koste te dek terwyl kollektelyste uitgestuur is om nog meer geld in te samel. 'n Spesiale reë= lingskomitee is uit die Dorpsraad en publiek gekies om alles in orde te bring.[62]

Op 31 Mei 1910 was Rustenburg in feestelike gewaad gehul en vlae het oral langs die strate gewapper. Saam met die res van die land het daar 'n gees van vrolikheid geheers. Die verrigtinge het vroeg die oggend begin toe 'n perdekommando van oud-stryders die dorp binnegery het. Hulle is luid toegejuig deur 'n skare wat aan weerskante van die strate saamgedrom het. Daarna is almal in 'n optog na die sportterrein aan die oostekant van die dorp, waar vrolik deelgeneem is aan verskillende boeresportnommers. Daar was sakresies, toutrek, eier-in-die-lepel en nog 'n menigte ander items. Per= desport is op die baan van die Gymkhana-klub aangebied, waar die vaardig= heid in pensteek en ander kompetisies afgehandel is.

Die middag is die aanwesiges toegespreek deur mnr. Piet Grobler, oud-veldkornet B. van Heerden en die voorsitter van die Dorpsraad, Bergsma. Die sprekers het veral gewys op die eenheid wat verkry is en die toehoorders is tot samewerking en eenheidstrewe gemaan. Met 'n gevoel van groot vol= doening is die gesellige byeenkoms die middag afgesluit.[63]

Na Uniewording was daar in Rustenburg geen politieke verdeeldheid nie. Gevolglik was die Het Volk-party die enigste om 'n kandidaat vir die eerste verkiesing vir die Unie-Parlement te stel. Aangesien die kandidaat, mnr. P.G.W. Grobler, ook nie eens nodig gehad het om 'n nominasie-stryd te veg omdat in die party ook niemand teen hom gestaan het nie, het hy Rusten=

61) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 31st December 1909 (Minute Book I).

62) Ibid., d.d. 3rd March 1910 (Minute Book I).

63) Meegedeel deur kolonel H. van Noorden,

burg se eerste Volksraadslid in die Unie-Parlement geword.[64] Dieselfde politieke eensgesindheid is ook in die verkiesing vir lede van die Provinsiale Raad in September 1910 geopenbaar toe mnr. B.J. van Heerden, net soos mnr. Grobler, ongeopponeerd verkies is.[65]

Daar was egter nie net belangstelling vir politieke aangeleenthede nie, maar kultuursake het ook die nodige aandag geniet. So het mev. ds. A. Mur= ray 'n „Zangvereniging" in 1905 gestig. Die vereniging het gereeld maande= liks opvoerings gehad waar die toehoorders op „echt Afrikaansche konserten" getrakteer is.[66]

Geloftefeeste, of Dingaansfeeste, soos dit vroeër algemeen bekend was, is ook gereeld gevier. Dwarsdeur die distrik het die feesgangers gewoonlik al op 15 Desember op die verskillende feesplekke byeengekom waar die aand in die reël 'n opvoering van een of ander toneelstuk plaasgevind het. Vroeg die volgende oggend, op 16 Desember, het die verrigtinge met 'n biduur begin en teen tienuur is die hoofdiens gehou, by watter geleentheid ook die gelofte deur die predikant voorgelees is. In die namiddag het toesprake gevolg, meesal gehou deur politieke leiers of ander bekende persone. So het volksraadslid B. van Heerden en mnr. H.K.J. van Noorden bv. op 16 Desember 1908 op= getree by die fees op Waterkloof, die geskiedkundige plaas van president Kru= ger, omtrent ses myl suidoos van Rustenburg geleë.[67]

64) De Volksstem, 26 Augustus 1910: Berig oor verkiesing van mnr. Piet Grobler. Vgl. verder berigte in De Volksstem en The Star van Sep= tember-Desember 1910.

65) De Volksstem, 21 September 1910: Berig oor Provinsiale verkiesing.

66) De Volksstem, 9 Augustus 1905: Berig van korrespondent.

67) De Volksstem, 22 Desember 1908: Verslag van Dingaansfees by Water= kloof. Vgl. ook verslae van Dingaansfeeste by Naauwpoort, Vaalkop, Boshoek en Bosfontein in die uitgawes van De Volksstem van Desem= ber 1908 en Januarie 1909.

d. Onderwys

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog was daar in Rustenburg geen skool nie. Die dorp en distrik se kinders was meesal saam met hulle moe= ders in kampe. In die kampskole het die kinders vir die eerste keer met die Engelse skoolstelsel kennisgemaak.[68] Na die vrede in 1902 is die ou Repu= blikeinse onderwysstelsel ook heeltemal verander volgens Engelse lees deur die Direkteur van Onderwys, E.B. Sargant.[69]

Rustenburg en distrik, wat ook onder die nuwe reëlings geval het, het reeds op 1 Julie 1902 die eerste vrye Engelse skool gekry met M. Wood as hoof.[70] Die Afrikaanse kinders was egter in die skole nie baie gelukkig nie. Gevolglik is oral privaatskole gestig onder leiding van die C.N.O.-bewe= ging.[71] In 1903 is in Rustenburg so 'n skool geopen met J. Heystek as hoof, wat daar onderwys gegee het tot in 1907 toe sy plek deur mnr. P.J. van der Westhuizen ingeneem is. Die skoolgeboutjie was naby die Gereformeerde Kerk en ds. L.P. Vorster was voorsitter van die skoolkommissie. Dit het weens gebrek aan finansiële ondersteuning so moeilik gegaan met die skool dat daar in 1908 net vier kinders oor was. Gevolglik het die skool gesluit en is die paar leerlinge by die goewernementskool ingeskryf.[72]

In die distrik is in 1904 22 sulke C.N.O.-skole opgerig met 317 kin= ders. Net soos in die dorp het die skole ook weens 'n gebrek aan geld 'n moeilike bestaan gevoer sodat in 1907 nog net 15 skole met 225 leerlinge be=

68) Coetzee: op.cit., p.74. Vgl. ook Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.104-105. Snyman, J.J.: 'n Histories-kritiese studie van die Smuts-Onderwys= wet van 1907 (ongepubliseerde Doktorsproefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1951), p.107-108.

69) Coetzee: op.cit., p.75. Vgl. ook Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.109.

70) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.116.

71) Ibid., p.109. Vgl. ook Snyman: op.cit., p.122.

72) Ibid.

staan het. In 1908 het al die skole weens gebrek aan geld gesluit en is die leerlinge na die staatskole oorgeplaas.[73)]

Een skool, wat op 'n privaat basis gewerk het, die Duitse skool, het nie weens die gebrek aan geldelike steun tot niet gegaan nie. Die Duitsers van Kroondal, 'n nedersetting agt myl oos van Rustenburg, het naamlik op eie inisiatief R4,000 ingesamel en só 'n vaste grondslag vir hulle skool ge= lê.[74)] Hierdie skool het dan ook nooit gesluit nie en bestaan vandag nog, hoewel nie meer as privaatskool nie.

Met die goewernementskool op die dorp het dit intussen goed gegaan. Die skoolgebou was wel te klein om al die kinders te huisves sodat sommige kinders in tente moes skoolgaan, maar die getalle het vinnig gegroei. In 1902 is met 61 leerlinge begin en die volgende jaar was daar reeds 88 kin= ders ingeskryf en teen die einde van 1905 was die inskrywing 135.[75)]

Sargant se onderwysstelsel is ook op die platteland toegepas. Daar was die groot probleem huisvesting want op baie plase was nog geen skool= geboue nie. In 1903 was daar 37 plaasskole, waarvan 12 geen geboue van e= nige aard gehad het nie en tente gebruik is waarin die kinders moes skool= gaan. Ten spyte van die probleme van die eerste paar jaar is daar egter goeie vordering gemaak. In 1905 het die skole met 10 na 47 vermeerder. Toe die C.N.O.-skole in die distrik doodgeloop het,[76)] is al die kinders na die goewernementskole oorgeplaas, wat 'n groot vermeerdering in leerlingtal vir dié skole beteken het.

Daar is nie net vir laerskoolonderrig voorsiening gemaak nie, maar die dorpskool het van 1902 af 'n hoër afdeling gehad. Die hoër klasse het

73) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.110-115. Vgl. ook Snyman: op.cit., p.128; De Volksstem, 22 Julie 1907: Berig van korrespondent.

74) De Volksstem, 26 Oktober 1904: Berig van korrespondent.

75) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.125. Vgl. ook Coetzee: op.cit., p.83.

76) Kyk voetnoot 73 hierbo.

ook goeie vordering getoon en in 1904 was daar 25 kinders in die afdeling.[77] Behalwe vir die hoër klasse aan die laerskool, was daar ook nog 'n „fee-paying secondary school" wat in 'n privaat woonhuis gehuisves was. Die skool het egter in 1905 gesluit en die leerlinge is oorgeplaas na die hoër afdeling van die laerskool.[78]

In 1903 is die eerste skoolkommissies gekies. Die skoolkommissie van die laerskool op die dorp het uit die volgende lede bestaan: J.N.O. Sangers (voorsitter), J.C. Brink, W.T. Dawes, G.H. Topper, G.A. Robin=son, W. Stephen en W.F. van Velden, sekretaris.

Die Smutswetgewing hetin 1907 in werking getree. Daarvolgens is die ouerseggenskap as fundamentele grondslag van die wet in die onderwys vasgelê. Verder is voorsiening gemaak vir gratis laerskoolonderrig en vir die sentralisasie van die administrasie van die onderwys in die onderwysde=partement, met 'n direkteur aan die hoof. Ook is in die wet bepalings neer=gelê rakende die taalonderrig, godsdiensonderrig, middelbare en hoër onder=wys asook vir die onderwys van kleurlinge.[80]

Dit het verder meegebring dat Rustenburg vir die eerste keer 'n „Distriksbestuur vir onderwys" of skoolraad gekry het. Onder voorsitter=skap van magistraat A.R. Orsmond is die eerste verkiesing vir die liggaam gehou. Vooraf is gereël dat al die kerke en die Engelse bevolkingsdeel hulle verteenwoordigers sou kry. Aan die ooreenkoms is gehou en die drie predi=kante, di. L.P. Vorster van die Gereformeerde Kerk, C. Rudolph van die Ned. Herv. of Gereformeerde Kerk en A. Murray van die Ned. Herv. Kerk

77) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.127.

78) Ibid.

79) Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.25.

80) Snyman: op.cit., p.221-235. Vgl. ook Van der Merwe: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.120; Coetzee: op.cit., p.108; Wet No. 25, artikels 1-91 (Statutes of the Transvaal 1907).

is verkies met C. Mullett as verteenwoordiger van die Engelssprekendes. Ander lede op die skoolraad was P.G.W. Grobler, T. Wenholdt, W. Lategan, P.J. van der Walt, J.A. du Plessis en J. de Kock.[81)]

Die ouers was tevrede met die groter seggenskap wat hulle oor die onderrig van hulle kinders gekry het maar hulle was nie gediend met die Engel=se onderrig wat hulle kinders ontvang het nie. Een van die oogmerke van die stigting van die „Afrikaansche-Hollandse Taalvereniging" was dan ook om dié euwel te bekamp. Hulle het dit veral gehad teen die invoer van Kaapse onder=wysers wat volgens hulle mening te Engelsgesind was. „Tegen dezen toestand willen wy de stem verheffen",[82)] het hulle betoog en verder aangevoer dat daar liefs meer Hollandse onderwysers ingevoer moes word, sodat die C.N.O.-beginsel nie heeltemal in die skole verwater sou word nie.

Om te sorg dat die kinders gereeld die skool besoek, het die Skoolraad in Mei 1909 'n „Inspekteur van leerplicht" aangestel. Die bekende mnr. M.T. Loots, Oom Matheus, was die eerste persoon om die werk te doen.[83)] Vir baie jare daarna was mnr. Loots 'n alombekende in Rustenburg wat as die „kindervanger" of „lammervanger" gereeld sy rondtes by skole gedoen het.

Op die gereelde maandelikse vergaderings van die Skoolraad is roe=tinesake soos die aanstellings van onderwysers, oprigting van nuwe skole, ens. bespreek. Soms was daar egter ongewone probleme wat opgelos moes word, bv. toe 'n nuwe skool by Beestekraal, 'n plaas veertig myl noord van Rustenburg langs die Krokodilrivier, geopen is. Die kinders het aan weers=kante van die rivier gewoon. Wanneer die rivier vol was, kon 'n hele klomp kinders vanweë die afwesigheid van 'n brug oor die rivier gevolglik nie by die skool kom nie. Die Skoolraad het egter 'n heel praktiese oplossing vir die moeilikheid gehad „door een kabelketting met een mand aan te brengen om de

81) De Volksstem, 2 November 1907: Berig oor skoolraadsverkiesing. Vgl. ook Coetzee: op.cit., p.109 en Snyman: op.cit., p.228.

82) De Volksstem, 14 Julie 1908: Brief aan die Redakteur deur „Ouer".

83) De Volksstem, 7 Mei 1909: Berig van korrespondent.

kinderen over het rivier te vervoeren."[84]

Die oorspronklike belangstelling wat die ouers in onderwys gehad het, soos met die eerste skoolraadsverkiesing in 1907, het teen 1911 baie verflou. Toe daar in die jaar 'n skoolkommissie vir die dorpskool gekies moes word, het die Engelssprekendes nog redelik belanggestel en was hulle goed verteen= woordig op die vergadering. Daar het egter nie veel Afrikaners opgedaag nie sodat 'n oorwegend Engelssprekende skoolkommissie gekies is. Die toestand was verontrustend en laat 'n Rustenburger as volg klae: „Nu moet een Engel= se Schoolcommissie zaken regelen waar 90 persent Hollandssprekende kinders in de school zyn."[85]

Ten spyte van die min belangstelling van die ouers het onderwys tog baie uitgebrei en vooruitgegaan. Die Rustenburgse skoolraadsdistrik was in 1917 die heel grootste in Transvaal met 67 skole en 4,181 leerlinge wat daar= onder sorteer het. Op die Rand was daar destyds 59 skole, terwyl Potchef= stroom maar 44 skole gehad het.[86] Die vinnige uitbreiding van die onderwys het egter steeds die probleem geskep dat skoolgeboue baie gou te klein ge= word het en daar gewoonlik nie genoeg huisvesting vir al die kinders was nie.[87]

e. Spoorweg

Die eerste pogings wat aangewend is om 'n spoorverbinding tussen Pretoria en Rustenburg te verkry moes weens die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog gestaak word.[88] In 1903 het die Rustenburgers al begin on= geduldig raak toe daar met die aangeleentheid nog glad nie 'n begin gemaak

84) De Volksstem, 16 Julie 1909: Verslag van skoolraadsitting.

85) De Volksstem, 1 Augustus 1911: Brief aan die Redakteur van „Vaderlander".

86) Coetzee: op. cit., p.132. Vgl. ook Departement van Onderwys Transvaal: Verslag voor het Jaar eindigende 31 Desember 1917 (Pretoria, Goe= vernementsdrukkery, 1918), Bylae I, p.228.

87) Coetzee: op. cit., p.132. Vgl. ook Van der Merwe: Die geskiedenis van die onderwys in Rustenburg (1840-1945), p.154.

88) Kyk p.93 hierbo.

was nie. In Mei 1905 is 'n vergadering belê waarop die Dorpsraad, die sa= kelui en die boere verteenwoordig was en is besluit om mnr. J.C. Brink na Pretoria af te vaardig om te gaan vasstel waarom daar nog steeds 'n vertra= ging in die bou van die spoorlyn was.[89]

Nadat mnr. Brink van sy sending teruggekeer het, het hy as volg aan die Dorpsraad verslag gedoen. 'n Tekort van arbeiders het dit vir die spoor= wegowerhede onmoontlik gemaak om die projek na Rustenburg aan te pak. Daarbenewens was hulle besig met die bou van die spoorlyn na Rhodesië en omdat dit 'n dringender saak was, het dit voorkeur geniet.[90]

Byna dieselfde probleme as wat in 1897 ondervind is,[91] het ook nou weer opgeduik. Daar is naamlik verneem dat wanneer 'n spoorweg gebou sou word dit 'n „smal spoor" sou wees. Daarmee wou die Rustenburgers nie genoeë neem nie. Dit het vir hulle al te veel na „een afscheperij" gelyk[92] en hulle het ook ten sterkste daarteen geprotesteer, sodat van die plan afge= sien is. Die ou twispunt of die verbinding met Krugersdorp of Pretoria sou wees, het egter ook weer na vore getree. Gelukkig het die owerhede darem beloof om in November daaroor te besluit. Die besluit het in die guns van die Rustenburgers geval en dit het hulle tot groot dankbaarheid gestem dat aan hulle wense voldoen is en die spoor vanaf Pretoria na Rustenburg aangelê sou word.[93]

Die blote mededeling dat die spoorweg gebou sou word, was egter nie

89) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 4th May 1905 (Minute Book I) Vgl. ook De Volksstem, 4 Julie 1905: Berig van korrespondent.

90) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 7th September 1905 (Minute Book I).

91) Kyk p.92 hierbo.

92) De Volksstem, 21 September 1905: Brief aan die Redakteur van „Inwo= ner".

93) De Volksstem, 24 Januarie 1906: Berig van korrespondent. Vgl. ook Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 8th March 1906 (Minute Book I).

genoeg om hulle tevrede te stel nie. Die vraag was wanneer daar 'n begin gemaak gaan word en een korrespondent het ongeduldig opgemerk: „Van de spoorlyn horen wij verder niets, wachten is wel de boodschap."[94] Die klagte was egter nie heeltemal gegrond nie, want intussen is fluks aan die spoorlyn gebou sodat dit in die begin van November alreeds tot 'n paar myl buite Rus= tenburg gevorder was. Daar het toe 'n sterk moontlikheid bestaan dat die trein tog wel voor die einde van 1906 tot in Rustenburg sou kon loop.[95]

Die verwagting is ook nie teleurgestel nie, en alhoewel die spanning soms hoog geloop het en daar bedenkinge gekoester is dat die spoorlyn nie voor 1907 voltooi sou wees nie, het die blye dag tog aangebreek dat al die werk afgehandel was. Toe die eerste trein teen die einde van November 1906 die stasie van Rustenburg ingestoom het, was daar 'n groot skare om dit te verwelkom. 'n Feestelike stemming het geheers. Oral het groepies boere rondgestaan en die voordele wat die treindiens vir hulle ingehou het bespreek. Die winkeliers en fabriekseienaars was net so ingenome want daarna sou hul= le 'n baie beter vervoer van hulle ware kon verwag. Blydskap is ook uitge= spreek dat die treurige posdiens met die sukkelende koets iets van die verle= de sou wees en daar is uitgesien na 'n gereelde aflewering van die pos. Die Voorsitter van die Dorpsraad, raadslid Bergsma het namens die inwoners die spoorwegowerhede bedank en die hoop uitgespreek dat die treindiens die voorspoed en welvaart van die dorp nog verder sou verhoog.[96]

f. Hospitaal

Nadat die Britse magte Rustenburg vir die tweede keer in November

94) De Volksstem, 24 Januarie 1906: Berig van korrespondent. Vgl. ook Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 8th March 1906 (Minute Book I).

95) De Volksstem, 3 November 1906: Berig van Korrespondent.

96) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 30th November 1906. Vgl. ook Prinsloo: op.cit., p.24.

1900 ingeneem het,[97] is 'n afdeling soldate in forte 'n paar myl suid van die dorp geplaas. Vir die huisvesting van die soldate is tydelike kasernes van hout en sink opgerig. 'n Gedeelte van die geboue is as hospitaal ingerig, wat uitsluitlik bedoel was vir gewonde en siek Engelse soldate. Na die vre= de in 1902 is die troepe verwyder, maar 'n afdeling van die South African Constabulary is in Rustenburg agtergelaat en die hospitaal het toe onder hul= le beheer gekom. Mettertyd het dit duidelik geword dat ook hulle uit Rusten= burg sou moes padgee en dit het die hospitaal in gedrang gebring. Die be= velvoerder van die S.A.C., kaptein Howell, het die Dorpsraad in April 1905 versoek om die bestuur van die hospitaal oor te neem. Dit kon dan in 'n permanente burgerlike inrigting omskep word. 'n Uitdruklike voorwaarde was egter dat die militêre owerhede nog gedeeltelike seggenskap moes hê en dat die Raad op 'n R vir R-basis moes bydra om die hospitaal in stand te hou.[98] Daarvoor het die Raad nie kans gesien nie. Hulle wou volle beheer hê en het geëis dat die oordrag sonder enige voorwaarde moes geskied.[99] Dit wou die S.A.C. egter nie aanvaar nie en die kwessie van hoe die hospi= taal onder die beheer van die Dorpsraad geplaas moes word, het so 'n onoor= komelike geskilpunt geword dat die onderhandeling glad nie kon vorder nie. Toe die militêre owerhede in Junie 1905 nog nie die Dorpsraad tot hulle stand= punt kon oorhaal nie, het hulle besluit om die onderhandelings te laat vaar. Daarop is die hospitaal op 30 Junie 1905 gesluit.[100]

In Oktober is egter weer 'n poging aangewend om die hospitaal vir die dorp te behou. Op 'n vergadering van die Raad is dr. G. Moorhead, die dis= triksgeneesheer, afgevaardig om na Pretoria te gaan om nog eens die saak

97) Kyk p.108 voetnoot 32 hierbo.

98) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 27th April 1905 (Minute Book I).

99) Ibid., d.d. 4th May 1905.

100) Ibid., d.d. 29th June 1905. Vgl. ook S.V.D. 12: Resolution 950, d.d. 30th June 1905 (Executive Council Minutes 1905-1906).



Die eerste Koöperasie op Kroondal gestig 1905

met die owerhede te bespreek. Ook die keer kon daar nie finaal besluit word nie want weer eens kon nie oor die voorwaardes vir die oordrag eenstemmig= heid bereik word nie.[101] Hierdie keer is die hospitaal vir goed gesluit. Vir die volgende klompie jare was daar dan geen hospitaal nie tot in 1920 toe Rus= tenburg uiteindelik 'n hospitaal gekry het.

g. Boerebedrywighede: stigting van koöperasies

In die ekonomie van Rustenburg het die tabakboerdery na 1902 'n steeds belangriker rol gespeel. Teen 1908 het drie tabakfabrieke reeds 'n groot deel van die boere se oeste verwerk en die proefplaas, deur Leenhof gestig, het uitstekende werk tot voordeel van die tabaknywerheid gedoen.[102] Rustenburg was egter ook alreeds goed bekend vir die sitrusboerdery wat daar ontwikkel het. Dit was juis die lemoenboere wat begin besef het dat daar die groot be= hoefte tot samewerking tussen hulle onderling 'n noodsaaklikheid geword het om hulle produkte beter te kan bemark. Vir die doel is 'n „flinke" vergade= ring in Mei 1908 in Rustenburg gehou.[103]

Op die byeenkoms, wat baie goed bygewoon is, is die eerste „Fruit= growers Cooperative Association" gestig. Die vernaamste oogmerk van die koöperasie was om 'n beter bemarking vir sitrusprodukte te probeer kry. Daar moes veral aandag gegee word aan die oorsese mark. Tweedens het hulle beplan om 'n sentrale pakhuis op te rig waar lemoene beter gesorteer en verpak kon word. Die eerste bestuurslede van die vereniging was J.L. Eloff, voorsitter, A.P. Conradie, J.A. du Plessis, H. van Tonder, R.P. Meyers, C.M. Mullett en H.K.J. van Noorden.[104]

Die klompie boere het nie gras onder hulle voete laat groei nie en

101) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 5th October 1905 (Minute Book I).

102) Kyk p.129 voetnoot 45 hierbo.

103) De Volksstem, 12 Mei 1908: Berig van korrespondent.

104) Ibid.

reeds op die stigtersvergadering is Van Noorden afgevaardig om die Dorps= raad te gaan spreek in verband met 'n geskikte plek om 'n pakhuis op te rig,[105] want dit was die dringendste behoefte van die sitrusboere.

Van Noorden het ook nie op hom laat wag nie en was reeds die volgen= de dag met die aansoek van die lemoenboere by die Dorpsraad. Die aansoek van die Lemoen-koöperasie is vir deeglike ondersoek na die Algemene sake-komitee van die Raad verwys.[106] Met die volgende Raadsitting is aan die Koöperasie verlof toegestaan om hulle Bantoewerkers in die lokasie te huis= ves en is die Direksie gevra om meer besonderhede te verstrek oor die grond wat hulle aangevra het, bv. waar hulle die terrein wou hê, die grootte van die grond, ens.[107]

Vroeg in die volgende jaar was die onderhandelinge voltooi en het die Sitrus-koöperasie die gevraagde grond van die Dorpsraad naby die spoorweg= stasie ontvang,[108] waar dan die eerste lemoenpakhuis opgerig is. Van die staanspoor af was die organisasie 'n groot sukses. Met die eerste jaarver= slag in Desember 1908, nog voordat die pakhuis voltooi was, kon 'n wins van R2,000 aangekondig word. Van hierdie geld is 'n bedrag van R170 in 'n re= serwefonds gestort en die res is onder die lede verdeel.[109]

Wat veral bemoedigend was uit die verslag, is die feit dat daar ver= meld is dat sitrusprodukte uit Rustenburgdistrik in 'n puik toestand op die oorsese mark aangekom het. Die verpakking van hierdie boere was beter

105) De Volksstem, 12 Mei 1908: Berig van korrespondent.

106) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 13th May 1908 (Minute Book I).

107) Ibid., d.d. 10th June 1908. Vgl. ook Verslag: General Purposes and Finance Committee, d.d. 10th June 1908 (Minute Book I).

108) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 14th April 1909 (Minute Book I).

109) De Volksstem, 4 Desember 1908 bevat 'n volledige verslag van al die werksaamhede van die eerste jaar van die bestaan van die Lemoen-koöperasie.



Lugfoto van 'n gedeelte van die M.K.T.V. persele te Rustenburg

as die verpakking en sortering van lemoene uit Natal en die Kaap. Verdere goeie nuus is aan die lemoenboere op die jaarvergadering meegedeel deur mnr. Davies, die tuinboudeskundige van die regering, naamlik dat boere se lemoene gratis vervoer kon word vanaf hulle eie spoorweghaltes tot by die stasie op Rustenburg.

In die jaarverslag word die boere ook aangeraai om hulle produkte vroeër in die jaar te bemark. Daardeur sou hulle 'n voorsprong op Wes-In= dië en Kalifornië hê, wat ook op die oorsese sitrusmark meegeding het. April is aanbeveel as die geskikste maand om met die bemarking te begin. As 'n mosie van vertroue in die eerste komitee is almal weer herkies. Vol versekering dat hulle daarin geslaag het om die „middel mensen" uit te ska= kel en die winste na hulle eie sakke te laat kom, het die vergadering uitme= kaar gegaan.

Die volgende twee jaarverslae van die Sitrus-koöperasie was nog gun= stiger. Goeie winste is elke jaar gemaak en die uitvoer van lemoene na die oorsese mark het gereeld 'n styging getoon. Die Rustenburgse Koöperasie het skynbaar 'n stewige plek vir die lemoenboere op die mark in Europa ver= ower.[110)]

Deur die jare heen het die koöperasie so gegroei dat dit alle verwag= tings van die oorspronklike klompie sitrusboere, wat stigterslede was, heel= temal oortref het. In 1917 was daar reeds so goed gevorder dat 'n groot sitrusskou vir die hele land beplan is.[111)] Ongelukkig het die skou nooit plaasgevind nie.

In 1922 het die sitrusboere planne begin beraam om hulle oorspronk= like koöperasie te reorganiseer. Die omskepping daarvan na 'n nog groter en beter organisasie is oorweeg. Vir die doel is samesprekings gevoer met

110) De Volksstem, 16 November 1909 en 20 September 1910 bevat volledige verslae van die jaarvergaderings van die betrokke jare.

111) Letter Book Rustenburg Citrus Association, Book II, 28th May 1917 - 26th February 1922, p.8.

die Sitrusbeurs van die Unie van Suid-Afrika. Van hierdie groter liggaam het hulle die reëls en regulasies aangevra om as basis te dien om hulle eie koöperasie in 'n breër en omvattender eenheid te omskep.[112)]

Soos te begrype, het die oorskakeling 'n paar jaar geduur want 'n heel nuwe organisasie moes tot stand gebring word. Op die 28ste September is die ou „Fruitgrowers Cooperative Association" vervang deur die nuwe „Rustenburg Cooperative Packhouse Company, Ltd.,"[113)] wat vandag nog be= staan.

Die onmiddellike welslae wat die lemoenboere met hulle koöperasie gehad het, het dieselfde boere op die gedagte gebring om ook in die ander vertakkinge van hulle boerdery saam te werk. Daar is besluit om hulle ander boerderyprodukte soos koring en mielies ook op 'n koöperatiewe basis te be= mark om, soos hulle dit gestel het, „de groote winsten in hunne eigen zak te recht te laten komen." Die voorneme was om „handelaars en spukulanten" soveel as moontlik uit te skakel.[114)]

Op die 27ste Oktober 1909 is 'n vergadering van geesdriftige boere belê en die „Ko-operatieve Produkten Vereniging" het tot stand gekom met die volgende persone as direkteure: J.A. du Plessis, H.K.J. van Noorden, C.H. Mullett, A.P. Conradie, W. Robinson en T. Wenholdt. W.T. Dawes is aangewys as die eerste sekretaris-bestuurder van die Produkte-koöpera= sie.[115)]

Ook met die nuwe onderneming was die lede nie teleurgestel nie. Die eerste jaarverslag wat Dawes op 30 Junie 1910 gelewer het was uiters bemoe= digend. Die vereniging se bates het reeds 'n bedrag van R3,173.33 beloop en vir die eerste jaar is 'n wins van R950.52 getoon. Die ledetal het aange=

112) Letter Book Rustenburg Citrus Association, Book II, 28th May 1917 - 26th Februarie 1922, p.272.

113) Minutes Rustenburg Cooperative Packhouse Company Ltd., d.d. 8th September 1928 (Minute Book I), p.1.

114) De Volksstem, 16 November 1909: Berig van korrespondent.

115) Ibid.

groei tot 440;[116] die boere van Rustenburg het tot die besef gekom dat as hulle saamwerk en hulle produkte deur koöperasies bemark, hulle altyd die beste daaraan toe sou wees.

Die tabakboerdery in Rustenburg was in 1908 reeds op 'n stewige grondslag geplaas. Die tabakfabrieke het aan die tabakplanters 'n goeie afset besorg en die proefplaas van J. Leenhof het allerhande eksperimente en proe= we uitgevoer wat die tabaknywerheid tot groot voordeel gestrek het. So is nuwe tabak-variëteite getoets, proewe is met saadbeddings gemaak en 'n „model tabakdrooghuis" het beter metodes laat ontwikkel om tabak kunsma= tig te droog.[117]

As 'n groep het die Rustenburgse tabakplanters egter nog nie op 'n hegte koöperatiewe basis saamgewerk nie. Daarin was die lemoenboere hul= le effens voor. Die behoefte het nogtans by die tabakboere bestaan om 'n basis vir nouer samewerking te bewerkstellig en vir die doel is 'n vergade= ring in Mei 1908 belê, waarop 'n voorlopige komitee benoem is om die saak te ondersoek.[118]

Die opdrag aan die komitee was om aandag te skenk aan die kwessie van bemarking van tabak. Daar was wel 'n goeie afsetgebied, maar die boe= re moes as enkelinge optree teen sterk gevestigde organisasies soos die U.T.C. en ander fabrieke. Verder sou die sewe komiteelede die distrik in wyke ver= deel en elkeen sou dan in sy wyk vergaderings belê en die noodsaaklikheid van die oprigting van 'n tabakkoöperasie met die boere bespreek.[119]

116) De Volksstem, 30 Augustus 1910: Verslag van die Koöperatiewe vere= niging. Vgl. ook Union of South Africa: Government Gazette No.42 van 1910, p.230.

117) De Volksstem, 29 Mei 1908: Berig van korrespondent.

118) Ibid.

119) Ibid. Vgl. ook Steenekamp, F.J.L.: Historical Development, Organi= sation and Economical Importance of: Die Magaliesberg Koöperatiewe Tabakplantersvereniging. (M.K.T.V. Vyftigjarige Jubileum 1909-1959, Potchefstroom, Potchefstroom Herald, 1959, p.39).

STIGTERS VAN M.K.T.V. 20 JANUARIE 1909



Eerste ry van links na regs: F. Pistorius; O. Pistorius; D.S. du Toit; J. Eloff; onbekend; onbekend.

Tweede ry van links na regs: P. Riekert; D. Schoeman; G. Smit; onbekend; C. Buitendag; H.P. van Noorde.

Skuins voor: H. Jonker; B. Smit; G.W. Ottermann (Organiseerder); D. du Toit; G. Kirsten; P. van Rensburg; onbekend; J. Kruger; P. Eloff.

Derde ry van links na regs: J. Pistorius; C. Pistorius; H. Boshoff; H.D. Naude; A. McDonald; R. McDonald; onbekend; P. Venter; Grobler; A. Pretorius; C. Grobler.

Agterste ry: onbekend; onbekend; J. Müller; onbekend; N. Breedt.

DIE OUE EN DIE NUWE



Eerste pakhuis M.K.T.V.



Moderne nuwe pakhuis M.K.T.V.

Die stigtingsvergadering van die Magaliesberg Koöperatiewe Tabak= plantersvereniging (M.K.T.V.) het in Mei 1909 plaasgevind toe 300 tabakboe= re die vergadering bygewoon het. Op 18 Mei 1909 is die M.K.T.V. onder die Koöperasiewet van 1908 by die regering wettiglik as koöperasie geregis= treer. Oorspronklik was die plan om die pakhuis in Pretoria op te rig, waar= voor die regering bereid was om R20,000 te skenk sodat die jong vereniging behoorlik op die voete gehelp kon word. Die geld sou gebruik word om die nodige geboue op te rig en vir die uitbetaling van voorskotte aan tabakboere.[120)]

Van die plan om die pakhuis in Pretoria op te rig is gou afgesien. Die direkteure het besluit dat dit beter sou wees om die tabakpakhuis in Rusten= burg op te rig.[121)] Vir die oprigting van die gebou sou R6,000 van die be= loofde geld gebruik word. Ongelukkig het daar baie gou 'n teleurstelling op hulle gewag. Die regering het hulle, sonder opgaaf van redes, meegedeel dat die belofte om R20,000 te skenk teruggetrek is. Daaroor was die tabak= planters baie ontstoke en wou hulle weet waarom aan „zuiwelfabrieken volle ondersteuning wordt verleend", terwyl die beloofde geld nie aan hulle gegee word nie.[122)]

Ten spyte van die oorspronklike teleurstellings en moeilikhede in die beginjare is die probleme tog oorwin omdat die boere bereid was om „de ver= antwoordelykheid op eigen schouders te dragen."[123)] Onder die bekwame leiding van bestuurder G.J. Alta en rekenmeester D. Schutte is in 1911 reeds met bemarking begin. Die ledetal het tot 1,317 aangegroei en aan die einde

120) Notule van het Bestuur der Magaliesberg Koöperatiewe Tabakplanters= vereniging 18 Mei 1909 (Boek I, p.4). Vgl. ook Steenekamp: Historical Development, Organisation and Economical Importance of: M.K.T.V. (M.K.T.V. Vyftigjarige Jubileum 1909-1959), p.39; De Volksstem, 5 November 1909: Berig van 'n korrespondent.

121) Notule, M.K.T.V. 12 November, (Notuleboek I, p.10).

122) De Volksstem, 5 November 1910: Berig.

123) Notule, M.K.T.V., 22 Mei 1912 (Notuleboek I, p.16).

van die eerste jaar het die boeke reeds 'n wins getoon.[124] Hulle eerste ge= bou kon ook betrek word en die groei van die M.K.T.V. was in die paar jare fenomenaal. In 1917, slegs agt jaar na die oorspronklike stigting, was 'n sterk reserwefonds reeds opgebou en het die ledetal tot 2,632 op die 1911-syfer verdubbel.[125]

In 1926 het 'n groot stap voorwaarts plaasgevind toe die verpligte Koöperasiewet in werking getree het. Daardeur is al die tabakboere verplig om deur die M.K.T.V. te bemark. Dit het 'n geweldige groei van die Koö= perasie meegebring. Oral in Transvaal is takkantore geopen en ledetal en besigheid het bo alle verwagting uitgegroei. So het die reserwefonds in 1925 tot R78,000 gestyg, maar in 1958 was die fonds reeds R800,000. In 1916 was die kapitaalomset R68,000 en in die 1957/58-seisoen het dit die R13miljoen-merk oorskry.[126]

As die geskiedenis en vinnige ontwikkeling van Koöperasies in Rus= tenburg nagegaan word, is die voorspellings van vroeëre besoekers meer as bewaarheid geword. Die leuse van die nuwe dorpswapen, „Unitas", of soos dr. C.Eybers voorgestel het, „Eendrag maak Mag", was in Rustenburg nie bloot net simbool nie.[127] Die stigting van die verskillende landboukoöpera= sies het bewys dat samewerking tussen die boere wel moontlik was. Dit het verder getoon dat samewerking tussen boere tot groot hoogtes kan lei. Daar= van getuig die groei en uitbreiding van die M.K.T.V. en die Lemoenpakhuis.

124) Byvoegsel by die Notule M.K.T.V. d.d. 22 Mei 1912 (Notuleboek I) 'n Volledige verslag verskyn in die byvoegsel op p.1-6. Vgl. ook Steenekamp, F.J.L.: Die weg wat die M.K.T.V. bewandel (M.K.T.V. Vyftigjarige Jubileum, p.48-49).

125) Notule M.K.T.V., d.d. 17 Januarie 1917 (Notuleboek I, p.215). Vgl. ook Ylverton, N.W.: Finansiële samestelling van die M.K.T.V. (M.K.T.V. Vyftigjarige Jubileum, p.48-52).

126) Steenekamp: Die weg wat die M.K.T.V. bewandel (M.K.T.V. Vyftig= jarige Jubileum, p.34). Vgl. Ylverton: op.cit., p.48-52 en ook ver= slae van jaarvergaderings in die Notuleboek van die M.K.T.V.

127) Brief dr. Eybers aan Rustenburg Stadsraad in die Munisipale Argief in Rustenburg.

Die voorspoed van die verskillende boereorganisasies het aanleiding gegee dat 'n Landbougenootskap in 1909 gestig is.[128)] So 'n genootskap moes die hele boeregemeenskap insluit en een van die doelstellings sou wees om 'n jaarlikse landbouskou te organiseer. In 1866 het Rustenburg 'n flukse „Land en Emigrate Maatschappy" gehad wat ook 'n skou wou reël en daarbenewens ook nog ander grootse planne gehad het.[129)] Die organisasie het deur om=standighede buite die beheer van die inwoners tot niet gegaan. In 1909 is die saak egter weer aangepak en deurgevoer. Die Dorpsraad is genader vir grond waar die voorgestelde jaarlikse skou kon plaasvind. Die aansoek is gunstig oorweeg en die nodige terrein is aan die oostekant van die dorp aan die Landbougenootskap geskenk.[130)] Die skouterrein is vandag nog in besit van Rustenburgse Landbougenootskap en die jaarlikse tentoonstelling vind nog gereeld plaas.

128) De Volksstem, 23 November 1909: Berig deur korrespondent.

129) Kyk voetnoot 15 op p.38 hierbo.

130) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 31 Desember 1909 (Minute Book Rustenburg Village Council: voortaan aangedui as Minute Book II). Vgl. ook De Volksstem, 23 November 1909: Berig deur korrespondent.

Hoofstuk 8

# ONTWIKKELING EN UITBREIDING NA 1910-1918

## a. Stadsaal

Gedurende die agt jaar van 1902 tot 1910 het Rustenburg feitlik op alle terreine van die samelewing vinnig ontwikkel. Met Uniewording was dit reeds 'n vooruitstrewende dorp en tog is daar een groot leemte ondervind nl. die gebrek aan 'n groot genoeg saal waar die publiek byeen kon kom en 'n plek waar die munisipale kantore gehuisves kon word. Daarom is daar in 1910 pogings aangewend om 'n stadsaal met eie kantore op te rig. Veel verder as 'n formele toestemming van die Assistent-Koloniale Sekretaris om die pro= jek aan te pak het dit egter nie gekom nie.[1]

In 1911 is egter met die planne voortgegaan. 'n Vergadering van die belastingbetalers, sakelui en ander belanghebbendes, wat in Maart in die ma= gistraatskantoor gehou is, het aan die Dorpsraad toestemming verleen om so spoedig moontlik met die bou van 'n stadsaal te begin asook die nodige mag= tiging om R6,000 van die Provinsiale owerheid te leen om die koste te dek.[2]

Daarna het alles redelik vlot verloop en in November kon die argitek, W. Scharer, die voorlopige planne vir die gebou aan die Raad voorlê. Met hierdie ontwerp was die Raad egter nie tevrede nie en mnr. K. Heyne is af= gevaardig om met die Argitek sekere voorgestelde wysigings te bespreek.[3] Vroeg in 1912 was al die probleme opgelos en kon die Raad tenders vra vir die bou van die stadsaal. Toe die tenders ontvang is, het daar egter 'n nuwe moeilikheid opgeduik toe die laagste tender R2,000 hoër beloop het as wat oorspronklik deur die Raad beplan is.[4]

1) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 24th January 1910 (Minute Book I).
2) Ibid., d.d. 28th March 1911.
3) Ibid., d.d. 19th November 1911.
4) Ibid., d.d. 14th May 1912.

Die enigste plan was toe om weer met die Argitek te beraadslaag om sekere veranderings aan die bouplanne aan te bring, sodat die boukoste daar= deur verlaag kon word. By hom is aanbeveel dat die massiewe pilare en to= ring aan die gebou uitgeskakel moes word en dat onnodige luukshede vermy word, sodat die beplande gebou netjies en doeltreffend sou wees sonder om allerhande onnodige duur bykomstighede te hê.[5)]

Die Argitek was teen die einde van 1912 met die hersiene planne ge= reed. Op 'n spesiale sitting is dit sonder verdere besware aanvaar. Op die= selfde byeenkoms is besluit om dadelik weer tenders te vra en 'n boukommis= sie, bestaande uit dr. G. Moorhead, mnre. W. Lategan, N. Herzfeld en O. Huxtable, is gekies om alle verdere aangeleenthede met die bouery af te han= del.[6)]

Uit die ingekome tenders is die van K. Heyne aanvaar vir R5,400 en hy het vroeg in 1913 met die werk begin.[7)] Toe die bouery na 'n paar maan= de byna voltooi was, het die Raad begin planne maak om die ingebruikneming van die stadsaal feestelik te vier. Om die saak te beplan en vlot te laat ver= loop, is 'n reëlingskomitee bestaande uit mnre. N. Gauldie, H. van der Mer= we, O. Huxtable, N. Herzfeld en A.P. Olivier gekies. Die Raad sou vir die doel R30 skenk en verder moes daar gekollekteer word om die nodige geld vir die geleentheid in te samel. 'n Dinee, waarvoor kaartjies teen 75 sent verkoop moes word, is vir die middag beoog terwyl nog 'n geselligheid, waar= aan al die lede van die publiek kon deelneem, vir die aand in die vooruitsig gestel is.[8)]

5) Minutes Finance and General Purposes Committee, d.d. 27th May 1912 (Minute Book II).

6) Minutes Special Meeting, Rustenburg Village Council, d.d. 22nd December 1912 (Minute Book II).

7) Minutes Finance and General Purposes Committee, d.d. 8th March 1913 (Minute Book II).

8) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 14th October 1913 (Minute Book II).

Oorspronklik het die Komitee die opening van die Stadsaal vir 26 November 1913 beplan. Die Administrateur, mnr. J. Rissik, sou uitgenooi word om die middag om 3.30 die gebou amptelik te open, maar toe daar ver= neem is dat hy nie kon kom nie, is die geleentheid na 2 Desember verskuif en sou die voorsitter van die Raad, mnr. A.P. Olivier, die openingseremonie waarneem.[9)]

Die opgewondenheid oor die opening van die Stadsaal was vroeg op die betrokke dag in Rustenburg merkbaar. Oral waar vriende mekaar raakge= loop het, is oor en weer verneem of hulle na die dinee gaan. Teen drie-uur die middag was daar al 'n paar honderd mense voor die Stadsaal vergader. Om halfvier het mnr. Olivier die aanwesiges welkom geheet en dank betuig aan die Provinsiale owerhede wat die geld vir die bou van die Stadsaal geleen het. Die argitek en die bouaannemer is geloof vir die goeie werk wat hulle onderskeidelik gedoen het. Verder het hy die hoop uitgespreek dat die Stad= saal tot nut van die hele gemeenskap gebruik sou word en met blydskap ver= meld dat daar in die toekoms 'n plek in die dorp sou wees waar groot byeen= komste gereël kon word. Daarna is die deur oopgesluit en die deelnemers aan die dinee het die saal binne gegaan.

Binne was alles pragtig met blomme versier en die keurig gedekte tafels het 'n gesellige atmosfeer geskep, sodat die eerste deel van die ver= rigtinge baie aangenaam verloop het. Laat die middag is alles opgeruim en die saal in gereedheid gebring vir die geleentheid van die aand. By die ge= selligheid, wat die vorm van 'n dans aangeneem het, was nog meer mense teenwoordig. Ook die deel van die verrigtinge is baie geniet, sodat die Rus= tenburgers met genot kon terugdink aan die heuglike dag op 2 Desember 1913 toe die Stadsaal amptelik in gebruik geneem is.[10)]

9) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 14th October 1913 (Minute Book II).

10) Minutes Special Meeting, Rustenburg Village Council, d.d. 2nd December 1913 (Minute Book II). Vgl. ook Prinsloo: op.cit., p.32.



Tabaknavorsingstasie

Hierdie Stadsaal het Rustenburg tot in 1931 gedien toe dit deur 'n brand verwoes is. In 1932 is dadelik 'n begin gemaak met die oprigting van die nuwe Stadsaal en in 1933 was die saal, deur dieselfde bouaannemer, mnr. K. Heyne gebou, voltooi. Hierdie gebou doen vandag nog diens as Stadsaal van Rustenburg.[11)]

b. Uitbreidings en verbeterings

Die sewe jaar tussen 1911 en 1918 was vir Rustenburg 'n besondere besige uitbreidingstyd. Die eerste saak wat aandag geniet het, was die ver= betering van die strate. In 1913 was daar nog geen straat met 'n gruisopper= vlakte nie. Selfs Kerkstraat, een van die oudste en besigste strate, was nog vol slaggate en in reëntye is die strate omskep in modderpoele. Die bruggies oor die watervore was meesal lendelam en 'n gebrek aan deurlatings en or= dentlike afleivore vir stormwater het meegewerk dat 'n slordige indruk ge= skep is. Toe die Stadsaal byna voltooi was, het die Raad aan die opknapping van strate begin aandag skenk. In September 1913 is 'n aanvang gemaak om Kerkstraat te gruis en die afleivore langs die strate is van deurlatings voor= sien, sodat die stormwater nie in die strate moes afloop nie. Huiseienaars het kennis gekry om die bruggies oor watervore op te knap. Nadat die werk voltooi was, het die sentrale deel van die dorp daar baie beter uitgesien.[12)]

Die hoofstrate wat deur die dorp loop is ook verbeter. 'n Bedrag van R1,000 is gespandeer om die straat na Amandelnek, twee myl aan die weste= kant van die dorp, op te knap. In dieselfde jaar is R300 bestee aan die reg= maak van die straat na die proefplaas, terwyl R500 aangewend is om verbe= terings aan te bring aan die strate om die laerskool. In 1915 is 'n verdere bedrag van R2,400 uitgegee om Smitstraat, wat na die Rustenburgkloof lei,

11) Prinsloo: op.cit., p.32.

12) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 8th September 1913 (Minute Book II). Vgl. ook Verslag van die Works Committee, September 1913 (Minute Book II).

te gruis en reg te maak.[13)]

In 1915 is die verkeer onder beter beheer geplaas en regulasies op= gestel wat bepaal het dat voertuie wat na sononder in die dorp gebruik is van ligte voorsien moes wees. Geen voertuig sou toegelaat word om 'n halfuur na sononder sonder 'n lig voor en 'n waarskuwingslig van agter in die strate te reis nie.[14)]

Die Dorpsraad het in 1907 'n skenking van 150 morg grond aan die regering gemaak vir die oprigting van 'n tabakproefplaas.[15)] Dié navorsing= stasie het baie belangrike werk gedoen en die tabakboerdery was een van die vernaamste bronne van inkomste vir die dorp, en toe die regering in 1912 weer om 150 morge grond vra was die Raad gevolglik dadelik bereid om dit beskikbaar te stel. Die voorwaardè van die skenking was dat as die grond nie meer vir navorsing gebruik sou word nie dit weer die eiendom van die Dorpsraad sou word.[16)] Daar het egter nooit so 'n moontlikheid ontstaan nie want die tabaknavorsingstasie het baie uitgebrei en doen vandag nog uit= stekende werk vir die tabakboere.

Die grense van die dorp is opnuut in 1913 bepaal. 'n Komitee deur die Raad aangestel het die aangeleentheid goed ondersoek en by die Raad aan= beveel dat die grense moes bly soos deur landmeter Greathead in 1905 aan= getoon is. Die aanbeveling is eenparig aanvaar. Daarvolgens sou die dorps= grense strek van Groothoek, De Molen tot by Avondlust en sou dit die proef= plaas en al die skole insluit.[17)]


13) Minutes Works Committee, d.d. 12th October 1913, 9th December 1914 and 23rd January 1915 (Minute Book II).

14) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 23rd January 1915 (Minute Book II).

15) Kyk voetnoot 45 op p.129 hierbo.

16) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 12th July 1912 (Minute Book II).

17) Ibid., d.d. 14th October 1913.



Tabakbedding, Tabaknavorsingstasie

Alhoewel Rustenburg in 1913 'n biblioteek gehad het, was dit nog altyd in 'n gehuurde kamer gehuisves. Daarmee was die Biblioteekkomitee nie meer tevrede nie en derhalwe doen hulle in April 1913 aansoek om 'n erf om hulle eie gebou op te rig. Die Raad het egter die versoek geweier want hul= le het net burgerreg-erwe tot hulle beskikking gehad en was van mening dat die biblioteekdiens nog nie so uitgebrei het dat die skenking van so 'n erf ge= regverdig het nie. 'n Antwoord in dier voege is aan die Biblioteekkomitee gestuur.[18)]

In die volgende jaar wend die Biblioteekkomitee weer 'n poging aan om 'n eie vertrek vir die biblioteek te kry. Die keer vra hulle nie weer grond nie, maar versoek hulle die Raad om 'n paar kantore in die Stadsaal tot hulle beskikking te stel. Ook aan hierdie versoek kon die Raad nie vol= doen nie omdat hy self te min kantoorruimte gehad het.[19)] Die komitee was egter nie mense wat gou tou opgegooi het nie en in 1915 herhaal hulle die aan= soek om 'n erf. Die keer is hulle applikasie gunstig oorweeg en ontvang hul= le nie net 'n erf nie, maar boonop ook 'n skenking van R300 as bydrae tot die koste van die gebou wat hulle voornemens was om op te rig.[20)]

Rustenburg het in 1915 sy eerste bioskoop gekry. Die „Bioscope Ad= visory Board", 'n private liggaam van Johannesburg, het die Raad versoek of die „Board" bioskoopvertonings in die Stadsaal mag aanbied. Nadat die „Board" aangebied het dat hulle 'n waarborgdeposito van R30 sou betaal en dat voorsorgmaatreëls teen brandskade getref sou word, is die aansoek goed= gekeur. Die Stadsaal is aan B. Sterner, die eerste bestuurder van die bios= koop, teen 'n bedrag van R15 per maand verhuur terwyl hy ook toestemming gekry het om die klavier gedurende sy vertonings te gebruik.[21)]

18) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 11th April 1913 (Minute Book II).

19) Ibid., d.d. 16th June 1914.

20) Ibid., d.d. 10th August 1915.

21) Ibid., d.d. 9th December 1915.

Die Landbougenootskap wat in 1909 gestig is,[22] het so goed gevorder dat 'n groot tentoonstelling vir 1911 gereël is. Genl. J.B.M. Hertzog is by die geleentheid na Rustenburg genooi om die skou te open. Soos die gewoon= te destyds was, as 'n vername besoeker na die dorp gekom het, het 'n groot aantal persone die Generaal op die stasie ingewag. Met die aankoms van die trein is genl. Hertzog deur die Volksraadslid, mnr. P. Grobler, in Rusten= burg verwelkom as „een van de populairste voormannen in Zuid-Afrika."[23]

'n Hele optog het die Generaal na die skouterrein geleide gedoen waar hy, net soos vorige besoekers, baie beïndruk was deur wat hy gesien het. In sy toespraak bestempel hy Rustenburg dan ook as een van die vooruitstre= wendste landboudistrikte in die land.[24]

Die uitbreidingsmoontlikhede wat die Redakteur van De Volksstem in 1907 in Rustenburg opgemerk het,[25] is in die volgende paar jaar meer as bewaarheid geword. In 1916 het sake so druk verloop dat die Dorpsraad nie al hulle werksaamhede op gewone Raadsittings kon afhandel nie. Om daar= mee tred te hou, was hulle feitlik verplig om elke maand spesiale vergade= rings te hou. So moes daar in Januarie 1916 normaalweg net twee Raadsit= tings gewees het, maar nie minder as vyf vergaderings is gehou nie, waar= van drie spesiale sittings was om al die werk af te handel. Die uitbreidings het verder meegebring dat uitgawes ook baie gestyg het. Gevolglik was die Raad verplig om 'n lening van R1,000 aan te gaan om die ekstra koste te dek.[26]

In 1916 word pogings aangewend om elektriese krag te installeer. 'n Komitee bestaande uit raadslede J. Black, H. van der Merwe en A. Coetzee het opdrag ontvang om so 'n skema te ondersoek. Die Raad was haastig met hulle planne want die opdrag het gelui: „to consider seriously the adoption of

22) Kyk voetnoot 128 op p.152 hierbo.
23) De Volksstem, 26 Mei 1911: Berig oor besoek van genl. Hertzog.
24) Ibid.
25) Kyk voetnoot 48 op p.130 hierbo.
26) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 15th, 18th, 25th, 29th and 31st January 1916 (Minute Book II).

a speedy inauguration of a proper electric light scheme for the Town of Rus= tenburg". Daar was egter in die stadium 'n paar onoorkomelike probleme, soos die gebrek aan genoegsame opgeleide tegnici en die tekort aan die nodi= ge masjienerie, wat die aanbring van elektriese krag in Rustenburg in die wiele gery het. Voorlopig moes die hele skema laat vaar word tot in 1923 toe Rustenburg vir die eerste keer van elektriese krag voorsien is.[27)]

As die bedrywige program in die periode 1911 tot 1916 in Rustenburg nagegaan word, is dit duidelik dat die ou beskuldiging dat daar nie veel ge= beur nie en dat dit 'n doodse dorp is vir goed die nek ingeslaan was.

c. Hoër status


Die distriksdorpsraad van Rustenburg is in 1905 verhoog tot Dorps= raad met meer mag oor sakepersele en lisensies in die dorp.[28)] Dié be= stuursvorm is vir die volgende aantal jare behou. Toe die Rustenburgers egter in 1912 verneem het dat die Provinsiale Raad die „Local Government Draft Ordinance" aangeneem het, was hulle van mening dat dit 'n goeie ge= leentheid vir hulle was om verhoging van status vir hulle Dorpsraad aan te vra. Volgens die ordonnansie is die hele stelsel van plaaslike besture in heroorweging geneem. Daarin is bepaal dat Dorpsrade beheer moes kry oor hulle eie finansies en openbare geboue. So 'n kans kon die Rustenburgers nie laat verbygaan nie. Daarom doen hulle toe ook in Mei 1913 aansoek dat die Dorpsraad na 'n Stadsraad verhoog moes word. Sonder om egter redes te verskaf het die Provinsiale Raad hulle aansoek van die hand gewys.[29)]

Die pogings is egter nie laat vaar nie en 'n paar maande later in Ok=

27) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 16th September 1916. Vgl. ook Prinsloo: op.cit., p.33.

28) Kyk voetnoot 19 op p.122.

29) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 31st May 1913 (Minute Book II). Vgl. ook Votes and Proceedings of the Provincial Council, Se= cond Session (1911-1912) (Pretoria, Government Printer, 1912, p.43): Ordinance No. 6.



Pleinstraat. Rustenburg. 1913

tober van dieselfde jaar is hernude vertoë tot die Provinsiale Owerhede gerig. Die keer is ook nie net 'n brief geskryf nie, maar drie lede van die Raad, A. Olivier, W. Lategan en dr. G. Moorhead is na Pretoria afgevaardig om die saak te gaan stel. Hulle het egter ook niks uitgerig nie, en word sonder mo= tivering van die owerhede se kant meegedeel dat daar nie aan die versoek vol= doen kan word nie.[30)]

Gedurende 1914 is weer 'n paar keer probeer om die Dorpsraad se status verhoog te kry,[31)] maar ook sonder enige sukses en omdat die Raad so besig was in 1915 en 1916 is die pogings voorlopig laat vaar. Dit het voor= gekom of hulle eers alles in die dorp agtermekaar wou hê, voordat daar weer probeer sou word.

Teen die einde van 1916 is die saak weer in alle erns aangepak en wat was die verbasing en opgewondenheid groot toe die Raad vir die eerste keer 'n positiewe antwoord ontvang het. Hulle was al vir die laaste vier jaar so gewoond om maar net altyd te verneem dat die owerhede nog nie hulle weg oopgesien het om aan Rustenburg se versoek te voldoen nie dat die volgende antwoord as 'n verrassing vir hulle gekom het: „The Council's petition for additional Powers has been provisionally granted by the Administrator in Executive Committee."[32)] Alhoewel die aansoek maar voorwaardelik toege= staan is, was die Rustenburgers vol moed dat hulle eersdaags wel 'n vol= waardige munisipaliteit sou hê.

Daar is toe met groot ywer aan die werk gespring om hulle eie sake verder in orde te bring en alle gegewens gereed te hê as die owerhede in Pretoria meer besonderhede sou aanvra. 'n Landmeter het opdrag gekry om 'n nuwe kaart van die dorp op te stel waarop die strate, geboue, parke en

30) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 14th October 1913 (Minute Book II).

31) Ibid., d.d. 15th January and 25th May 1914 (Minute Book II). Vgl. ook Prinsloo: op.cit., p.25.

32) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 11th January 1917 (Minute Book II).

pleine duidelik aangetoon moes word. Verder is 'n volledige opgawe van al die inwoners van die dorp en distrik gemaak en die kieserlyste is nagegaan en op datum gebring.

Uit die ondersoek het dit geblyk dat Rustenburgdistrik 'n totale be= voling van 62,652 gehad het. Daarvan was 15,000 blankes, 46,600 bantoes en 448 gekleurdes. Die vermeerdering van blankes tussen 1911 en 1917 was 564, een van die hoogste blanke bevolkingsvermeerderings in die hele Trans= vaal. Met sulke insiggewende besonderhede tot hulle beskikking, is daar met vertroue op die volgende stap van die Provinsiale Owerhede gewag.[33)]

Intussen het die watervoorsiening uit die Dorpsrivier ook weer in ge= drang gekom. Die boere van die plaas Kafferskraal, wat in die noorde aan die dorpsgronde grens, het aanspraak op die water gemaak en beweer dat die dorpsbewoners geen reg daarop gehad het nie. Om die kwessie finaal op te los is die uitspraak van die Waterhof ingeroep. In Julie is die saak in Pre= toria verhoor. Namens die Dorpsraad het die Raad se prokureur, mnr. O. Penzhorn, en raadslid A. Coetzee verskyn. Die Hof is deur die twee here meegedeel dat sedert die ontstaan van die dorp in 1851 die inwoners nog altyd volle seggenskap oor die water van die Dorpsrivier gehad het en dat hulle aanspraak nog nooit deur die jare betwyfel is nie. Die inwoners van Kaffers= kraal kon ook geen servituut toon om hulle aanspraak te bevestig nie. Ge= volglik het die Waterhof ten gunste van die Dorpsraad beslis dat „all autho= rity and power of controlling, regulating, and distributing all the water ob= tained from the Dorp's River" by die Raad berus het.[34)]

Vroeg in Augustus 1917 het die Dorpsraad verneem dat die Adminis= trateur, mnr. J. Rissik, Rustenburg moontlik sou besoek en daarin het hulle 'n gulde kans gesien om die kwessie van verhoogde status onder sy persoon= like aandag te bring. Die Administrateur het op 7 Augustus na Rustenburg

33) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 16th October 1917 (Minute Book II). Vgl. ook Statistiek van de Bevolking, 1917 (Pretoria, Goewerne= mentsdrukker, 1919), p.6.

34) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 31st July 1917 (Minute Book II).

gekom om die Munisipale kongres, wat vir die eerste keer op die dorp gehou is, te open. In sy toespraak het hy as volg na Rustenburg verwys: „Rustenburg is too important a place for a Village Council and should be proclaimed a Town Council."[35] Sulke woorde wou die Rustenburgers graag baie lankal verneem het. Gelukkig vir hulle het die Provinsiale Raad met die tweede sitting van 1918 weer nuwe ordonnansies i.v.m. munisipaliteite uitgevaardig. Daarvolgens is heelwat wysigings in vorige bepalings aangebring. Daar is neergelê hoe verkiesings gehou moes word, hoe dorpe in wyke ingedeel moes word en wie sou kwalifiseer as kiesers in wyke. Die belangrikste van alles was egter dat volgens die ordonnansie Rustenburg se Dorpsraad tot 'n Stadsraad verhoog is.[36]

Uiteindelik is die Rustenburgers se pogings met sukses bekroon. Op 18 April het die Dorpsraad vir die laaste keer byeengekom om die kennisgewing van die Provinsiale Owerhede te bespreek. Dit was egter net 'n blote aanvaarding van munisipale status.[37] Op 'n spesiale vergadering wat op 3 Mei gehou is, is H.N.J. van der Merwe eenparig as die eerste burgemeester gekies en W. Herzfeld is aangewys as onderburgemeester. Ander lede van die Raad was A.P. Olivier, H.J. Coetzee, O. Huxtable, J.B. Dobie, W. Lategan, J. Black en N.L. Gauldie. Nadat dié voorlopige werksaamhede afgehandel was, het die Stadsraad verdaag.[38]

So het die tweede oudste dorp in Transvaal vanaf 1851 van Kerkplaas na volwaardige Stadsraad ontwikkel. Waar daar aan die begin slegs twee huise in die hele dorpsgebied was, was byna 1,000 huise in 1918 in dieselfde

35) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 16th August 1917 (Minute Book II).

36) Ibid., d.d. 18th April 1918. Vgl. ook Provincie Transvaal: Notulen van de Provinsiale Raad. Tweede Sessie (1918) (Pretoria, Goewermentsdrukker, 1920): Ordonnansies 7, 8, 9 en 14 en De Provincie Transvaal: Officiele Koerant No.445, d.d. 10 Julie 1918, artikels 1-6.

37) Minutes Rustenburg Village Council, d.d. 18th April 1918.

38) Minutes Special Meeting, Rustenburg Town Council, d.d. 3rd May 1918 (Minute Book II).

area opgerig. Na 'n bestaan van 27 jaar het die voorkoms van die dorp ook heeltemal verander. Netjies gegruisde strate het die ou plaas- en veldpaaie vervang. Die pragtige natuurskoon en inheemse plantegroei is waar moontlik behou. Wildevy, Karee en Soetdoring het oral gepryk, terwyl die tuine, aan=gelegde parke en die sierlike rye bome langs die strate die natuur mooi aan=gevul en 'n netjiese indruk geskep het.

Die Stadsaal en die Nederduits-Gereformeerde Kerk was die vernaam=ste geboue aan die oostekant van die dorp, terwyl die kerkgeboue van die Ge=reformeerde en Hervormde Kerk meer sentraal geleë was. Langs die hoof=straat was drie hotelle en twee banke en meer na die weste was Otterman se meul en die fabriek van die United Tobacco Co. Aan die noordekant van die dorp was die stasie, die Lemoenpakhuis en die M.K.T.V.-gebou.

In die middedorp aan weerskante van Plein-, Kerk-, Van Staden en Burgerstraat was oral winkels, apteke, slaghuise, en kantore vir prokureurs en agente opgerig. Die Magistraatskantoor was die vernaamste regerings=gebou en die Poskantoor was in 1918 ook al in 'n stewige gebou gehuisves. Die Polisiekantore was egter in dié jaar nog in tydelike barakke van hout en sink gevestig. Rustenburg het 'n netjiese indruk geskep en veral die geboue van die tabakfabrieke, die Lemoenpakhuis en die M.K.T.V. het getuig van voorspoed en welvaart in die dorp.

## Hoofstuk 9

## SAMEVATTING

In 1850 was Potchefstroom die vernaamste dorp in Transvaal. Dit was die kerklike en politieke byeenkomplek van die grootste gedeelte van die Voortrekkers wat hulle noord van die Vaalrivier gevestig het. Ook die in= woners van die Magaliesbergstreek moes tot in dié jaar gereeld na Potchef= stroom reis vir nagmaal- en kerkdienste. Omdat die afstande so groot en die vernaamste vervoermiddel die ossewa was, het 265 persone onder lei= ding van kmdt.-genl. A.W.J. Pretorius in Januarie 1850 by die Volksraad aansoek gedoen dat daar in die Magaliesberg-omgewing 'n kerkplaas gestig moes word. Die Volksraad het die versoek toegestaan en aan die begin van 1851 is die Kerkplaas op die twee plase Kafferskraal en Witpensfontein aan die noordelike voet van die Magaliesberg aangelê.

Die Kerkplaas het binne die eerste jaar tot die dorp Rustenburg ont= wikkel met P.J. van Staden as landdros. Naturelleonluste en die uitbreek van malariakoors het die eerste klompie bestaansjare bemoeilik, maar die probleme is te bowe gekom en na 'n dekade was Rustenburg al 'n gevestigde dorp met vyftig huise, 'n paar winkels en twee kerke, nl. die Nederduits Hervormde en die Gereformeerde Kerk.

Rustenburg was reeds vroeg in sy bestaan die toneel van belangrike gebeurtenisse in die geskiedenis van Transvaal want in 1852 het die versoe= ning tussen A.H. Potgieter en A.W.J. Pretorius daar plaasgevind. By die= selfde geleentheid is die Sandrivierooreenkoms deur die Volksraad bekragtig. Dit het beteken dat 'n gedeelte van die Transvaalse inwoners daar tot 'n staat= kundige eenheid saamgevoeg is. Sewe jaar later, in 1859, is te Rustenburg nogmaals 'n belangrike mylpaal in die politieke ontwikkeling van Transvaal bereik toe die Lydenburgse Republiek tot samewerking met die res van Trans= vaal tot stand gekom het.

Vanaf 1860 het daar 'n geleidelike groei en ontwikkeling plaasgevind. Omdat die watervoorsiening, klimaat en grond besonder geskik vir saai- en veeboerdery was, het Rustenburg tot een van die beste landboudistrikte in die Suid-Afrikaanse Republiek ontwikkel. Dit het so goed met die verskillende vertakkings van die boerdery gegaan dat in 1866 'n behoefte tot beter koördi= nering en samewerking ontstaan het. Gevolglik is die „Land en Emigratie Maatschappy" gestig. Behalwe die verbouing van mielies, koring, tabak en lemoene het Rustenburg die voordeel gehad dat ook koffie, suiker en katoen daar met sukses verbou is. Daar was trouens sterk sprake dat koffie en sui= ker op so 'n groot skaal in Rustenburg geproduseer kon word, dat die invoer van die produkte heeltemal uitgeskakel sou kon word. Sodoende sou Rusten= burg 'n belangrike bydrae kon lewer om Transvaal ekonomies onafhanklik van die Britse Kolonies in Suid-Afrika te maak.

Wantroue in die bestuur van president T. F. Burgers het in Rustenburg, net soos in die res van Transvaal, 'n groot mate van politieke onstabiliteit in 1877 in die hand gewerk. Die gevolg daarvan was dat toe Shepstone Trans= vaal geannekseer het, daar verdeeldheid geheers het. 'n Gedeelte van die Rustenburgers, waaronder ook die Landdros, het Shepstone se stap verwel= kom. Aan die ander kant was daar egter die getroue Republikeinsgesindes wat nie bereid was om by Groot-Brittanje ingelyf te word nie. Toe die Eerste Vryheidsoorlog uitgebreek het, het die Rustenburgers die Engelse tot op die laaste beveg. Die onderskeiding het hulle in die oorlog te beurt geval dat deur die vindingrykheid van een van hulle burgers, Tienie Ras, hulle die Engelse met 'n selfgemaakte kanon bestook het.

Die periode tussen die twee Vryheidsoorloë het in Rustenburg groot uitbreidings meegebring. Talle nuwe woonhuise is gebou, 'n bank en twee hotelle is opgerig, benewens meer winkels wat tot stand gekom het. Dit het egter nie altyd voorspoedig gegaan nie. Die ellende wat met die uitbreek van die runderpes gepaard gegaan het, het Rustenburg ook getref sodat duisende stuks vee in die distrik gevrek het en die bevolking baie verarm is. Hulle was nog nie eens heeltemal van die ramp herstel nie, toe Rustenburg deur 'n

kwaai uitbreking van malariakoors geteister is. Dit het so erg gegaan dat hulp van die Rand, Pretoria en ander Transvaalse dorpe verkry moes word. Die probleme is egter te bowe gekom en die lewe kon daarna normaalweg voortgaan.

'n Belangrike gebeurtenis uit die periode was dat een uit hulle eie geledere, S.J.P. Kruger, in 1883 tot president verkies is en dat hy die pos tot met die ondergang van die Zuid-Afrikaansche Republiek beklee het.

Die Rustenburgse kommando onder kmdt. P.S. Steenekamp het met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog na die wesfront by Mafeking vertrek. Daar het die eer hulle te beurt geval om aan die heel eerste geveg van die oorlog by Kraaipan op 12 Oktober 1899 deel te neem. Nadat genls. De la Rey en Cronje na ander gevegsterreine vertrek het, is die beleëring van Mafeking aan hulle oorgelaat. Saam met die Maricokommando het hulle daar onder genl. Snyman tot in Mei 1900 gebly.

Nà die deurbraak van die Britse magte aan die Wesfront het die kom= mando na die gebied tussen Rustenburg, Krugersdorp en Pretoria verskuif waar hulle onder genl. De la Rey se bevel ingedeel was. Daar het hulle aan verskeie gevegte, soos die bekende slag van Doornkop en Nooitgedacht deel= geneem. Dit was feitlik al vrede en die onderhandelings tussen die Boere en Engelse aan die gang toe hulle nog steeds in die veld was. Trouens hulle was in een van die laaste veldslae van die oorlog betrokke naamlik dié van Roode= wal op 11 April 1902.

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is plase en huise deur die Engel= se verwoes en afgebrand. Hierdie lot het Rustenburgdistrik ook getref, sodat min plaashuise na die oorlog bewoonbaar was. Die dorp wat deur die Britse magte beset is, is nie verwoes nie en die dorpsbewoners het darem nie nodig gehad om alles weer van nuuts af op te bou nie.

Die Landdros en Heemrade wat van die ontstaan van Rustenburg in 1851 af vir die plaaslike bestuur verantwoordelik was, het na 1902 heeltemal van die toneel verdwyn en die Britse stelsel is ook in Rustenburg ingevoer. Die eerste stadia in die ontwikkeling van die stelsel het redelik vinning plaas=

gevind van 1902 tot 1905. Dit het egter van 1905 tot 1918 geduur voordat die Dorpsraad tot 'n volwaardige Stadsraad verklaar is.

Die vernaamste kenmerk in die geskiedenis van Rustenburg tussen 1902 en 1918 was die snelle ontwikkeling van die tabaknywerheid. 'n Rege= ringsproefplaas en 'n navorsingstasie het van regeringsweë tot stand gekom, terwyl drie tabakmaatskappye hulle fabrieksondernemings in Rustenburg ge= open het. Die tabakboere was self ook baie bedrywig en het in 1909 die flo= rerende M.K.T.V. gestig.

Dit was nie net die tabakplanters wat tot 'n hegte eenheid georganiseer was nie, maar die sitrusboere het 'n jaar van te vore, in 1908, ook op koöpe= ratiewe grondslag begin saamwerk en die Koöperatiewe Lemoenpakhuis in die lewe geroep.

In Rustenburg was die boere nie net bewus van die leuse „Eendrag maak Mag" nie, maar daar is dit ook in die praktyk gebring. Behalwe die twee koöperasies hierbo vermeld, het daar in die periode ook nog die Koöpe= ratiewe Produkte Vereniging tot stand gekom. Die leuse op die dorpswapen „Unitas" is dus heel van pas.

Teen 1918 was Rustenburg een van die vooruitstrewendste landbou= distrikte in die land. Ekonomiese voorspoed het daar gepaard gegaan met politieke eensgesindheid. Dit was een van die weinige kiesafdelings in die land waar beide die volksraadslid en provinsiale raadslid in 1910 sonder eni= ge opposisie as verteenwoordigers aangewys is.

Ook op onderwysgebied is daar van 1851 tot 1918 baie goeie vordering getoon. Die dorpskool het van 'n sukkelende bestaan gedurende die eerste 20 jaar tot 'n groot skool met 'n hoër afdeling ontwikkel, terwyl plaasskole wat in die vroeë jare deur die kerke aan die gang gehou is so uitgebrei het dat daar feitlik op elke plaasomgewing in 1918 'n goewernementskool was.

Teen 1918 was Rustenburg 'n goed gevestigde dorp en die middelpunt van 'n baie groot distrik met 'n gevestigde bevolking.

# BIBLIOGRAFIE


## I. ARGIVALE BRONNE

### A. Ongepubliseerd

1. Argief Aktekantoor Pretoria:
   Aktes No.897/1908 Rustenburg, Boek I.

2. Argief Barclays Bank, Rustenburg:
   Register of Accounts opened, Book I.

3. Argief Gereformeerde Kerk, Potchefstroom:

   a. Algemene Kerkvergaderings van die Gereformeerde Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek, Boek I.

   b. Ds. D. Postma: Journaal vanaf myn afscheid van de Gemeen= te Zwolle, Maart 1958.

4. Argief M.K.T.V., Rustenburg:
   Notuleboek I.

5. Argief Nederduits Hervormde Kerk, Pretoria:
   Notule van die vergaderings van die Rustenburgse Kerkraad.

6. Argief Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, Pretoria:

   a. Notule van die Rustenburgse Gemeentevergaderings, Boek I.

   b. Notule van die Rustenburgse Kerkraadsvergaderings, Boek I.

7. Argief Paul Kruger-Gedenkhospitaal, Rustenburg:
   Notuleboek I.

8. Argief Rustenburg Goevernementskool:

   a. Admission Register Rustenburg School.

   b. Log Book Rustenburg School.

9. Argief Rustenburgse Koöperatiewe Lemoenpakhuis:

   a. Letter Book II.

   b. Minute Book I.

10. Argief Rustenburgse Munisipaliteit:

    a. Minutes Rustenburg Health Board.

    b. Minutes Rustenburg Town Council.

    c. Minutes Rustenburg Urban District Board.

d. Minutes Rustenburg Village Council.

e. Reports Rustenburg Finance and General Purposes Committee.

f. Reports Rustenburg Health Committee.

g. Reports Rustenburg Works Committee.

11. Argief Standard Bank, Rustenburg:
Register of Powers of Attorneys of Administration and Mandates.

12. Staatsargief, Pretoria:

a. Lautsversameling.

b. Notules van die Volksraad van die Z.A.R.

B. <u>Gepubliseerd</u>

1. Kotze, J.G. en Jeppe, J.F.: De Locale Wetten der Zuid-Afri= kaansche Republiek, 1849-1885, Pretoria, 1887.

2. Krüger, D.W.: Inleiding tot die geskiedenis van dorpe en stede (ongepubliseerde manuskrip, s.j.).

3. Executive Council Minutes, 1905-1908.

4. Minutes Transvaal Legislative Council, 1903-1908.

5. Provincial Council: Votes and Proceedings.

6. Provinciale Raad, Transvaal: Notulen 1912-1918.

7. Statistiek van de Bevolking, 1917, Pretoria.

8. a. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, No.I: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), deel I (1844-1850). Afgeskryf, toe= gelig en persklaar gemaak deur J.H. Breytenbach, M.A., D.Phil., Staatsdrukker, s.j.

b. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, No.2: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), deel II (1851-1853). Afgeskryf, toegelig en persklaar gemaak deur J.H. Breytenbach, M.A., D.Phil., Staatsdrukker, s.j.

c. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal No.3: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), deel III (1854-1858). Afgeskryf, toege= lig en persklaar gemaak deur J.H. Breytenbach, M.A.,D.Phil, Staatsdrukker, s.j.

d. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, No.4: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), deel IV (1859-1863). Afgeskryf, toegelig en persklaar gemaak deur J.H. Breytenbach, M.A., D.Phil, Staatsdrukker, s.j.

e. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, No.5: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), deel V (1864-1866). Afgeskryf, toegelig en persklaar gemaak deur J.H. Breytenbach, M.A., D.Phil en D.C. Joubert, M.A., Staatsdrukker, s.j.

f. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, No.6: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), deel VI (1866-1867). Afgeskryf, toege= lig en persklaar gemaak deur J.H. Breytenbach, M.A., D.Phil., Staatsdrukker, s.j.

g. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal No.7: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), deel VII (1867-1868). Afgeskryf, toe= gelig en persklaar gemaak deur D.C. Joubert, M.A., Staatsdrukker, 1966.

9. Transvaal Colony: Census, 1904.

10. Transvaal Colony: Proclamations 1900-1902.

11. Union of South Africa Government Gazette.

II. KOERANTE EN TYDSKRIFTE

1. De Volksstem

2. De Zuid-Afrikaan

3. Die Huisgenoot

4. Die Rustenburg Herout

5. Historia

6. Libertas
7. Rand Post
8. Staatscourant
9. The Star
10. The Transvaal Argus
11. The Transvaal Leader
12. The Transvaal Times
13. Transvaal Observer

III. ONGEPUBLISEERDE VERHANDELINGE EN PROEFSKRIFTE

1. Erasmus, F.W.L.: Ds. Dirk van der Hof. 'n Kritiese beoorde= ling van sy werksaamhede in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Univer= siteitskollege vir C.H.O., 1950).

2. Haasbroek, D.J.P.: Geskiedenis van Potchefstroom 1838-1881 (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Uni= versiteit vir C.H.O., 1955).

3. Oosthuizen, J.: Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vry= heidsoorlog (ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, Potchefstroom= se Universiteitskollege vir C.H.O., 1949).

4. Schutte, P.J.: 'n Beredeneerde gesamentlike katalogus van Groenboeke van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ongepubli= seerde M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1966).

5. Snyman, J.J.: 'n Histories-kritiese studie van die Smuts-Onder= wyswet van 1907 (ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Potchef= stroomse Universiteit vir C.H.O., 1951).

6. Van der Merwe, J.L.: Die geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys in Rustenburg (1840-1945) (ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1945).

## IV. GEDENKUITGAWES

1. Engelbrecht, S.P.: Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rus= tenburg 1850-1951. (Uitgegee deur die Kerkraad van Rusten= burg, s.j.)

2. Pelzer, A.N. en Prinsloo, N. (red.): Die Rustenburgse Eeufees= gedenkboek. (Uitgegee deur die Stadsraad van Rustenburg, s.j.)

3. Steenkamp, F.J.L. (red.): M.K.T.V. Vyftigjarige Jubileum, 1909-1959. (Uitgegee deur die M.K.T.V. Rustenburg, s.j.)

4. Du Toit, F.G.M.: Oorsig van die wording en groei van die Ned. Herv. of Geref. Gemeente Rustenburg. (Uitgegee deur die Kerkraad, s.j.)

5. Gedenkuitgawe van die Gereformeerde Gemeente Rustenburg 1859 -1959. (Uitgegee deur die Gereformeerde Kerk, s.j.)

## V. SEKONDÊRE WERKE

Agar-Hamilton, J.A.I.: A Transvaal Jubilee, S.P.C.K., London, 1928.

Amery, L.S.: The Times History of the War in South Africa 1899-1902, IV & V, Sampson Low, Marston and Co., London, 1906.

Bot, A.K.: Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal 1836-1951, Goevernementsdrukker, Pretoria, 1951.

Bredell, H.C. en Grobler, P.G.W.: Gedenkskrifte van Paul Kruger (vertaal deur J.M. de Lange en dr. J. Ploeger), Van Schaik, Pretoria, 1947.

Breytenbach, J.H.: Die Tweede Vryheidsoorlog, Nasionale Pers, Kaapstad, 1949.

Breytenbach, J.H. (red.): Gedenkalbum van die Tweede Vryheids= oorlog, Nasionale Pers, Kaapstad, 1949.

Burgers, T.F.: Schetzen uit de Transvaal, Van der Sandt en De Vil= liers, Kaapstad 1872.

Cornwallis-Harris, W.: Wild Sports of Southern Africa, John Murray, London, 1839.

Coetzee, J.Chr.: Onderwys in Transvaal 1838-1937, Van Schaik, Pretoria, 1903.

Conradie, F.D.: Met Cronje aan die Wesfront (1899-1900), Nasionale Pers, Kaapstad, 1943.

Denison, C.G.: A Fight to a finish, Longmans Green, London, 1904.

De Wet, C.R.: De Stryd tusschen Boer en Brit, Höveker en Wörmser, Amsterdam, 1903.

Engelbrecht, S.P.: Die geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika, J.H. de Bussy, Pretoria, 1936.

Engelbrecht, S.P.: Thomas Francois Burgers, 'n Lewenskets, J.H. de Bussy, Pretoria, 1933.

Eybers, G.v.W.: Select constitutional Documents Illustrating South African History 1795-1910, Routledge & Sons, London, 1918.

Hintrager, O.: Geschichte von Süd-Afrika, R. Oldenburg, München, 1952.

Jooste, J.P.: Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959, Gereformeerde Kerk, Potchefstroom, 1958.

Kemp, J.C.G.: Vir Vryheid en Reg, Nasionale Pers, Kaapstad, 1941.

Kirby, P.R.: Dr. Andrew Smith's Diary, Van Riebeeck Society, Kaapstad, 1939.

Kritzinger, P.H. en MacDonald, R.W.: In die skaduwee van die Dood, Nasionale Pers, Kaapstad, 1939.

Krüger, D.W.: Baanbrekers van die Noorde, S.A.U.K., Johannes= burg, 1959.

Krüger, D.W.: Paul Kruger I, Dagbreek-Boekhandel, Johannesburg, 1961.

Leyds, W.J.: De Eerste Annexatie van de Transvaal, De Lange, Amsterdam, 1906.

Lombard, P.S.: Uit die Dagboek van 'n Wildeboer (saamgestel deur mev. A.M. Jackson), sonder uitgewer, s.j.).

Lugtenburg, A.H.: Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afri= kaanse Republiek, Van Schaik, Pretoria, 1925.

MacDonald, T.: The Transvaal Story, Timmins, Kaapstad, 1961.

Malherbe, E.G.: Education in South Africa 1652-1922, Juta, Kaapstad, 1925.

Muller, C.H.: Oorlogsherinneringe, Nasionale Pers, Kaapstad, 1936.

Otto, J.C.: Die Konsentrasiekampe, Nasionale Pers, Kaapstad, 1954.

Postma, M.M. (samesteller): Stemme uit die Vrouekampe, sonder uitgewer, s.j.

Potgieter, F.J.: Die vestiging van Blankes in Transvaal 1837-1886. (Argief Jaarboek vir S.A.-Geskiedenis, Jaargang 21, deel II.

Reitz, D.: Kommando. 'n Dagboek uit die Engelse Oorlog, A.C. White, Bloemfontein, s.j.

Seidel, A.: Transvaal. Allgemeine Verein für Deutsche Literatur, Berlin, 1898.

Small, J.L.: Monuments and Battlefields of the Transvaal War 1881 and the South African War 1899, Howard Timmins, Kaapstad, 1966.

Spoelstra, B.: Die „Doppers" in Suid-Afrika 1760-1899, Nasionale Pers, Kaapstad, 1963.

Spoelstra, C.: Het kerkelyke en godsdienstige leven der Boeren van den Grooten Trek, (Kampen) Kok, Kaapstad, 1905.

Thompson, L.M.: The Unification of South Africa 1902-1910, Oxford University Press, London, 1960.

Van Oordt, J.F.: Paul Kruger en die opkomst van de Zuid-Afrikaan= sche Republiek, H.A.U.M., Kaapstad, 1898.

Weeber, E.J.: Op die Transvaalse Front, Nasionale Pers, Kaapstad, 1942.

Wichmann, F.A.F.: Die Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaan= sche Republiek 1838-1860. (Argief Jaarboek vir S.A.-Geskie= denis, Jaargang 4, deel II, 1941.